

# NEO - CALVINISME —

VERBASTERING  
OF REGTE ONTWIKKELING?

DEUR

Ds. J. V. COETZEE

*Predikant van die Geref. Gemeente Potchefstroom.*



Prys 3s.

TB  
284.268  
COE

# Neo-Calvinisme

Verbastering  
of regte ontwikkeling

**DEUR**

**Ds. J.V. Coetzee**

Predikant van die Geref. Gemeente Potchefstroom



## **Elektroniese weergawe**

In hierdie teks word die oorspronklike bladsynommers soos volg aangedui: [xx].

## Inhoud

<b>Hoofstuk 1.....</b>	<b>4</b>
STAND VAN DIE KWESSIE .....	4
<b>Hoofstuk 2.....</b>	<b>9</b>
ONTLEDING VAN DIE BEWERINGS VAN PROF. ENGELBRECHT.....	9
<b>Hoofstuk 3.....</b>	<b>12</b>
DR. A. KUYPER EN DIE GEREFORMEERDES OOR SKRIF EN BELYDENIS .....	12
<b>Hoofstuk 4.....</b>	<b>18</b>
PROF. ENGELBRECHT AS INFORMANT OOR CALVINISME .....	18
<b>Hoofstuk 5.....</b>	<b>22</b>
AKKOORD VAN KERKELIKE GEMEENSKAP.....	22
<b>Hoofstuk 6.....</b>	<b>29</b>
"BANT VAN EENICHEIT" .....	29
<b>Hoofstuk 7.....</b>	<b>37</b>
VRYHEID VAN EKSEGESE EN LEERVRYHEID.....	37
<b>Hoofstuk 8.....</b>	<b>46</b>
BEWEERDE INDEPENDENTISME .....	46
<b>Hoofstuk 9.....</b>	<b>51</b>
SLOT .....	51

## [1] Hoofstuk 1

### STAND VAN DIE KWESSIE

In "Die Hervormer" — die offisiële orgaan van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika — is Prof. Dr. Engelbrecht van die fakulteit van Teologie van die Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria besig om in 'n reeks artikels die Nederl. Geloofsbelidens te verklaar.<sup>1</sup> Telkens het hy dit nodig gevind om die Gereformeerde rigting wat hy by voorkeur bestempel as "Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek" te lyf te gaan en af te kam as verbastering van die egte, gereformeerde waarheid.

Was dit nou iemand anders wat geskrywe het soos Prof. Engelbrecht gedoen het, dan sou ons maar geswyg het en aangeneem het dat die persoon onkundig is en nie weet wat hy doen nie. Maar nou dat dit 'n geagte professor is, belas met die opleiding van predikante vir die Ned. Hervormde Kerk, en aangeneem mag word dat SyHooggel. sy studente aangaande die sgn. "Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek" op dieselfde manier inlig as wat hy die algemene publiek van die Hervormde Kerk in Suid-Afrika ingelig het, mag ons die bewerings van Prof. Engelbrecht nie onweerspreek laat bly nie. En as dit dan uit hierdie geskrif duidelik word dat Prof. Engelbrecht, in sy begeerte om die "Neo-Calvinisme" te bestry, homself by herhaling <sup>[2]</sup> skuldig gemaak het aan oortreding van die negende gebod, dan is onsself daar baie jammer oor en sou ons hom dit graag wou gespaar het, maar dan het hy dit alleen aan homself te dank.

By die behandeling van art. 5 van die Geloofsbelidens in "Die Hervormer" van 21 Januarie 1943, skrywe Prof. Engelbrecht: "Omdat hierdie boeke (nml. die kanonieke *Bybelboeke* nie boeke van mense is nie maar boeke van God, daarom is dit kanoniek, d.w.s. dit is 'n maatstaf, 'n rigsnoer, 'n vorm waarna ons ons geloof moet reël. Die belydenis van die kerk moet hom op daardie Skrifte grond en moet sy bevestiging daarvan kry. Die Skrif moet altyd die maatstaf en die grond van ons geloof en belydenis bly, soos ook baie duidelik in art. 1 van onse Kerkwet uitgespreek word. 'n Mens kan dit nie genoeg sê nie en die gemeente se aandag kan nie genoeg hierop gevestig word nie. Maar nou sal iemand miskien antwoord: maar waarom tog? Niemand twyfel tog daaraan dat die Skrif die grond van die belydenis vorm nie? Helaas, was dit maar waar! Al te dikwels sien ons maar weer dat probeer word om die Skrif ooreenkomstig hierdie of daardie belydenis uit te lê, of om 'n bybelverklaring ooreenkomstig hierdie of daardie belydenis te gee. In so 'n geval word die saak net omgedraai en die belydenis word as kanon, as maatstaf, as reël vir die geloof gestel, ook by die uitlegging van die Skrif. Die belydenis is sodoende meer as die Skrif. Ons verskil in hierdie opsig dan ook radikaal van Dr. Kuyper en die Neo-Calvinisme wat die belydenis maak tot 'n "accoord van kerkelike gemeenschap". Die belydenis is volgens daardie opvatting die maatstaf, die kern, waaromheen die verskillende gemeentes hulle groepeer. Dr. Kuyper is hierin in Holland dan ook tereg bestry deur manne as Dr. Kleyn, Dr. Hoedemaker, Dr. Gunning, Dr. A. W. Bronsveld en ook deur onse Prof. P. J. Muller. Toe Ds. H. S. Bosman in 1889 die stelling uitgespreek het: "Ik versta de Sctirift in den zin waarin de gezuiverde kerk aller eeuwen die verstand, en dus overeenkomstig de drie Formulieren van Enigheid", het Ds. M. J. Goddefroy met krag daarteen opgekom en <sup>[3]</sup> dit "zuiver Roomsch" genoem, want Rome lees die Skrif in die lig van die belydenis, maar die Hervormde Kerk lees die belydenis in die lig van die Skrif. Die woord van die Kerk is dan ook nie die gesaghebbende woord nie, maar die woord van die Skrif is dit. Laat ons ons dan ook hou aan die standpunt van artikel 1 van ons Kerkwet: die kerk grond hom op die Skrif waarin

<sup>1</sup> [1] Hierdie reeks is ondertussen gestaak. My vriend, Ds. J. G. M. Dreyer, redakteur van "Die Hervormer", het aan my meegeedeel dat hy nog nie weet of en wanneer Dr. Engelbrecht verder sal gaan met die behandeling van die Nederl. Geloofsbelidens nie. Volgens sy medeöeling het die geagte prof. ondertussen verdiep geraak in die oprigting van 'n nuwe teologiese tydskrif, nml. Hervormde Teologiese Studies, waarvan die eerste nummer onlangs verskyn het. Ook was SyHooggel. gedurende 1943 oorwerk sodat hy toe die verdere behandeling van die Konfessie in "Die Hervormer" gestaak het.

*die Woord van God tot ons spreek, en nadat die kerk daardie Woord beluister het, spreek hy sy eie woord, die belydenis. Die belydenis is die woord van die kerk wat alleen dan gespreek mag word as die Woord van God in die Skrif gehoor is. Die kerk grond sy woord op die Skrif en bevestig dit met die Skrif, want alleen die Skrif is heilig en kanoniek." (Kursivering van ons, J.V.C.)*

In "Die Hervormer" van 21 Maart 1943, het Prof. Engelbrecht art. 7 van die Geloofsbelijdenis bespreek waarin die Geref. Kerke belijdenis doen van die volkomenheid van die heilige Skrif om alleen die reëel van die geloof te wees. In hierdie stuk laat Prof. E. homself weer as volg uit: *"Op 'n vorige keer het ons daarop gewys dat die Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek ernstig dwaal waar dit die Skrif volgens die Belydenis wil uitlê, want die Woord van God mag nie volgens die woord van mense, hoe heilig hulle ook al was, uitgelê word nie. Die wat wil ontken dat die Neo-Calvinisme dit doen, verwys ons na die praktyk van die Neo-Calvinisme. Verder na 'n woord van Prof. V. Hepp, een van die grootmeesters van die Neo-Calvinisme. Hy verhaal op bls. 19 van sy brosjure "Diagnose" in die reeks "Dreigende Deformatie" met instemming dat Irenaeus met krag die standpunt verdedig het dat die Bybel na die reëel van die geloof, d.w.s. "het door de traditie geïnterpreteerde doopsymbool" verklaar moes word. M.a.w., Prof. Hepp gaan akkoord met Irenaeus om die Skrif in die lig van die tradisie te verklaar. Hierdie standpunt van Irenaeus het gemaak dat die kerk so verdorwe en ontaard geraak het dat die Hervorming nodig geword het. Zwingli sê dan ook reeds in die eerste artikel, Zurichse stellings van 1523, dat hulle wat sê dat die Evangelie niks is sonder die goedkeuring van die kerk [4] nie, dwaal. Dit is die standpunt wat Zwingli en die ander Hervormers lynreg teen die standpunt van Irenaeus en die Roomse Kerk ingeneem het. Prof. Hepp en die Neo-Calvinisme is op hierdie punt dan ook lynreg in stryd met art. VII van die Belydenis."* (Kursivering van ons, J.V.C.)

In "Die Hervormer" van 21 Mei 1943, het ons toe met sitate uit die geskrifte van wyle Dr. A. Kuyper self aangetoon dat Dr. Kuyper in verband met Skrif en belydenis nooit geleer het wat Dr. Engelbrecht hom verkeerdelik toegedig het nie en duidelik laat uitkom dat Dr. E. vir Prof. Dr. Kuyper gevoelens in die skoene geskuif het wat deur Kuyper beslis verwerp is.

Op hierdie weerlegging van wat hy geskrywe het, het Prof. E. toe in dieselfde no. van "Die Hervormer" die volgende gepubliseer:

*"Hiermee (d.w.s. met wat Prof. E. beweer het in die bostaande aanhaling uit die blad van 21 Januarie 1943) het ek niks anders gesê nie as dat dit verkeerd en onskriftuurlik is om die Bybel volgens hierdie of daardie belydenis te verklaar, soos dikwels gedoen word. En omdat dit verkeerd is, word die standpunt van Dr. Kuyper en die Neo-Calvinisme wat die belydenis tot 'n "accoord van kerkelike gemeenschap" maak, afgekeur. M.a.w., as mens die belydenis tot 'n "accoord van kerkelike gemeenschap" maak, loop mens gevaar om in die onskriftuurlike euwel te verval om die Bybel in die lig van die Belydenis te gaan verklaar. In "Die Hervormer" van 22 Maart het ek dan ook na die Neo-Calvinistiese praktyk verwys, en na Prof. Hepp wat met instemming aanhaal dat Irenaeus gesê het dat die Skrif volgens die reëel van die geloof, d.w.s. volgens die tradisionele uitlegging van die doopsimbool verklaar moes word. So iets is in stryd met die Reformatoriële skrifbeskouing. Die Hervormers het die Roomse standpunt van 'n skrifverklaring volgens 'n tradisie met nadruk verwerp. Ek het toe ook verskillende aanhalings uit die klassieke geskrif van Ds. M. J. Goddefroy "De Kerkwestie niet een Leer- maar een Levenskioestie", gegee, waarin hy teen hierdie Neo-Calvinistiese opvatting [5] waarsku, en dit benadruk dat dit nie die standpunt van die Hervormde Kerk is nie."* (Kursivering van ons, J.V.C.)

(Die leser sal wel opmerk dat Prof. E. van front verander. Waar hy eers beweer het dat Dr. A. Kuyper die belydenis gestel het as kanon, as maatstaf, as reëel van die geloof en die belydenis hoer gestel het as die heilige Skrif, gooi hy dit nou oor hierdie boeg dat die konsekvensie van die aanvaarding van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap dan dit sou wees dat die belydenis hoer as die Skrif te staan kom.)

*En dan gaan Prof. E. voort:* "Kan Ds. Coetzee dit ontken dat Dr. Kuyper die belydenis maak tot "accoord van kerkelike gemeenschap"? Dr. Kuyper sê dit self in die voorrede van sy uitgawe van die Formuliere van Enigheid. Dit is die Neo-Calvinistiese standpunt. Die verskillende gemeentes is almal "kerke", en die "accoord" van gemeenskap tussen hierdie "kerke" is die Belydenis-skrifte wat die engere band vorm waaraan die kerkrade "contractueel gebonden zijn", sien Jhr. Mr. A. F. de Savornin Lohman en Dr. F. L. Rutgers: De Rechts-bevoegdheid onzer plaatselijke Kerken, tweede uitgawe, bls. 179. Die kerkverband is dan van vrywillige aard, en die belydenis is dan die kontrak waarop hierdie kerkverband vrywillig aangegaan is en waarop die verskillende kerke hulle grond. Hierdie Neo-Calvinistiese dwaling is afkomstig van die Engelse Independente van die sewentiende eeu. Die kerkregtelike opvatting van hierdie Independente is nie alleen gedeeltelik deur Voetius oorgeneem nie, maar ook deur Dr. Kuyper soos hysself erken in sy "Confidentie" van 1873 en in sy in baie opsigte pragtige studie van 1874 oor "Het Calvinisme oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden". Maar dit was nooit die standpunt van die Reformatore nie en ook nooit van die Hervormde Kerk, nog in Nederland nog in Suid-Afrika, soos o.a. duidelik blyk uit art. 1 van die *kerkwet* van die Hervormde Kerk. Let wel, ek sê *kerkwet* en nie *kerkorde* nie. Die bewering van Neo-Calvinistiese kant dat onse Vadere altyd van *kerkorde* en nooit van *kerkwet* gepraat het nie, is uit die lug gegryp. Art. 1 van <sup>[6]</sup> die *kerkwet* van die Hervormde Kerk sê dat die Hervormde, Kerk hom grond op die Skrif, en dus nie op die belydenis nie soos die Neo-Calvinisme dit wil hê. Die belydenis is die belydenis van die een hele ondeelbare Hervormde Kerk, en nie van verskillende gemeentes of "Kerke" nie wat dan daarop sou staan en daarmee kontraktueel aan mekaar verbonde sou wees. Hierdie Independentistiese dwaling van die Neo-Calvinisme was die oorsaak van 'n ander dwaling, naamlik die skrapping van die kern van art. 36 van die Ned. Geloofsbelofte."

"Maar nou al die aanhalings wat Ds. Coetzee uit die geskrifte van Dr. Kuyper gee om daarmee aan te toon dat ek Dr. Kuyper onreg sou aangedoen het. Dit is vriendelik van Ds. Coetzee om "soos die broederlike liefde dit van ons eis", liewer aan te neem dat ek onkundig was met al daardie pertinente uitsprake van Dr. Kuyper. Ek wil Ds. Coetzee egter die versekering gee dat ek wel deeglik op die hoogte was met al daardie genoemde uitsprake, en dat ek dit maklik met ander soortgelyke sou kan vermeerder. Maar dit doen niks aan die saak af of toe nie, want dit gaan nie om wat Dr. Kuyper oor die verhouding van Skrif en belydenis gesê het nie, want ek het nie daaroor geskryf nie. Dit gaan om die konsekvensies van die anti-Calvinistiese en onreformatoriese en onskriftuurlike standpunt van die Neo-Calvinisme wat die belydenis tot "accoord" van gemeenskap van die "kerke" maak. Die konsekvensies hiervan is noodwendig dat die Skrif aan die belydenis ondergeskik gemaak word. Dr. Kuyper het sy "kerke" gegrond op die belydenis as "accoord van kerkelike gemeenschap", waardeur die belydenis in die *praktyk* eerste kom, en die Skrif tweede. Dit was dan ook een van die prinsipiële geskilpunte tussen Dr. Kuyper en Dr. Hoedemaker waardeur hulle paaie uiteindelik uitmekaar gegaan het. Prof. Dr. Th. L. Haitjema het hierdie verskil tussen Kuyper en Hoedemaker as volg getypeer: "Hoedemakers beweeglike denken is dat denken, dat telkens de slingerbeweging blijft maken: van het Woord Gods tot de belijdenis — de richting waarin Kuyper Hoedemaker voortschrijden Het, — maar dan ook <sup>[7]</sup> weer terug van de belijdenis naar het Woord Gods, wat Kuyper niet met Hoedemaker meedoen wilde".

"Tenslotte wil ek Ds. Coetzee die versekering gee dat sy minder "broederlike" konklusie as sou ek "geskrywe het sonder om te dink" heeltemal foutief is. Ek het nie alleen gedink nie, maar ek het die hele saak ook grondig bestudeer. Ek handhaaf die beskouing dat dit onprotestants is om die Skrif ooreenkomsdig hierdie of daardie belydenis uit te lê, omdat hierdeur die Skrif aan die belydenis ondergeskik gemaak word. Ons mag die Woord van God nie in die lig van 'n mensewoord verklaar nie. Die Hervormers het hulle juis daarteen verset dat die kerk die uitlegger van die Skrif moet wees, want dit is Rooms. Alleen die Roomse Kerk het 'n kerklike goedgekeurde skrifuitlegging. En omdat dit verkeerd is, verwerp, ons ook die Neo-Calvinistiese opvatting wat die belydenis tot 'n "accoord van kerkelike gemeenschap" maak, want nienteenstaande al die aanhalings van

Dr. Kuyper wat Ds. Coetzee gee en wat ek kan aanvul, lei daardie beskouing tot die noodlottige standpunt om die Skrif in die lig van die belydenis te wil verklaar en dus die belydenis hoër as die Skrif te stel. Ons sien dit by Prof. Hepp, wat die konsekwensies van die Neo-Calvinistiese beskouing getrek het. Dit moet die gevolg wees as die "kerke" hulle op die belydenis as "accoord van kerkelijke gemeenschap" plaas. Ek verwys verder na aanhalings uit die boekie van Ds. Goddefroy wat ek in "Die Hervormer" van Maart gegee het. Die Algemene Kerkvergadering van die Herv. Kerk het hom in 1940 weer in dieselfde gees uitgespreek. Die Hervormde Kerk wou dan ook nooit 'n belydeniskerk wees nie, maar altyd 'n belydende kerk, en dit was dan nie "sonder om te dink nie" dat die Ned. Hervormde Kerk in art. 1 van sy kerkwet bepaal het: "Die Kerk grond hom op die Bybel as die Woord van God; sy belydenis is uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, naamlik die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls soos in 1618, 1619 in Dordrecht vasgestel".

[8] "Indien Ds. Coetzee dit met my eens is dat mens die Skrif nie in die lig van die belydenis moet uitlê nie, dan staan hy nog op die ou Kamperse standpunt, wat ook die standpunt van wyle Prof. D. Postma was. Dit was meer Reformatories as die Neo-Calvinistiese opvatting. Die ou Gereformeerdes van Kampen was nie Neo-Calvinisties nie en die afstand tussen hulle en die Hervormde Kerk was minder groot as die wat die Neo-Calvinisme van die Hervormde Kerk skei. As Ds. Coetzee egter die mening huldig dat die belydenis die "accoord van kerkelijke gemeenschap" is, dan het hy van die ou Gereformeerde standpunt van Prof. D. Postma afgewyk en is hy dus in hierdie oopsig Kuyperiaans en Neo-Calvinisties."

"Nogmaals, ek handhaaf alles wat ek geskryf het. Ds. Coetzee weet ongetwyfeld dat die Hervormde Kerk nog steeds afwywend teenoor die Neo-Calvinisme gestaan het. Nie net vandag nie, maar vanaf die dae van die opkoms van daardie rigting, meer as 'n halwe eeu gelede."

Ons het die uitsprake van Prof. Engelbrecht uitvoerig aangehaal, om te voorkom dat hy ons straks beskuldig dat ons 'n verkeerde voorstelling van sy gevoelens gee, soos hy van die van wyle Dr. A. Kuyper gedoen het, soos ons straks sal aantoon.

Enige onbevoorioordeelde leser sal hieruit wel kan sien of ons Prof. E. enige onreg aandoen as ons beweer dat hy wyle Dr. A. Kuyper daarvan beskuldig dat die belydenis van die kerk hoër gestel het as die heilige Skrif. Nieteenstaande ek Prof. E. aangetoon het met sitate uit die geskrifte van Dr. Kuyper self dat hy Dr. Kuyper gevoelens toedig wat laasgenoemde nooit gehuldig het nie, hou Prof. E. tog sy beskuldigings vol, op grond daarvan dat Kuyper dan die belydenis aanvaar het as akkoord van kerklike gemeenskap, en dus, volgens Prof. E., sou die uitdruklike uitsprake van Dr. Kuyper niks werd wees nie, omdat sy *praktyk* en die van die sgn. Neo-Calviniste dan sy uitdruklike uitsprake sou loënstraf.

Nadat Prof. E. sy beskuldigings volgehou het, het ons die volgende briefie gerig aan die redakteur van "Die Hervormer": [9]

Geagte Redakteur,

Toek in u blad van 21 Mei 1943 'n artikel geplaas het onder die opskrif: Onkunde of wat?, om met die eie woorde van Dr. A. Kuyper, aangehaal uit verskillende van sy geskrifte, sekere gevoelens insake die Belydenis-skrifte te weerlê wat Dr. Engelbrecht hom in die skoene geskuif het, het ek aangeneem dat bewyse vir Prof. Engelbrecht ook bewykskrag besit. Nadat ek egter sy antwoord in dieselfde no. van u blad gelees het, besef ek dat dit nie die geval is nie. Onder hierdie omstandighede het dit uiteraard geen sin om voort te gaan om te polemiser met iemand wat geen respekte vir bewyse het nie, al word die bewyse ook opgehoop. Ook weens die papierskaarste sal ek dus nie verdere inbreuk maak op u kolomme nie, en bedank ek u vir die vriendelikheid om in u blad aan my gasvryheid te verleen vir die genoemde stuk, asook vir hierdie briefie.

Hoogagtend,

t.t., J. V. COETZEE.

Hierdie briefie is in die tweede helfte van Mei 1943 aan die redakteur van "Die Hervormer" besorg. Vandag, maande later, het hy nog nie kon besluit om hieraan publikasie te verleen nie, nieteenstaande 'n herhaalde versoek van my kant en 'n belofte van sy kant om dit in sy blad op te neem. Die lezers van "Die Hervormer" word onder die indruk gelaat dat die beskuldigings van Prof. Engelbrecht onweerlegbaar is en dat die grondheid daarvan deur my en die "Neo-Calviniste" erken is!

Daarom het ek geoordeel dat hierdie werk die lig moet sien — ook omdat daar vandag in 'n kerklike orgaan geen plek-ruimte beskikbaar is vir 'n enigsins breed-opgesette betoog oor die kwessies wat deur Prof. E. in die geding gebring is nie. Om sy verkeerde voorstellings te weerlê en om sake reg te stel, is daar baie meer toe nodig as wat in die uiteraard baie beperkte bestek van een of meer artikels in 'n kerklike orgaan kan gebeur.

## [10] Hoofstuk 2

### ONTLEDING VAN DIE BEWERINGS VAN PROF. ENGELBRECHT

In sy repliek op die artikel van die skrywer hiervan in "Die Hervormer" van 21 Mei, 1943: Onkunde of wat? het Prof. Dr. Engelbrecht verklaar dat hy kundig en goed op hoogte is van die kwessies wat hy in sy artikels aan die orde gestel het, en dat sy bewerings die vrug is van grondige en deeglike studie. Selfs nadat met sitate uit die werke van wyle Dr. A. Kuyper aangetoon is dat Prof. Engelbrecht, 'n totaal-verkeerde voorstelling gegee het van wat Dr. Kuyper op een bepaalde punt geleer het, het hy nog sy beskuldigings staande gehou. Ja, wat meer is, hy het in sy repliek die saak nog baie erger gemaak. Want hy beskuldig wyle Dr. A. Kuyper en die manne wat saam met hom in die vorige eeu die leiers was van die kerklike reformasie in Nederland — manne soos wyle Dr. H. Bavinck, Dr. F. L. Rutgers, Jhr. Mr. A. F. de Savornin Lohman en nog ander eminentie figure uit die Nederlandse kerklike lewe van die vorige en die begin van hierdie eeu, wat Dr. E. graag Neo-Calviniste noem eigenlik van *onopregtheid*. Hy beweer nml. dat daar nie afgegaan kan word op wat Dr. Kuyper (en sy medestanders) oor die verhouding van Skrif en belydenis gesê het nie. Hy het self in sy stuk hierdie woord: "gesê" kursief geskrywe, sodat hy huis daarop die nadruk laat val. Wat Kuyper (en sy medestanders, die Neo-Calviniste) daaroor gesê het, doen nijs ter sake nie. Hulle praktyk sou dan in openlike stryd wees met hul uitsprake, want hulle het van die belydenis gemaak "accoord van kerkelike gemeenschap."

Onder hoofstuk 5 behandel ons die Geref. standpunt dat die kerklike belydenis akkoord van kerklike gemeenskap is. Daarom loop ons nou nie op die oomblik daarop vooruit nie. Maar ons wil hier net Prof. Dr. Engelbrecht in bedenk gee of dit reg is om, as *hy* dit nie met mekaar kan rym nie hoe 'n mens die Skrif kan aanvaar as die [11] enigste reël en gesag vir leer en lewe en terselfdertyd die kerklike belydenis kan maak tot akkoord van kerklike gemeenskap, mense wat dit wel kan rym met mekaar en hierin geen die minste teenstrydigheid sien nie, te beskuldig van *onopregtheid* en hulle pertinente uitsprake as verdag voor te stel? Mag hy dan somhaar, sonder enige self-ondersoek, aanneem dat hulle onopreg is en dat van hulle uitsprake geen notisie geneem mag word nie? Kan' die fout nie miskien by homself lê nie, as hy hierdie twee sake nie met mekaar kan rym nie? Bestaan daar geen moontlikheid dat sy simpatieë en antipatieë in hierdie verband vir hom parte kan speel nie? Dis 'n geweldige beskuldiging om in te bring teen sulke eminentie manne. Manne van naam in Nederland, soos Dr. A. W. Bronsveld, Dr. Gunning, Dr. van Toorenbergen wat Kuyper bestry het op verskillende punte, het nie die beskuldiging van *onopregtheid* teen hom en sy medestanders ingebring nie. Ons gaan dit dan ook verder verby — dit laat 'n slegte smaak agter in die mond — om eers 'n ontleding te gee van die bewerings van Prof. E. aan die adres van Dr. A. Kuyper en die mense wat deur hom by voorkeur genoem word Neo-Calviniste of Gereformeerde *Scolastici*.

Dr. Engelbrecht beweer dat hulle

1. ontken dat die heilige Skrif die grond vorm van die belydenis van die kerk en die enigste reël van geloof en lewe is;
2. die kerklike belydenis maak tot kanon, maatstaf en reël van die geloof, en daarmee die heilige Skrif eigenlik vervang deur die Drie Formuliere van Enigheid;
3. die kerklike belydenis, nml. die Drie Formuliere van Enigheid, verhef bokant die Skrif en daaraan eigenlik meer waarde en outoriteit toeken as aan die Woord van God;
4. dat hulle die kerklike belydenis maak tot "accoord van kerkelike gemeenschap" — iets wat dan, volgens Prof. Engelbrecht, anti-Calvinisties, onreformatories en onskriftuurlik sou wees;
5. die heilige Skrif wil verklaar ooreenkomstig" die belydenis van die kerk en daarin dan ernstig sou dwaal, [12] omdat hulle dan daarmee die Woord van God sou sien

- alleen in die lig van menslike tradisie;
6. "zuiver Rooms" sou wees deur die Skrif te wil verstaan soos die kerk van Christus in sy belydenis die leerinhoud daarvan bely het; en dat die Neo-Calvinisme, in die woorde van Dr. Haitjema, wel in hul denke die beweging van die Skrif na die belydenis meemaak, maar weier om die beweging van die belydenis terug na die Skrif mee te maak — hier raak ons die kwessie van revisie van die belydenis;
  7. hul kerkbegrip ontleen het aan die Independente van die 17e eeu. Vader van hierdie verbastering van die gereformeerde kerkreg sou dan Gisbertus . Voetius, die groot gereformeerde *canonicus* wees, hierin nagevolg deur Dr. A. Kuyper. Kuyper sou hierdie oorname dan erken het in "Confidentie" (1873) en in sy "Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden" (1874);
  8. verder beweer Prof. Engelbrecht dat Kuyper en die Neo-Calviniste "tereg" in hul opvatting van die verhouding tussen Skrif en belydenis in Holland bestry is deur Dr. Kleyn, Dr. Hoedemaker, Gunning en A. W. Bronsveld en ook "deur onse Prof. Dr. P. J. Muller";
  9. dat die handhawing van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap een van die prinsipiële geskilpunte was tussen wyle Dr. A. Kuyper en Dr. Ph. J. Hoedemaker;
  10. verder beweer Prof. Engelbrecht dat die ou Kamperse standpunt van wyle Prof. D. Postma iets anders was as die standpunt van die Neo-Calviniste ten opsigte van die verhouding tussen Skrif en belydenis, en dat die afstand tussen die ou Gereformeerdes van Kampen en die Hervormde Kerk minder groot was as die wat die sgn. Neo-Calvinisme skei van die Hervormde Kerk;
  11. eindelik nog, sou die nadruk dan nie op die leer nie, maar op die lewe moet val. Die Hervormde Kerk sou dan nie 'n belydeniskerk, maar wel 'n belydende kerk wees. Die "Gereformeerde Skolastiek of Neo-Calvinisme" se grondwaling sou dan wees dat hulle van die belydenis [13] maak 'n akkoord van kerklike gemeenskap en daarmee die kerk tot 'n belydeniskerk, terwyl hy alleen belydende kerk mag wees, d.w.s. die kerkkwessie sou dan nie 'n leer- maar wel 'n lewenskwessie wees, soos wyle Ds. Goddefroy dit uitgedruk het in sy "klassieke geskrif."

Ek meen dat die beskuldigings en bewerings van Prof. Engelbrecht almal onder die bostaande gerangskik kan word.

Voordat ek nou egter oor die verskillende sake en punte gaan handel wat hiermee deur die geagte Professor aan die orde gestel is, sal dit my wel nie ten kwade gedui word as ek eers die een en ander sê oor die mooi en liefderyke terme waarmee hy by voorkeur die mense van die Geref. Kerke in Nederland, Amerika en Suid-Afrika bestempel. Ek weet dat Prof. E. onder hierdie versamelnaam ook begryp sekere mense van die Ned. Gereformeerde Kerke en ook van die Hervormde Kerk, maar hoofsaaklik word hierdie etiket die Gereformeerdes in Nederland, Amerika en Suid-Afrika aangesteek. Vroeër was dit: doppers; vandag is dit meer liefallig en beskaafd: Neo-Calviniste en Gereformeerde Scolastici. Maar die venyn hiervan is nie minder nie.

Want Prof. Dr. Engelbrecht gebruik hierdie terme nie in gunstige sin nie. Hy omskrywe wel nie nader watter betekenis hy daarvan heg nie, maar uit sy skrywe is duidelik dat hy daarvan 'n baie ongunstige betekenis heg. 'n Mens kan van Neo-Calvinisme ook in *gunstige* sin spreek. Dan verstaan 'n mens daaronder *die verjonging en vernuwing en ontwikkeling van die ou Calvinisme wat deur die arbeid hoofsaaklik van wyle Dr. A. Kuyper en Dr. H. Bavinck plaasgevind het*. Want by die manne van die Afskeiding van 1834 kan nog nie huis gespreek word van 'n vernuwing en verjonging van die "Calvinisme" as lewens- en wêreldbeskouing nie, omdat hulle aksie meer 'n gereformeerde of konfessionele karakter gedra het en alle aandag gewy is aan die kerk en die ontvouing van die gereformeerde religie. Hulle aksie het wel in Nederland, Amerika en Suid-Afrika voorbereidend gewerk vir die herlewing, vernuwing en verjonging van die ou [14] Calvinisme wat hoofsaaklik aan die arbeid van die genoemde

twee manne In Nederland verbonde is. Wie die term Neo-Calvinisme in bestaande gunstige sin gebruik, sien in daardie rigting 'n goeie ontwikkeling, volgens die grondlyne wat deur Calvyn en die Calviniste van die 16e eeu getrek is.

Maar Prof. Engelbrecht gebruik die woord in *ongunstige* betekenis, want hy ag homself geroepe om dit te bestry as 'n gevaaarlike rigting. As hy praat van Neo-Calvinisme, dan bedoel hy daarvan 'n *verbasterde, gedeformeerde Calvinisme*, wat ontru is aan die grondlyne wat deur Calvyn en die Hervormers getrek is, en wat daarom met alle middele uit die Hervormde Kerk alhier geweer moet word, en waarteen die mense van die Hervormde Kerk en die aankomende predikante gewaarsku moet word.

Natuurlik is Prof. Engelbrecht nie die eerste man wat die term Neo-Calvinisme in ongunstige sin besig nie. Hierin volg hy maar slegs ander mense na, en bepaaldelik Prof. Dr. B. Eerdmans van Leiden en Dr. C. B. Hylkema wat in sy boek: "Oud- en Nieuw-Calvinisme" die verwyt maak aan die adres van die sgn. Neo-Calviniste dat hulle van die ou lyn sou afgewyk het.

Wat Prof. Engelbrecht bedoel met "Gereformeerde Skolastiek," het hy ook nie nader omskrywe nie. Uit sy verbinding daarvan met die term "Neo-Calvinisme" wat hy in ongunstige sin verstaan, is dit egter duidelik dat hy ook hierdie term in ongunstige sin gebruik. Sonder 'n nadere omskrywing hiervan is dit egter nie moontlik om uit te maak wat die geagte Professor presies daarvan bedoel nie. Ek weet wel wat Skolastiek is, en weet verder dat dit kan beteken: die wetenskaplike beoefening van die Teologie. Maar sodanige Skolastiek kan die geagte professor die Gereformeerdes tog nie kwalik neem nie, want hy is tog immers nie 'n man van die Wederdoperse sektes nie! Tog praat hy van die Gereformeerde Skolastiek as iets wat geweer en bestry moet word, omdat dit natuurlik gevaaarlik is. Daarom sou ons dit baie op prys stel as hy homself duideliker wil uitspreek en presies sê wat hy met daardie liefallige benaming bedoel. Dan [15] kan 'n mens hom wel te woord staan. Daarom sal ons wel hiermee wag tot tyd en wyl hy homself nader verklaar het en verduidelik het wat hy met Gereformeerde Skolastiek bedoel. Tot dan toe, sal ons maar aanneem dat "Gereformeerde Skolastiek" in die mond van Prof. Engelbrecht 'n term is met 'n onbepaalde ongunstige betekenis, net soos die skelwoord "doppers" in die mond van ander mense.<sup>2</sup>

---

<sup>2</sup> [15] Ons glo dat die werking van die Heilige Gees in die wedergeboorte en bekering homself nie tot die wil beperk nie, maar ook ons verstand omvat. Nie alleen stort Hy in die wil nuwe kragte en hebbelikhede in nie, maar Hy verlig ook die verstand om die Woord van God te verstaan en te weet die dinge wat deur God aan ons geskenk is. Die ware geloof is ongetwyfeld 'n hartlike vertroue dat al my sondes my om Christus ontwil vergewe is. Maar dit is dit nie alleen nie. Dit is ook 'n sekere kennis van God en sy beloftes, aan ons geopenbaar. Die geloof soek om te *verstaan* (fides quærit intellectum) en ek glo sodat ek kan *verstaan* (credo ut intelligam). Dit was die lyfspreuke van die eigenlike vader van die Skolastiek, Anselmus van Canterbury, gestorwe 1109, wie se boek: Cur Deus homo? (Waarom het God mens geword?) groot beroemdheid verwerf het. Met geheiligde denke het hy die vraagstukke van die leer van die Goddelike Drie-eenheid en van die vleeswording van die ewige Woord deurgedink deur toepassing van die Skolastiese metode. Nou weet ek wel dat die Skolastiek homself later in allerlei spitsvondighede en onsinngihede verloop het, maar dit neem nie weg dat die Skolastiek groot dienste bewys het aan die ontwikkeling van die teologie. Die Skolastiek is na verdienste getugtig in latere eue, maar nie na verdienste gewaardeer nie. Baie critici wat die staf oor die Skolastiek gebreek het, het die fout begaan om die kind saam met die badwater buite te gooi. Misbruiken waaraan die Skolastiek homself skuldig gemaak het, mag ons nie verhinder om sy strewe om goed te onderskei en dus ook goed te leer, na verdienste te waardeer nie. Teologie en kerk sou daar baat by vind as baie teoloë en sielsorgers, deur toepassing van die Skolastiese metode, sou leer om minder verwارد te dink by die behandeling van geloofswaarhede en mensesiele. Die artikels van Prof. Engelbrecht oor die Nederl. Geloofsbelidens in "Die Hervormer" gee daarvan blyk dat die geagte prof. self met vrug 'n bietjie die Skolastiese metode kan beoefen. Indien hy dit sou doen, sou hy ongetwyfeld beter leer onderskeie, en gevvolglik ook beter leer as wat hy nou gedoen het en sou daar minder begripsverwarring by hom geheers het.

## [16] Hoofstuk 3

### DR. A. KUYPER EN DIE GEREFORMEERDES OOR SKRIF EN BELYDENIS

Ons wil nou handel oor bewerings 1, 2 en 3 van Prot. Engelbrecht soos in ons vorige hoofstuk opgesom. Hy beweer nml. dat Dr. A. Kuyper en die mense wat soos hy dan sou afgewyk het van die ou, swiere lyn van die Calvinisme (die Neo-Calviniste), ontken dat die heilige Skrif, die Woord van God, die grond vorm van die belydenis van die kerk; dat hulle ontken dat die Skrif die enigste reël vir geloof en lewe is; dat hulle die kerklike belydenis maak tot kanon, maatstaf en reël van die geloof en feitlik die heilige Skrif as sodanig vervang deur die Drie Formuliere van Enigheid; dat hulle die kerklike belydenis verhef bokant die Skrif en daarvan meer waarde en gesag toeken as aan die Woord van God.

Dit is 'n geweldige beskuldiging! En die bewyse hiervoor? Nou ja, Prof'. Engelbrecht het gesê die *praktyk* van die Gereformeerdes en die *konsekvensies* van hul praktyk bewys dit. Dus moet dit waar wees!

Ek weet van ander mense wat die duidelike Skrifleer van die vrymagtige verkiesing van God en van die vrye genade op dieselfde manier ontken het deur uit konsekvensies waarop dit dan in die praktyk sou neerkom, te argumenteer dat die Skrif nie die verkiesing van God en die vrye genade kan leer nie, nieteenstaande die duidelike uitsprake van die heilige Skrif. Vir hulle kom dit ook nie aan op wat die Woord van God duidelik sê nie, maar op die *konsekvensies* in die *praktyk*.

Prof. Engelbrecht het al by voorbaat gesê dat wat Dr. A. Kuyper gesê het oor die verhouding van Skrif en belydenis nikks aan die saak af- of toedoen nie, maar dat dit gaan om die *konsekvensies* van die standpunt, wat noodwendig hierop neerkom dat in die *praktyk* die Skrif aan die belydenis ondergeskik gemaak word, en dat die belydenis eerste gestel word en die Skrif tweede. Dis [17] natuurlik maklik om op hierdie manier pertinente uitsprake reeds by voorbaat te diskrediteer en ongemaklike feite weg te argumenteer. Dit herinner aan die man in die dieretuyn wat vir die eerste keer in sy lewe 'n- kangaroe gesien het en toe vir sy maat gesê het: Kom, laat ons loop; daar bestaan nie so 'n ding nie.

Nieteenstaande Prof. Engelbrecht se handelwyse om reeds by voorbaat te sê dat dit nie aankom op wat Dr. Kuyper oor die verhouding van Skrif en belydenis gesê het nie, gaan ek tog hier enige pertinente uitsprake van Dr. Kuyper hieroor afskrywe in die stille verwagting dat alle mense nie soos Prof. Engelbrecht dink nie — ook nie alle Hervormde mense in Suid-Afrika nie — om somaar uit die staanspoor op grond van *vermeende* konsekvensies in die praktyk aan te neem dat Kuyper en Bavinck en ander kopstukke van die geref. teologie se pertinente uitsprake geen gewig het nie.

In die jaar 1890 het Dr. A. Kuyper 'n uitgawe besorg van die werk van Ds. Arnoldus Rotterdam: Zions roem en sterkte. Dit is 'n populêre verklaring van die Nederl. Geloofsbelijdenis, vir die eerste keer uitgegee in 1755. Ds. A. Rotterdam was predikant te Zuylen. Hierdie verklaring is bedoel vir die gemeente, en is nie 'n wetenskaplike teologiese werk as sodanig nie. By die uitgawe van 1890 het Dr. Kuyper 'n Voorwoord geskrywe. In hierdie Voorwoord maak hy duidelik wat die karakter van die Konfessie isT En hy sê:

"De Confessie is geen leerboek, maar een boek van *belijdenis*; een plechtig actestuk, waarin de kerk positie neemt tegenover de *wêrelde*, tegenover *andere kerken* en tegenover alle *secten*. Met de Confessie keert ze zich niet naar binnen, maar naar buiten; niet naar de kinderkens, maar naar wie buiten staan. De kerk ligt in geschil over de hoogste waarheid. In geschil met de *wêrelde* en haar wysheid, en in geschil met de ketterijen; maar ook ten deele in geschil met de zusterkerken. En het is nu tegenover alle dezen, dat de kerk duidelijk en onomwonden als voor Gods aangezichte, belijdt, wat voor haar als hoogste en zuiverste waarheid geldt. Vandaar dat de [18] Belijdenis zich *niet* uitlaat over geschillen, die in den boezem onzer cigen kerken nog niet tot rijpheid

zijn gekomen. Alleen wat uitgemaakt en met het bloed der martelaren bezegeld wierd, hebben ze in haar Belijdenis geboekt; op grond dier Belijdenis zich als kerken aaneengesloten; en deze Belijdenis aan de Vorsten en Overheden toegezonden, opdat deze weten zouden, wat men beoogde."

Dan wys hy verder op die verskynsel dat die Groningers, die Modernes en almal wat probeer om die wese van die kerk te ondernem, altyd gepoog het om eers die Dordtse Leerreëls, dan die Konfessie en straks ook die Kategismus in vergetelheid te bring, om so die leervryheid op die troon te verhef. En dan sê hy verder in hierdie verband:

"Ieder predikant had dan zoo *zijn eigen meaning*, en de *belijdenis der kerk* telde niet meer mee. Er gold absolute leervrijheid."

"Maar vandaar dan ook, dat elke reformatie der kerken er altoos toe leidt, om juist *de Confessie* weer op den voorgrond te stellen, opdat ieder weer te weten kome, niet wat Ds. A. of Ds. B., maar wat *onze kerken* leeren. Opmerkelijk is het dan ook, hoe in die eerste jaren onzer eeuw bijna geen enkel exemplaar van de Confessie verkocht wierd, terwyl sinds 1834 stellig 50,000 exemplaren onder het kerkelijk publiek kwamen."

En dan wys Dr. Kuyper nog op die verskil tussen die belydenis en die Woord van God:

"Steeds wake men ertegen, dat dit nooit in misbruik oversla, en dat niemand ooit de Confessie ook maar *naast* Gods Woord ga stellen.

"De Belijdenis *kan* nooit naast den Bijbel liggen, maar moet er altoos op *rusten*. Ze is *uit* Gods Woord geput en steeds en voor een ieder *aan* Gods Woord appellabel. Alleen houde men wel in het oog, dat de Confessie het eigendom niet van A. of B. maar van *de kerken* is, en dat dus alleen die kerken het recht hebben, om over de Confessie in wettige generale synode te beslissen; liefst zelfs in verband met de buitenlandsche Gereformeerde Kerken." (p. XIII.)

**[19]** Dit is dus ver daarvandaan dat Dr. A. Kuyper die belydenis hoër as die Skrif sou gestel het en daaraan meer waarde sou geheg het as aan die Woord van God. Inteendeel waarsku hy mense teen die gevaar om die Konfessie ook maar *naas* die Woord van God te stel. En elkeen van die vermaledyde Neo-Calviniste sê dit A. Kuyper woord vir woord na.

En dan haal Dr. Kuyper *met instemming* aan wat Prof. Maresius gesê het oor die verskil tussen die Woord van God en die Konfessie:

"*Vooreerst*: de H. Schrift is rechter over de Confessie, nooit de Confessie over de H. Schrift.

*Ten tweede*: de H. Schrift is Gods Woord, de Confessie, wat haar eigen uitdrukking aangaat, een woord van menschen.

*Ten derde*: de H. Schrift is noodzakelijk ter zaligheid, de Confessie is alleen noodzakelijk voor die positie en het verband der kerken.

*Ten vierde*: de H. Schrift blijft wat ze is, maar de Confessie kan verbeterd, uitgebreid en herziën word.

*Ten vyfde*: het gezag der H. Schrift bindt die conscientie zonder meer, maar de Confessie bindt die conscientie alleen krachtens het verband, waarin we met die kerken staan."

Prof. Kuyper sê hier presies die teendeel van wat Prof. Engelbrecht hom in die skoene geskuif het.

Ons moet egter nie onder die indruk verkeer dat bostaande maar 'n enkele, alleenstaande uitspraak is nie. Daarom sal ek nog meer sitate gee van die hand van Dr. Kuyper oor hierdie saak — sitate wat deur ons, Neo-Calviniste soos Prof. Engelbrecht ons graag noem, ten volle onderskrywe word.

In sy "Tractaat van de Reformatie der Kerken", uitgawe van Höveker & zoon, Amsterdam, 1883, p. 78, staan die volgende te lees:

"Formulieren van eenigheid vast te stellen en te waken voor heur handhaving is alzoo de eerste plicht aller kerken die in kerkverband treden. Niet, dit sta duidelijk op den voorgrond, om deze schriften in enige waardij ook maar bij den Woerde Gods te houden, maar overmits een iegelijk [20] die buiten staat of binnen is, moet kunnen weten wat de Kerk van den Woerde Gods houdt. Deze formulieren binden dus nimmer de conscientie. De conscientie bindt alleen de Heilige Schriftuur, aan welke deze formulieren altoos examinabel blijven. Daarentegen staat het niemand vrij in de kerk tegen die formulieren te leeren; behoort een iegelijk die gravamina heeft, deze bij de kerke aan te brengen opdat ze onderzocht worden; en is een iegelijk gehouden zich of aan de uitspraak van de kerk in deze te onderwerpen, of anders uit de kerk, die naar zijn overtuiging tegen het Woord Gods koos, te scheiden. Hierin ligt al het verschil tusschen een Remonstrantse en Gereformeerde revisie."

Hierdie duidelike taal loënstraf die beskuldiging van Prof. E. asof die belydenis deur die Gereformeerdes, op voetspoor van Dr. Kuyper, bokant die Skrif sou gestel word, ten voete uit.

Ek kan met hierdie sitate volstaan omdat hulle vir iemand wat nie bevooroordeeld is nie, voldoende is. Maar ek wil ten oorvloede nog 'n paar meer gee.

In die reeds aangehaalde werk: *Tractaat van de Reformatie der Kerken*, p. 203, onder die opskrif: *Van de nu te ondernemen reformatie*, skrywe Dr. Kuyper:

"Bij geheel dit kerkrechtelijk deel der reformatie zullen onze kerken zich hebben te stellen *op de basis van Gods Woord*, naar de Belijdenis hiervan gedaan in onze *Drle Formulieren van Eenigheid*. Niet alsof die formulieren ooit in enige gelijke waarde, of ook maar in vergelijking van waarde, met dat Woord konden komen, maar overmits noch aan eenig particulier persoon, noch aan eenig drager van het ambt, maar alleen aan de kerken, in wettige Synode saamgekomen, het recht toekomt om de gravamina die op grond van dit Woord tegen eenig Formulier mochten worden ingebracht, als rechters te beoordeelen en daarover in den Naam des Heeren te beslissen."

In sy groot werk: *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid*, Deel III, pp. 408, 409, lees ons:

"De Kerk belijdt haar belijdenis, en gelooft haar Dogma, niet omdat het alzoo in haar Formulieren van [21] Eenigheid staat, maar overmits ze vaststaat in de overtuiging, dat alzoo de Waarheid is, die ons in Gods Woord is geopenbaard. Niet de Confessie zelve, maar de Schriftuurlijke Waarheid, gelijk ze die in haar Confessie uitspreekt, is de inhoud van haar belijdenis. Het is en blijft alzoo de Heilige Schrift die als principium unicum Theologiae (geheel-enige formerende beginsel van die Teologie) vlak onder de belijdenis ligt en in die belijdenis moet uitkomen."

Ek haal verder aan uit: *Dictaten Dogmatiek van Dr. A. Kuyper*, Deel IV, *Locus de Ecclesia*, §12: *De ecclesiarum vita communi*, p. 261. Nou weet ek wel dat hierdie werk 'n kollegediktaat is van een van die studente en dat Dr. Kuyper nie verantwoordelikheid aanvaar het vir alles wat daarin voorkom nie, maar alleen vir die paragrawe wat hy self gedikteer het. Maar hierdie stuk uit die diktaat is so volkome in ooreenstemming met wat Dr. Kuyper elders self geskrywe het, dat ons veilig kan aanneem dat hierdie stuk 'n goeie en suiwere refleks gee van wat hy in sy kollege aan die studente gesê het. Dit lui as volg:

"De belijdenis mag nooit in de kerken primordiaal (eerste in rang) zijn. Primordiaal is steeds Gods Woord. Zoodra een kind van God meent, dat iets in de belijdenis in strijd is met Gods Woord, dan moet hij dit aan de kerk bekend maken, en deze moet dan of dien persoon overtuigen uit den Woerde Gods, of de kerk moet de belijdenis naar het Woord van God veranderen. Dit nu ware niet mogelijk, wanneer er geen vita communis (gemeensehappelijk leven) was."

In sy "Publyck Epistel" aan Dr. J. J. van Toorenbergen, p. 41, opgeneem in sy werk: *Revisie der Revisie-legende*, skrywe Dr. Kuyper oor wat in daardie tyd (1879) nodig was

by die weeropbou van die Gereformeerde kerklike huis van die vadere. Nodig is, sê hy, om in te sien dat die Calvinisme, soos dit toentertyd in Nederland openbaar geword het, krank is en met Gods hulp, deur meevoelende geloofskrag moet genees word; en verder: dat moet ingesien word dat die posisie waarin die [22] Gereformeerde Kerk hom in daardie tyd teenoor die dwaling bevind het, sodanig verskil van die posisie waarin die Kerk in 1618 teenoor die dwaling gestaan het, dat daar nou meer in die belydenis opgeneem behoort te wees as destyds, en dat ook die uitdrukkingsmanier en betoogtrant van wat destyds reeds bely is, deur hersiening kan verhelder en versterk word.

"Maar" — so sê hy verder—"dan moet ook tweeërlei met hand en tand vastgehouden, t.w. (a) dat geen der eigenaardige grondtrekken van de Gereformeerde belydenis goeden prijs mogen verklaard worden, en alzoo de eeuwige verkiezing "cor ecclesiae" (hart van die kerk) moet blijven; en (b) dat ze, ook na zoodanige herziening, altijd weer, mits bij den wettigen reehter, *examinabel 'blijve aan Gods Woord.'*"<sup>3</sup>

In 'n "Referaat over de Belijdenis", gehou in 1869 voor die Predikante-vereniging, opgeneem as Tweede Annexe in "Revisie der Revisie-legende", was die tweede stelling wat Dr. Kuyper verdedig het: *die Kerk plaas homself, as hy sy Konfessie uitspreek, op die bodem van die Skrif.* En in sy toelighting van hierdie stelling het Dr. Kuyper gesê:

*"Op den bodem der Schrift, d.w.z. niet in den zin van een bodem dien men legt, maar als de bodem waarop de gemeente staat.*

"Het is onwaar dat in den zin der Vaderen de autoriteit der Schrift formeel op de Confessie zou hebben gerust. Wie de Schrift verwierp, was de facto exlex (buite die gemeenskap). 'De Heiliche Schriftuere', zoo zegt Gomarus, 'behoeft om haarszelfswille niemands bevestiginghe, maar bestaat in eeuwigheyt door haar eygen vastigheydt. D' overeencommghe oft eendrachtig ghevoelen der Kerke is niets anders dan een bedienster ende ghetuighe der Schrift'. Van een staan boven, van een staan naast de Schrift, kan hier voor het Gereformeerde hart nooit quaestie zijn. Niet de belydenis, alleen Gods Woord mag [23] de conscientie binden. De Schrift is de bodem waarin de gemeente wortelt, waaraan ze haar geestelijke autoriteit ontleent, en waaraan ze voor elk hart en elken dag "*examinabel" blijven moeten*, gelijk steeds door onze Vaderen werd beleden."<sup>4</sup>

Ek glo nie dat dit nodig is om nog meer sitate uit die werke van Dr. Kuyper te gee nie om duidelik te maak wat sy opvatting was oor die verhouding van Skrif en belydenis. Iemand wat ná hierdie sitate nog beweer dat Kuyper die belydenis hoér gestel het as die heilige Skrif en daarvan die kanon, die maatstaf, die reël vir geloof en lewe gemaak het, is deur vooroordeel só blind dat bewyse vir hom glad nie enige bewyskrag besit nie, om die eenvoudige rede dat hy nie oortuig wil word nie.

Ja, maar — so sê Prof. Engelbrecht — van al sodanige uitsprake wat ek nog met baie ander kan vermeerder, kan geen notisie geneem word nie. Dit kom nie aan op wat Dr. Kuyper en die Gereformeerdes oor die verhouding van Skrif en belydenis gesê het nie. Dit gaan om die *praktyk* van Kuyper en die Neo-Calviniste en om die noodwendige *konsekvensies* van hul praktyk. Daar sit die angel.

Laat ons nou 'n bietjie kyk na die praktyk. Wat sê die praktyk?

Daar is een uitstaande incident wat niemand kan wegredeneer of verdoesel nie. Dr. A. Kuyper het by die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland gravamen (beswaar) ingedien teen die sinsnede uit art. 36 van die Konfessie dat dit die amp van die owerheid is "om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens". Hy het gekom met sy bewyse dat hierdie sinsnede in stryd is met die heilige Skrif en die sinode van die Gereformeerde Kerke, d.w.s. die Neo-Calviniste, het hom in die gelyk gestel en

<sup>3</sup> Dr. A. Kuyper: Revisie der Revisie-legende, p. 41; uitgawe van J. H. Kruyt, Amsterdam. 1879.

<sup>4</sup> Dr. A. Kuyper: Revisie der Revisie-legende, p. 58.

die gewraakte sinsnede uit die Konfessie uitgelig. Hier het ons te doen, nie met wat Kuyper gesê het nie, maar met iets wat hy en die Neo-Calviniste *gedoen* het, d.w.s. met iets van die *praktyk*. En daarvan het hulle die onmiskenbare bewys gelewer dat **[24]** hulle nie die belydenis hoer as die Skrif stel nie, maar intendeel die belydenis aan die Woord van God getoets het, wat regter daaroor is. Hulle het nie die belydenis ook maar *naas* die Skrif gestel nie,<sup>5</sup> maar staan bepaaldelik op die standpunt dat die Konfessie aan die Skrif *eksaminabel* is.

**[25]** Maar waar nou aangetoon is dat nog die uitsprake van Dr. Kuyper en die Neo-Calviniste, nog die pikante, tiperende geval uit die praktyk wat ons aangehaal het, Dr. Engelbrecht enige grond gee vir sy geweldige beskuldigings, laat ons dit verder aan elke leser hiervan self oor om te oordeel waaruit hierdie ongeregverdigde beskuldigings van

<sup>5</sup> **[24]** Blybaar is dit vandag in kringe van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 'n addisionele sonde op die kerfstok van Dr. A. Kuyper en die Neo-Calviniste dat hulle hierdie bogenoemde sinsnede uit art. 36, Konfessie, uitgelig het. Ek herinner my dat daar etlike kere in "Die Hervormer" hieroor afkeurend geskrywe is. Dr. Engelbrecht noem dit ook: "'n ander *dwaling*, naamlik die skrapping van die kern van art. 36 van die Ned. Geloofsbelofte." Volgens hom is hierdie "dwaling" gevvolg van die vermeende Independentiese "dwaling" van die Neo-Calviniste. nml. dat hulle die belydenis maak tot akkoord van kerklike gemeenskap. En nou beken ek eerlik dat ek te stompsinnig is om die verband tussen hierdie "oorsaak" en die skrapping van hierdie sinsnede uit art. 36 raak te sien. Die Gereformeerdes of Neo-Calviniste beskou die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap en die kerkverband as 'n vrywillig aangegane unie. Ergo: hulle skrap 'n bepaalde sin uit art. 36, Konfessie, as synde in stryd met die heilige Skrif.

Ek beken eerlik dat hierdie logika vir my omtrent so helder as modder is!

Uit die bo-aangehaalde woorde van Prof. E. blyk egter duidelik dat hy die skrapping van die bewuste sin uit art. 36 beskou as "dwaling" afgesien daarvan of die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap aanvaar word of nie. Immers hy sê dat daardie sinsnede die "kern" is van art. 36. (Ek het altyd gemeen dat die "kern" van daardie artikel die belydenis is "dat onse goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe"....) Die "dwalende" Neo-Calviniste, onder leiding van Dr. A. Kuyper, het dus, volgens Dr. E. die sonde begaan om die "kern" uit te haal uit art. 36. Hieruit volg dat hulle net die doppe of omhulsel oorgehou het.

Dr. E. se "kern" kan egter weggelaat word, sonder om die sin van die artikel te skend. Die stuk "dop" egter wat ek hier tussen hakies aangehaal het, kan nie weggelaat word nie, sonder om die siel uit die artikel te haal.

Volgens Prof. Haitjema, aangehaal deur Prof. E., het Dr. A. Kuyper wel met Dr. Hoedemaker saam die dinkbeweging gemaak van die Skrif na die belydenis. maar het hy gewei om **[25]** met Dr. Hoedemaker saam die dinkbeweging te maak van die belydenis terug na die Skrif! En kyk nou! Juis die feit dat Kuyper die dinkbeweging gemaak het terug van die belydenis na die Skrif en eersgenoemde getoets het aan laasgenoemde en toe gravamen teen daardie sin in die belydenis ingedien het, word hom en die Neo-Calviniste deur Prof. E. aangereken as "dwaling".

Watter soort konsekvensie is dit?

Mag ek Prof. E. tog net daarop attent maak dat hy Ds. M. J. Goddefroy, op wie hy hom so graag beroep, in hierdie saak direk teen hom het? In sy "klassieke geskrif": De Kerkkwestie niet een Leer- maar een Levenskwestie," pp. 94, 95, verdedig Ds. Goddefroy die Ned. Herv. Kerk teen sekere beskuldigings van Ds. H. S. Bosman. En dan skrywe hy: "Omdat volgens art. 37 van de Dordtsche Kerkenorde, in den Kerkeraad leden van den Magistraat, "wezende lidmaten der Gemeente" tegenwoordig mochten wezen "om te aanhooren en mede van de voorvallende zaken te delibereeren", zal toch ook Ds. B. de "Commissarissen Politiek" uit de 16de en 17de Eeuw niet terug verlangen? Evenmin als hy, wegens de bepaling van de Confessie omtrent het ambt der overheid (art. 36): "om te weer en uit te roei alle afgoderij en valsche godsdienst, om te gronde te werpen het rijk van den Anti-christ", aan de overheid op nieuw het recht en de plicht zou willen opleggen om te oordeelen wat waarheid of dwaling is. of ook het "halsrecht" wegens kettery, gaarne hersteld zou zien."

Hieruit blyk dat Ds. Goddefroy, net soos Dr. Kuyper, in 1889 van oordeel was dat die bewuste sinsnede nie in art. 36 van die Konfessie hoort nie. Prof. E. noem daardie sinsnede egter die "kern" en sê dat Dr. Kuyper en die Neo-Calviniste dwaling begaan het om hierdie "kern" uit art. 36 te skrap. Dat Ds. Goddefroy dit nie as „kern“ beskou het nie, is duidelik. Sal Prof. E. nie nou vir Ds. Goddefroy en sy "klassieke geskrif" maar ook liefs in die hoek van die verdagtes skuiwe om die Neo-Calviniste en Independente daar geselskap te hou nie?

Prof. Engelbrecht voortgekom het. Self ontken hy dat dit uit onkunde voortgekom het, of dat hy geskrywe het sonder om te dink. Welaan dan, dan moet elke leser maar self die konklusie trek wat hier in [26] die spel is. Ek vir my bly aanneem dat, nieteenstaande Dr. Engelbrecht so besliste ontkenning daarvan, sy beskuldigings voortgekom het uit onkunde met die werke en geskrifte van wyle Dr. A. Kuyper, en dat hy napraat wat ander hom voorgepraat het, sonder om self sake te ondersoek deur 'n grondige studie van die werke van Dr. A. Kuyper.

Maar terwyl ons dan nou tog besig is met die *praktyk*, wil ek graag wys op 'n ander praktyk wat seker wel aan Prof. E. nie onbekend sal wees nie. Dit is nml. die praktyk van die Herv. Kerk in Nederland wie se woordvoerders sê dat hy sy eer daarin stel om *belydende kerk* te wees en nie *belydeniskerk* nie. Hierdie kerk het 'n praktyk wat dit in die verlede moontlik gemaak het vir Christus-verwerpers en Godloënaars en Boeddhiste om predikante daarvan te wees en te bly tot die dag van hul dood. En nou wil ek hom in alle beskeidenheid die vraag stel: Waarvan moet ons nou notisie neem, van wat sy woordvoerders sê wat hy is, of van die *praktyk* en die *konsekvensies* van die praktyk?

Sal Prof. Engelbrecht so vriendelik wees om op hierdie vraag 'n antwoord te gee? En sal hy vir die Hervormde Kerk en die aankomende predikante daarvan sê dat dit nie aankom op wat die woordvoerders van hierdie kerk gesê het nie, maar op die *praktyk* en die *konsekvensies* van die praktyk van hierdie kerk wat bogenoemde verskynsel moontlik gemaak het?

## Hoofstuk 4

### PROF. ENGELBRECHT AS INFORMANT OOR CALVINISME

In Hoofstuk 2 het ons reeds ondersoek wat die betekenis van die term *Neo-Calvinisme* in die mond van Professor S. P. Engelbrecht is. Uit die feit dat hy dit sy plig ag om hierdie "Neo-Calvinisme" te bestry en daarteen te [27] waarsku, het ons die afleiding gemaak dat dit in sy oog 'n *verbastering* en *deformasie* van die egte Calvinisme Is. Trouens hy spreek dit ook met soveel woorde uit as hy spreek van die "konsekvensies van die anti-Calvinistiese en onreformatoriële en onskriftuurlike standpunt van die Neo-Calvinisme wat die belydenis tot 'accoord' van gemeenskap van die 'kerke' maak." Of hierdie standpunt wel is soos Prof. E. dit kwalifiseer, sal ons in 'n volgende hoofstuk nagaan. Hier is dit ons op die oomblik net daarom te doen om aan te toon dat Prof. Engelbrecht die "Neo-Calvinisme" op ten minste een punt sien as veel erger nog as deformasie en verbastering.

Iimmers, as hy praat van "anti-calvinistiese" standpunt van die "Neo-Calvinisme," dan beteken dit eigenlik "vyandig teenoor die Calvinisme." Iemand se "anti-" is sy direkte teenstander, soos die Anti-Chris die direkte vyand en teenstander van Christus is.

Dit alles veronderstel natuurlik dat Prof. Engelbrecht goed op hoogte is van twee dinge:

(a) Van wat die "Neo-Calvinisme" is en leer. Hiervan moet hy dan ten minste eerstehandse kennis besit, wat hy uiteraard alleen kan hê deur deeglike studie van die werke en geskrifte self van die gesaghebbendewoordvoerders van die Neo-Calvinisme. Hy moet sy kennis geput het uit die eie werke self van hierdie mense en nie uit wat ander oor hulle gesê en geskrywe het nie. Want in die tweede geval sou sy kennis nie eerstehands wees nie, maar derdehands.

(b) Van wat die suiwere, egte, goeie Calvinisme is. Hieroor moet hy 'n outoriteit wees, sodat, as iemand antwoord wil hê op die vraag: Wat is Calvinisme? hy homself na Prof. Engelbrecht kan wend om 'n duidelike, gesaghebbende en alles-afdoende antwoord. Iimmers, as ek Christus nie ken nie, kan ek moeilik die Anti-Chris ken as sy teenstander. Om te kan konstateer dat 'n sekere standpunt anti-calvinistiese is, moet ek behoorlik goed op hoogte wees met die goeie, egte en suiwere calvinistiese standpunt. Om te kan uitspreek dat 'n sekere verskynsel [28] deformasie en verbastering is van die Calvinisme, moet ek die egte artikel behoorlik ken.

Prof. Engelbrecht se uitsprake oor die "Neo-Calvinisme" veronderstel dus dat hy 'n outoriteit is oor die Calvinisme en in staat is om hieroor die regte en goeie informasie te verskaf.

(a) Wat die "Neo-Calvinisme" betref, het Professor Engelbrecht beweer dat hy oor eerstehandse kennis hieroor beskik. Iimmers, toe deur ons die suggestie gemaak is dat hy oor Dr. A. Kuyper geskrywe het soos hy gedoen het omdat hy "onkundig" is met die pertinente uitsprake van Dr. Kuyper self oor die verhouding tussen Skrif en belydenis, het hy baie duidelik gesê dat dit nie die geval is nie; dat hy op hoogte was met die bedoelde uitsprake en dit self nog kon vermeerder het.

Oor die bewering van Dr. Engelbrecht dat Dr. A. Kuyper oor Voetius heen sy kerkregtelike denkbeelde aan die Independentisme sou ontleen het, sal ons wel later handel, om dan uit die historie aan te toon hoe seer hierdie bewering uit die lug gegryp is. Hier wil ons egter net op iets anders die aandag vestig. De geagte professor wat met verontwaardiging die gedagte awys dat dit moontlik is dat hy onkundig is met die eie werke van Dr. Kuyper, het geskrywe dat Dr. Kuyper in sy geskrif *Confidentie*, 1873 erken het dat hy sy kerkregtelike opvattinge gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu. Mag ons nou so vry wees om die geagte professor vriendelik te versoek om tog vir ons die bladsy en die betrokke paragraaf van *Confidentie* te noem waar hierdie erkenning van Dr. Kuyper te lees staan? Ons is in besit van 'n eksemplaar wat in 1873 gedruk is by Höveker en Zoon, Amsterdam. Ons het die

werk van a tot z deurgelees, maar vind van sodanige erkenning, as waarvan die geagte professor gewaag, geen sweek of spoor nie. Net een van twee is moontlik — of dat die professor beskik oor 'n ander eksemplaar as ons waarin sodanige erkenning wel voorkom, of dat hy die betrokke sinsnede geskrywe het oor Confidentie, sonder dat hy die werkie self gelees het.

[29] Dit moet vir elkeen duidelik wees dat Prof. E. alleen hierdie misslag kon begaan het uit onkunde met die inhoud van Confidentie. Hier is 'n flagrante voorbeeld van hoe hy vir Dr. A. Kuyper iets in die skoene kan skuif. En as sy kennis van Dr. Kuyper se eie geskrifte nie beter is as hierdie staaltjie in verband met Confidentie nie, sal hy ons dit wel ten goede hou as ons hom sê dat ons nie baie groot vertroue kan hê in sy eerstehandse kennis van die Neo-Calvinisme nie.

Verder beweer Dr. E. dat Prof. A. Kuyper in 'n tweede werk, nml., *Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutionele Vrijheden*, uitgegee in 1874 by B. van der Land, Amsterdam, erken het dat hy sy kerkregtelike opvatting gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu. Hierdie werk van Dr. Kuyper wat ook deur Prof. E. geloof word as 'n "in baie opsigte pragtige studie," was 'n lesing wat hy in November, 1873 in Utrecht voor 'n kring van studente gehou het. Daarna het hy met hierdie studie ook nog opgetree in die kollegesaal van die Teologiese Skool van Kampen, en ook nog op verskillende ander plekke.

Ook in verband met "Het Calvinisme, oorsprong en waarborg, ens." wil ons Dr. E. vriendelik versoek om tog bladsy en paragraaf op te gee waar ons die bestaande beweerde erkenning van Dr. Kuyper kan vind. Self het ons hierdie werk noukeurig deurgelees en grondig bestudeer, maar kon sodanige erkenning maar nie vind nie. Wat ons daar wel in vind is Dr. Kuyper se waardering van die stryd van die Independente, lewende uit grondgedagtes van die Calvinisme, vir gewetens- en godsdiensvryheid. Ons vind daarin verder 'n erkenning van Dr. Kuyper dat die beginsel van skeiding van kerk en staat afkomstig is van die Independente, en nie van die Hugenote, die Hollanders of die Engelse Presbiteriane nie. *Van 'n erkenning egter dat hy sy kerkregtelike opvatting van 'n vrywillig-aangegane kerkverband tussen selfstandige gemeentes of "kerke" met die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap, van die Independente oorgeneem het, is daarin geen spoor te vind nie.* Wat ek wél daarin [30] vind, nml. op bls. 50 onder, is 'n bewering van Kuyper dat sodanige kerkverband van Calvyn self afkomstig is. Hy skrywe: "Een kerkgeheel, waarvan de gemeenten wilooze 'membra' (lede) zijn, heeft hij (Calvyn) nooit gewild. Zijn Synodaal systeem steunde op Confederatie door vrijwillige toetreding en schuwde elken dwang."

Aangeneem dat Dr. Kuyper sy opvatting van die skeiding van kerk en staat van die Engelse Independente oorgeneem het, dan vra ons nog: "Was die Independente dan in alles verkeerd? Kon hulle dan op hierdie punt dit nie aan die regte end beetgehad het nie?"

Bowendien ontken ek dat die beginsel van skeiding van kerk en staat "oncalvinisties" sou wees. Daar het ongetwyfeld in Genève 'n baie nou verband tussen die kerk van Calvyn en die staat bestaan. Maar die geskiedenis wys tog uit dat onder sy invloed feitelik in Pole, sowel as in Hongarye en Frankryk vrye kerke gestig is wat met die staat in glad geen verband gestaan het nie. Hy het die saad van die vrye kerk, wat nie volks- of staatskerk is nie, aan die bodem toevertrou waaruit later die skeiding van kerk en staat opgebloei het in ander lande, ook in Suid-Afrika, en waaruit die beginsel van vryheid van godsdiens gebore is. Die Engelse Independente het slegs hierdie Calvinistiese gedagte uitgewerk.

Dat Dr. Kuyper sy kerkregtelike opvattings sou oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu en dat hy dit in die twee bovenoemde werke sou erken het, is 'n bewering wat van alle grond ontbloot is.

As Dr. E. Confidentie van Kuyper gelees het, sou hy nie die gewraakte bewering neergeskrywe het nie in verband met die kerkregtelike opvattings van Dr. Kuyper,

omdat hy dan sou geweet het dat die manne wat beslis vormend op Dr. Kuyper ingewerk het, Johannes a Lasco was, die Poolse hervormer, wie se werke hy gedurende sy studietyd soos deur 'n bestiering van God raakgeloop het, en Johannes Calvyn. Kuyper sê self in Confidentie dat sy liefde vir die kerklike vraagstuk opgewek is in die jaar 1858 toe hy die werke van Calvyn en a Lasco moes bestudeer in verband met die prysvraag wat die Groninger **[31]** Teologiese fakulteit destyds uitgeskrywe het oor die Kerklike vraagstuk, soos dit in die dae van die Hervorming deur Calvyn en a Lasco opgelos is.

En nou wil ek Dr. E. graag aan 'n persoonlike incident herinner. Hy sal hom dit seker nog wel herinner hoe ons twee mekaar op 15 Desember 1938 ontmoet het op die feesterrein by die Voortrekkermonument op Pretoria. Self het hy ons gesprek gebring op Dr. Kuyper se "Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden." Hy sal ook nog wel onthou met watter entoesiasme hy oor hierdie werk destyds gespreek het wat hy kort vantevore gelees het. Hy was daaroor só entoesias soos 'n man wat pas 'n groot ontdekking gedoen het . . . ja, soseer dat hy die ene vuur en vlam was om hierdie werk van Dr. Kuyper oor te sit in Afrikaans. Hy was van gevoele dat dit by huisendalle onder die volk versprei moes word. Hoe is dan nou skielik die goud so verdonker?

In verband met die Confidentie van Dr. Kuyper het Prof. E. 'n bewering gemaak wat bewys dat hy glad nie op hoogte is met die inhoud van daardie geskrik nie. En wat "Het Calvinisme, ens." betref, moet hy nog aantoon waar Dr. Kuyper die erkenning gedoen het wat hy hom toegedig het.

Hieruit kan wel geoordeel word hoever sy kennis strek van die eie werke van die sgn. Neo-Calviniste. Ook die feit dat hy Dr. Kuyper sekere gevoelens oor die Belydenis toegedig het wat in openlike stryd is met laasgenoemde se baie pertinente uitsprake is 'n bewys dat Dr. E. se kennis van die werke van die woordvoerders van die "Neo-Calviniste" hom nie juis in staat stel om as gesaghebbende informant oor hul gevoelens en teologiese beskouinge op te tree nie.

(b) Die bestryding van die "Neo-Calvinisme" as verbastering en deformasie, veronderstel, soos bo aangetoon, dat Prof. E. goed op hoogte is van wat die goeie, egte, suiwere Calvinisme is, en dat hy as gesaghebbende daaroor uitsluitsel kan gee. Ek kan tog moeilik iets as afdwaling veroordeel, as ek nie op hoogte met die regte ding is nie.

**[32]** Die manier egter waarop hy Dr. Kuyper gevoelens toegedig het wat in lynregte stryd is met die se baie duidelike en pertinente uitsprake; sy misslae in verband met "Confidentie" en "Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden," is nie juis daarop bereken om ons vertroue in hierdie opsig te versterk nie. Indien 'n man sulke foute begaan in verband met die geskrifte van Dr. A. Kuyper wat vir hom toeganklik is, wat moet ons dan verwag wanneer dit geskrifte betref van die Calvinistiese woordvoerders van die 16e en 17e eeue wat uiteraard vir hom veel minder toeganklik is?

Uit sy bestryding van die "Neo-Calvinisme" as *verbastering* en *dwaling* moet noodwendig gekonkludeer word dat Prof. Engelbrecht die antwoord weet op die vraag: Wat is Calvinisme? Sal hy dan nie so goed wees om dit nou eenmaal goed en duidelik aan ons te sê nie?

Want in die jaar 1929 het hy die antwoord op hierdie vraag *nie* geweet nie. In September van daardie jaar het hy 'n brosjure uitgegee by J. H. de Bussy, Pretoria, onder die opschrift: Wat is Kalvinisme? met die ondertitel: 'n Tydvraag. Dit was na aanleiding van die sitting van 'n Calvinistiese kongres en die stigting van 'n Calvinistiese Bond in Bloemfontein. Telkens in daardie brosjure stel hy die vraag: Wie sal vir ons vandag sê wat Calvinisme is? Dit presies sê? In 1929 was sy konklusie dat daar niemand is wat vir ons 'n antwoord op hierdie vraag kan gee nie. Volgens hom sou daar dan net die Calvinisme wees van A en B en C en D wat almal verskillende opvattings daaromtrent daarop nahou en mekaar oor en weer in naam van die Calvinisme bestry! Op die vraag: Wat is Calvinisme? het hy in 1929 gekom tot 'n "non liquet" (dis nie duidelik nie).

Vandag skrywe ons die jaar van ons Here 1943. En wat het ons tog nie in hierdie tyd gevorder nie! Vandag skrywe Prof. Engelbrecht oor die "Neo-Calvinisme" op 'n manier wat ons tot die logiese konklusie noop dat *hy* die fyne daarvan weet, dat *hy* die presiese antwoord kan gee, en dat *hy* die gesaghebbende informant daaroor is

**[33]** Vandag kan hy skrywe van "Neo-Calvinistiese dwaling," van "Anti-Calvinistiese en onreformatoriese en onskriftuurlike standpunt van die Neo-Calvinisme." As die sgn. "Neo-Calvinisme" maar net verskil van die "Calvinisme" van Prof. A. of Prof. B., sonder dat iemand kan sê wat die egte artikel is, (die standpunt en konklusie van Prof. E. in 1929) dan — dit spreek vanself — sou die geagte professor alle reg mis om te praat van "dwaling" en "anti-calvinistiese" standpunt van die Neo-Calvinisme. Dan sou hy hoogstens só ver kon gaan dat hy konstateer dat die Neo-Calvinisme verskil van die Calvinisme van Prof. Engelbrecht wat *hy* doseer aan die Teologiese fakulteit van die Hervormde Kerk in Pretoria, maar sou hy in die midde moes laat watter die regte een is. Die manier waarop hy egter in die jaar 1943 skrywe oor die Neo-Calvinisme bring ons tot die gevolgtrekking dat daar vir hom tussen die jare 1929 en 1943 'n groot lig opgegaan het. Wie het hom die 'lig' laat sien? Miskien Dr. A. Kuyper met wie se "Het Calvinisme, oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden" hy in Desember 1938 eintlik gedweep het?

Dit kan tog nie wees nie!

Nou wie dan?

Sal die geagte professor so goed wees om ons hieromtrent te informeer?

## Hoofstuk 5

### AKKOORD VAN KERKELIKE GEMEENSKAP

Hiermee het ons nou genader tot die crux van die kwessie, volgens Prof. E. tussen hom en die Hervormde Kerk enersyds en Dr. Kuyper en die "Neo-Calviniste" andersyds. Dat die Belydenisskrifte gemaak word tot "akkoord van kerklike gemeenskap" sou dan bewys wees dat die belydenis hoër gestel word as die Skrif, en gemaak word tot kanon, tot maatstaf, tot kern, tot reël van geloof [34] en lewe. Ja, soseer is dit die geval dat Dr. Kuyper en die Gereformeerdes maar honderdmaal kan sê dat vir hulle die verhouding tussen Skrif en belydenis só is dat die belydenis op die Skrif moet rus en aan die Skrif appellabel is; dat dit nooit *naas* die Skrif, laat staan nog daarbo, gestel mag word nie; dat dit nooit in enige gelyke waarde of ook maar in vergelyking van waarde, met die Skrif kan kom nie, — dit alles sê vir Prof. Engelbrecht niks nie. Want dit kom nie aan, volgens hom, op wat daaroor gesê word nie, maar op die praktyk en die konsekvensies van die praktyk. En die praktyk is dat die Belydenis tot akkoord van kerklike gemeenskap gemaak word. Dit sou dan 'n Neo-Calvinistiese "dwaling" wees, oorgeneem van die Engelse Independente van die 17e eeu.

Wat is nou aan van al hierdie fraaiigheid?

Reeds die feit dat Prof. Engelbrecht beweer dat die Gereformeerdes van die *Independente* of *Kongregasionaliste* die gedagte oorgeneem het dat die belydenis akkoord is van kerklike gemeenskap wat vrywillig aangegaan is, laat 'n mens suspisie kry dat alles nie in die haak is in verband met hierdie bewering nie. Immers, wie iets weet van die Independentisme en sy geskiedenis, die weet ook:

- (a) dat daar by die Independente geen vaste kerkverband tussen die verskillende gemeentes of kongregasies bestaan nie, en voorts
- (b) dat daar ook nie 'n bindende belydenis van al die kongregasies is nie, sodat die onderskeie gemeentes soms nogal verskil in rigting.

Die Kongregasionaliste of Independente het só sterk nadruk gelê op die absolute selfstandigheid van elke gemeente, geheel vry van kerkverband en staatsgesag, dat hulle feitlik die kerkverband misken het. Daar kan wei konferensies van die kongregasies gehou word, maar die kan geen bindende besluite neem nie, maar hoogstens adviese uitbring. Die gedagte van algehele selfstandigheid van elke groep wat 'n kongregasie vorm, word baie skerp uitgedruk in 'n petisie wat in 1616 aan Koning Jakobus I [35] van Engeland aangebied is: "The right of spiritual administration and government in itself and over itself by the common and free consent of the people independently and immediately under Christ."<sup>6</sup>

Dit is ook 'n kenmerk van die Independentisme dat daar geen bindende belydenis vir die kongregasies is nie. Juis by hulle bestaan daar soms nogal 'n taamlike mate van rigtingsverskil in die leer by verskillende kongregasies — 'n mate van leervryheid.

*Nou is dit so snaaks dat die Gereformeerdes van hierdie mense huis iets sou oorgeneem het wat die Independente, blykens hul geskiedenis, self nooit gehad het nie, nml. die gedagte van 'n vaste kerkverband, vrywilliglik aangegaan, rondom die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Van sulke oorname — ek beken dit eerlik — begryp ek niks nie.*

Hieruit sal dit wel al duidelik blyk dat 'n mens wat enige kennis van sake het, by enige nadenke, 'n vraagteken moet plaas agter hierdie bewering van die geagte professor. Alleen iemand wat van sake niks weet en ook nie verder ondersoek nie, kan hierdie bewering met huid en haar sluk.

<sup>6</sup> Prof. Dr. H. Bouwman in 'n artikel: Congregationalisme in Christelijke Encyclopedie, Deel I, p. 498, uitgave J. H. Kok, Kampen.

As die geagte professor sou beweer het dat die Gereformeerdes hierdie gedagte van 'n kerkverband rondom die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap oorgeneem het van die Engelse Episkopaalse Kerk, sou hy met baie kragstinspanning en kunstoere miskien daarin kon geslaag het om so 'n bewering te omklee met 'n skyn van geskiedkundigheid, al sou 'n mens natuurlik hieroor gelag het. Maar hierdie een van die Independente is so kostelik dat ons nie verder woorde hieroor hoef te verspil nie.

Nog 'n tweede oorweging: Ons belydenisskrifte word gewoonlik genoem die *Formuliere van Enigheid*. Reeds die eerste sinode van Nederlandse Geref. Kerke, nml. die van Embden, 1571, het bepaal dat die Geloofsbelofte [36] onderteken moet word "om die eendrachtigheydt in de Leere tusschen de Nederlandtsche Kercken te bewijzen". Let wel, hier staan "tusschen de Kercken". Reeds op die eerste sinode word erken dat die belydenis die akkoord van kerklike gemeenskap is (al word hierdie uitdrukking nie gebruik nie) en word daarom bepaal dat die afgevaardigdes van die verskillende Geref. Kerke dit moet onderteken om so hulle eendragtigheid in die leer te bewys.

Wat is daar dan oncalvinisties en onreformatories en onskriftuurlik in?

Niemand vind dit vreemd dat 'n politieke party 'n politieke geloofsbelofte besit en dat dit die akkoord van hul politieke gemeenskap en saamhorigheid vorm nie.

Eers wanneer ons by die kerk kom, verneem ons die teenwerping dat 'n kerkbelydenis wat Formulier van Enigheid is, eigenlik ongeoorloofd is. En wanneer daarvan gemaak word "akkoord van kerklike gemeenskap", dan sou dit anti-calvinisties, onreformatories en onskriftuurlik wees!

Hierdie beskuldiging is egter ontbloot van alle grond. Die ou Gereformeerdes het van die begin aï die belydenis-skrifte beskou as Formuliere van *enigheid* en van *suiwerheid* in die leer en het hulle aanvaar as "akkoord van kerklike gemeenskap".

Voor die Dordtse Sinode, 1618, 1619, het die Gereformeerde Kerke van Nederland slegs die Nederlandse Geloofsbelofte en die Heidelbergse Katechismus gehad as uitdrukking van die gemeenskaplike gereformeerde geloof. Die Konfessie is die belydenisskrif van die Gereformeerde Kerke waarin rekenskap gegee word van die gereformeerde geloofswaarheid volgens die Skrif aan *buitestaanders*. Die Heidelbergse Katechismus bely dieselfde gereformeerde waarheid volgens die Skrif vir hulle wat *binne die kerk* is. Albei hierdie stukke is gebore uit die nood van die tye, *voordat daar feitlik nog enige kerkverband bestaan het*, as uitdrukking van die gemeenskaplike gereformeerde geloof.

[37] In 1563 het die predikante in die Suidelike Nederlande die Konfessie reeds onderteken as hul belydenis op 'n samekoms te Armentières, terwyl dit in 1565 te Antwerpen verbindend verklaar is vir die hele Waalse kerk.

Pas in 1568, met die samekoms van 'n aantal persone in Wezel, is die grondlyne van 'n gereformeerde kerkverband ontwerp, in die geloof dat die Nederlande sou vry kom en dat die deur vir die Evangelie dan sou geopen wees. En as hulle die kerkverband vir die toekoms ontwerp, word daar goedgevind dat in verband met die ondersoeking van Dienaars van die Woord "vervolgens zal gevraagd worden of *hij in alles overeenstemt met die leer, welke openlijk in de kerk onderhouden wordt volgens hetgeen in de Belijdenis des geloofs*", die eerst aan den Koning van Frankrijk door de Dienaren der kerken van dat rijk is aangeboden en daarna in onze landstaal overgezet zijnde, aan den Koning van Spanje en de overige Overheids-personen van Nederduitschland is opgedragen en overhandigd, en eindelijk ook in den Catechismus vervat is". (Wezelse Artikels, hoofstuk II, art. 8.)

In die jaar 1571 is in Embden 'n sinode gehou van afgevaardigdes van Nederlandse kerke onder die kruis, verstrooi in Duitsland en Oos-Friesland. Op hierdie sinode was daar afgevaardigdes uit onderskeie gemeentes, soos Frankendaal, Emden, Aken, Wezel, Heidelberg, Emmerik, Keulen, Antwerpen, Gent, Vlaanderen, Amsterdam, Brielle, Hoorn, Schagen en Twisk, terwyl blyk uit die ondertekening dat die vergadering ook bygewoon is deur enige toekomstige Dienaars van die Woord. Op hierdie sinode is bepaal: "Om die

eendrachtigheydt in de Leere tusschen de Nederlandtsche Kercken *te bewijzen*, heeft het den Broederen goet ghedoch de belijdinghe des Gheloofs der Nederlandtsche Kercken *te onderschrijven*, insgelycx oock de belijdinghe der Kercken in Vranckrijck te onder-teecken, om daer mede hare verbindinghe ende eenigheyt met derselver Françoischer Kercken te betuygen, seeckerlijck vertrouwende, dat de Dienaren der selver Françoischer Kercken oock op hare zijde de belydenisse des Gheloofs der Nederlandtscher Kercken, tot [38] *ghetuyghnisse der onderlingher eendrachtigheyt*, onderschrijven zullen". (Art. 2.)

Die sinode van Embden het oor hierdie saak vir Petrus Datheen en Johannes Taffinus afgevaardig om na die eersvolgende Franse sinode te gaan en die saak daar te gaan behartig.

Verder is besluit: Men sal oock de Nederlandtsche Kercken-Dienaaers die in dese versamelinghe niet en zijn, vermanen, dat sij in die selve onderschrijvinghe bewillighen: T' selve salmen oock allen anderen doen, die van nu voortaan, tot den dienst des Woorts beroepen sullen worden, eer sij in haren dienst treden". (Art. 4.)<sup>7</sup>

Uit die bostaande blyk baie duidelik:

- (a) dat die belydenis histories aan die kerkverband voorafgegaan het;
- (b) dat die samekoms van Wezel in 1568 planne ontwerp om 'n kerkverband teweeg te bring tussen kerke wat nog in die toekoms sou kom wanneer dit God sal behaag om 'n deur vir die Evangelie in Nederland oop te maak, wanneer die gereformeerde belyders uit die verstrooiing sal kan terugkeer en die planne sal kan *uitgevoer word*;
- (c) dat die belydenis van die kerk die middel is om ..eendragtigheid" en "suiwerheid" in die kerkleer te bevorder;
- (d) dat die belydenis die "akkoord van kerklike gemeenskap" is. Die vergaderinge van Wezel en Embden gebruik wel nie hierdie uitdrukking nie, maar die saak is daar. Wezel verlang dat aan alle Dienaaars van die Woord sal gevra word instemming in alles met die leer wat openlik in die kerk onderhou word volgens die Belydenis van die geloof. En Embden bepaal dat alle Dienaaars die Belydenis van die geloof moet onderskrywe; [39]
- (e) hierdie ondertekening het nie die Belydenis en die Kategismus *gemaak* tot Formuliere van Enigheid nie. Verre daarvandaan. Hulle is erken as formuliere vir die kerklike eenheid, omdat hulle uitdrukking was van die gemeenskaplike geloof. Maar die ondertekening daarvan is getuienis van die onderlinge *kerklike band en gemeenskap*, soos ook hieruit blyk dat Embden goedvind om ook die Geloofsbelijdenis van die Gereformeerde Kerke in Frankryk te onderteken om "daermede hare verbindinghe ende eenigheyt met der selver Françoischer Kercken te betuygen" (ad testandum harum Ecclesiarum cum Ecclesiis Regni Galliae consensum et conjunctionem — wie nie onderteken nie, verbreek die band);<sup>8</sup>
- (f) dat die Belydenis en Kategismus niks anders was nie as die kort samevatting van die waarheid van die heilige Skril, en tewens waarborg en getuienis van die eenheid in geloof en kerklike gemeenskap.

Die beskuldiging dat dit oncalvinisties, onreformatories en onskriftuurlik sou wees om die Belydenisskrifte te hê as Formuliere van Eenheid en as waarborg en akkoord van kerklike gemeenskap, is uit die lug gegryp en in stryd met die historiese waarheid.

Alle volgende sinodes het bepaal dat die belydenisskrifte deur Dienaaars van die Woord en professore in die Teologie moes *onderteken* word. En deur hierdie ondertekening

<sup>7</sup> Hierdie en die voorgaande aanhalings uit die Handelinge van die oudste Nederlandse Kerkvergaderinge word gedoen uit die werk van Dr. F. L. Rutgers: Acta van de Nederl. Synoden der XVI Eeuw, gedruk by Martinus Nijhoff, 's Gravenhage, 1889.

<sup>8</sup> Dr. F. L. Rutgers, a.w. p. 56.

moes instemming betuig word met die leer van die kerk, vervat en uitgedruk in hierdie Formuliere. En toe die Dordtse sinode die Dordtse Leerreëls in 1618-1619 opgestel het, is ewe-eens bepaal dat deur ondertekening daarvan instemming moes betuig word. En Dienaars van die Woord wat geweier het om dit te doen en in hul weiering volhard het, is ten slotte afgesit uit die diens.<sup>9</sup>

Dit is geen *Neo-Calvinistiese dwaling*, soos Prof. Engelbrecht beweer, om die belydenis te aanvaar en te **[40]** handhaaf as "akkoord van kerklike gemeenskap" en Formulier van Enigheid, maar 'n *Oud-Calvinistiese regsinningheid*. Wie dit as sodanig aanneem en handhaaf, is op Oud-Gereformeerde weg; wie dit as sodanig verwerp en bestry, is op Remonstrantse pad, en hang Remonstrantse dwalinge en praktyke aan.

Ons beweer nie hiermee dat Prof. Engelbrecht homself opsetlik en bewustelik in die Remonstrantse kamp begeef het en homself met hierdie rigting vergeselskap het, om sekere van hul dwalinge en wangevoelens te propageer nie. So 'n gedagte aan opset en bewuste Remonstrantisme van die kant van Prof. Engelbrecht koester ons vir geen enkele oomblik nie. Maar dit alles neem nie weg dat die gevoelens van Prof. Engelbrecht insake die belydenis as Formulier van Enigheid en as akkoord van kerklike gemeenskap die van die Remonstrante is wat deur die Gereformeerde Kerke van Nederland so fel bestry en deur die sinode van Dordrecht, 1618, 1619, afgewys en veroordeel is. Onbewus is Prof. Engelbrecht in hierdie pad en dit val nie moeilik te bewys nie.

Die geskiedenis van die Geref. Kerke in Nederland bewys dat dit juis die Remonstrante was aan die einde van die 16e en die begin van die 17e eeu wat alles in hul vermoë gedoen het om die belydenis uit die kerk as Formulier van Enigheid en akkoord van kerklike gemeenskap geweer te kry. In hierdie verband is baie leersaam wat destyds tydens die Remonstrantse troebele gebeur het.

Weens die verhouding destyds tussen kerk en staat was die samewerking van die State-Generaal en die Provinciale State nodig om 'n generale sinode bymekaar te roep om die leergeskille tot beslegting te bring. Die State het allerlei moeilikhede in die pad van sodanige kerklike samekoms gelê. In die jaar 1606 het die State-Generaal aan 'n kommissie uit die kerke vir advies sekere punte voorgelê om 'n voorbereiding te maak vir 'n generale sinode. Hierdie kommissie het in Mei 1606 in Den Haag bymekaar gekom om adviese op te stel oor die voorgelegde vraagpunte. Hulle kon egter geen eenstemmigheid bereik nie. Vier van die lede van hierdie kommissie was van **[41]** die Remonstrantse rigting en het alles in hul vermoë gedoen om die samekoms van 'n generale sinode te voorkom. Daar is toe 'n meerderheids- en minderheids-rapport ingedien.<sup>10</sup> Die State-Generaal het van die Gereformeerde deel van hierdie kommissie toe later sy redene vir sy rapport gevorder. Op 17 Oktober 1607 is toe in Amsterdam 'n verklaring van die redene opgestel en aan die State-Generaal oorgelewer. Uit hierdie verklaring blyk dat die vier Remonstrantse kommissielede op die *drie* navolgende punte van die meerderheid van die kommissie só verskil het dat hulle nie tot eenstemmigheid kon kom nie.

Die Remonstrante het geëis:

1. dat die afgevaardigdes na die Nasionale sinode ontslaan moet word van hul *verbintenis* aan die Kategismus en die Konfessie van die Nederlandse Kerke, gedurende die ondersoek en oordeel oor die leer, om so des te vrymoediger hul mening te kan verklaar oor al die besware wat die leer betref;
2. dat onder die Nasionale sinode verstaan moet word nie alleen die gedeputeerde nie, maar ook alle deputerendes self, na wie reses geneem sal mag word indien enige sake in die Nasionale sinode voorkom waarin die gedeputeerde hulself beswaard mag vind en

<sup>9</sup> Acta der Nationale Synode van Dordrecht, 1618 en 1619, vermeerderd met de Post-Acta, pp. 941, 946; uitgawe van J. H. Donner en S. A. van den Hoorn; gedruk by D. Donner te Leiden.

<sup>10</sup> Voorrede aan de Gereformeerde Kerken van Christus, pp. X en XI in aangehaalde uitgawe van die Acta van die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618 en 1619.

dat alles wat op hierdie manier besluit word, gehou moet word vir 'n finale en definitiewe oordeel;

3. dat in die bogenoemde sinode die Konfessie van die Nederlandse kerke moet en behoort gerevideer te word en dat niemand homself beswaard behoort te voel oor 'n klousule in die saamroepingsbrieve in verband met die revisie van die Kategismus en die Belydenis, omdat revisie sowel konfirmasie as korreksie veroorsaak.<sup>11</sup>

Uit die bostaande blyk dat die Remonstrante hul bes gedoen het om 'n sinode te kry wat nie aan die belydenis <sup>[42]</sup> van die kerke gebind is nie en nie verbonde sou wees om die leer, soos dit in die belydenis vervat is, te handhaaf nie; dat hulle by voorbaat die belydenis van die kerke in staat van beskuldiging wou stel; en dat hulle 'n beslissing oor die afwykinge en dwalinge van die Remonstrante by voorbaat onmoontlik wou maak.

In 'n uitgebreide stuk het die Gereformeerdes hierdie gevoelens van die Remonstrante weerlê. Ons kan nie hul hele weerlegging hier afdruk nie, maar bepaal ons tot hul argumente oor punt 1. <sup>12</sup>)

Aangaande punt 1 van die advies van die Remonstrante aan die State-Generaal, nml. dat die afgevaardigdes na die generale sinode ontslaan moet word van hul verbintenis aan die belydenisskrifte, het hulle die volgende verklaring gegee van hul redene waarom hulle nie met so iets kon saamstem nie:

"Altyt hebben de orthodoxi ende recht gevoelende leeraers der kerken bekent (gelyck wy ook doen) dat het geschreven woort Godts sy de eenige regel onses geloofs, daer aen alle leeringe beproeft ende daerna aangenomen ofte simpelyc verbonden sijn.

Nochtans diewyl dit Woort van den ketteren ooc wert voorgewendt ende misbruyckt tot een decksel harer dwalingen, so syn door de recht gevoelende leeraers der kereke na rype deliberatie ende gemeene toestemminge der gantscher kercken eenige symbola oft belydenissen des geloots tot allen tyden gestelt, als daer syn, het Symbolum der Apostelen, Symbolum Nicenum ende andere daer na.

Dese hebben haren gront ende vasticheyt uut Godes woort, maer en syn niet van gelycke autoriteyt met den Woerde Godts als dwelc syne autoriteyt van hem selven <sup>[43]</sup> heeft, maer die andere niet van haer selven, maer van den Woerde Godts.

Soo is ooc de nutticheyt van dien, dat se gedient hebben om de ketters ende haere dwalingen te ontdecken, die anders onder den name van Godts woordt gedreven worden.

*Item om de kerken ende leeraers in eendrachticheyt onder malkanderen te houden, ende scheuringen te vermyden alsooc om de suyverheyt der leere tot den naecomelinge voort te planten, daeromme sy oock in sulcken sin normae ofte regulae van den ouden genoemt werden, ende ooc nog genoemt mogen worden als uit Godes Woort genomen ende opt selve gegrondet. Ende en is noyt een wettige Synodus gehouden sonder secundario aan eenige confessie ofte symbolum gebonden te syn.*

Dit hebben oock nagevolgt evangelische kerken, die van het pausdom afgescheyden syn by onse tyden, in Duytslant, Switzerlant, Francryc, Engelant, Schotlant, etc.

Ende alsoo Got Almachtich ooc in de Nederlanden het licht des Evangelij heeft laten opgaen, so is ooc met een gemeen consent die belydenisse des geloofs der Nederlantsche kercken gestelt, ende tot noch toe sonder tegenspreken van allen

---

<sup>11</sup> Vgl. aangehaalde Voorrede, p. XI.

<sup>12</sup> Verklaring der redenen van de advysen der meeste stemmen in de vergadering, gehouden in 's Gravenhage in Mey 1607 over zekere pointen bij de HH.Staten-Generaal overgegeven, om eene voorbereiding te maken tot de aanstaande Synodus-Nationaal, onderteekent in Amsteldam, 17 October, 1607.

denselven kercken gehouden geweest.

Daeruit dese nutticheden syn gevolgت:

- I. Dat daermede de kercke is gerechtveerdigt geworden van vele calumniën, daermede sy by de overheyt is beschuldigt geworden.
- II. Is oock onderscheyden van wederdooperen ende andere secten die met de reformatie mede opgeresen syn, ende syn de rechtgeloovige daerdoor in de gesonde leere bevestigt, ende voor de verleydinge der valsche leere bewaert.
- III. *Hierdoor is oock eendrachtigheyt onder de leeraeren ende kerkcken gehouden, als aan de welcke sy allen verbonden syn, om scheuringe te vermeyden, daeromme het ook hoochnoodich is, dat deselve noch [44] onderhouden worden . . . ." (Bostaande kursivering van ons, J.V.C.)*

En as daar dan gewys word op die gevare wat sal volg as die sinodale afgevaardigdes ontslaan word van hul verbintenis aan die belydenis, dan word onder hierdie gevare o.a. die volgende opgesom:

- I. "Dat dese belydinghe ende catechismus en de leere daer inne begrepen, die nu veertich jaren lanck in dese Nederlande is gepredickt, daerop so vele vrome martelaren haer bloet hebben gestortet, daeromme veele andere huys ende hof verlaten hebben, ende syn komen wonen in deze Vereenigde Nederlanden, ende tot haere groote schade de lasten des oorlogs hebben helpen dragen, in twijfel sal getrocken worden.
- II. "*Hiermede sal oock; den bant van de eenicheyt der leere onder de kerckendienenaeren gebroken, immers in groot perikel van verbreekinge gestelt worden.*
- III. "*Sal oock hiermede in twijfel getrocken, gequetst ende eyndelyc gesceurt worden de eenicheyt, die tusschen de Nederlantsche kercken ende de uytheemsche is, immers sal denselven groote billicke offensie gegeven werden ende namentlyck den Paltzgravischen dat men (sonder haer daervan te waerschouwen) de leere in haren catechismo begrepen, die tot nog toe openbaerlyck in alle de Vereenigde Nederlanden is gepredickt geweest, nu soude gaen trekken in twifel . . . ." (Kursivering van ons, J.V.C.)*

Die Remonstrante het natuurlik ook hul teenargumente gehad. So was hul tweede teenargument dat daar geen twyfelagtigheid in die religie ingevoer word as die deputate ter sinode van hul band aan die belydenisskrifte ontslaan sou word nie. Hierop het die Gereformeerde deel van die Kommissie geantwoord:

"Het is tegen nature ende alle reden te seggen, dat niet in twijfel soude getrocken worden tgene daer van men van selfs ende uit geen andere voorgaende oorsake dan omdat het een menschelyc schrift is, ende dwalinge onderworpen, ondersoek gaet doen of het de waerheyt is ofte niet, ende of de waerheyt daar oock met schriftuerlycke manieren [45] van spreken uit gesprocken is, ende offer niets strydich en is ende diergelycken.

*Oock wert den bant der eenicheyt nootsakelyc gebroken, als men aan de aengenomene eendrachtigheyt niet meer gehouden en is door de ontslaginge van verbintenis, even gelyck eenen bos met pijlen niet meer vast by een en leydt, als den bant daer mede se styf gebonden was, los gesneden is . . . ." (Kursivering van ons, J.V.C.)*

Hierdie stuk is geteken deur Johannes Fontanus, predikant van Arnhem, Hermannus Faulius, predikant te Middelburg, Joannes Leo, predikant te Bommel, Henricus Brand Willemesz., predikant te Zierikzee, Joli. Beeius, predikant te Dordrecht, Franciscus Gomarus, Prof. in die Godgeleerdheid in Leiden, Wernerus Helmichius, predikant te Amsterdam, Hermannus Gerardi, predikant te Enkhuizen, Sibrandus Lubbertus, Prof. in die Godgeleerdheid te Franeker, Johannes Bogermannus, predikant te Leeuwarden en later voorsitter van die Dordtse sinode, Johannes Acronius, predikant te Groningen, Johannes Nicasius, predikant te Middelstum en Thomas Goswinus, predikant te Kampen.

Hierdie manne was almal onverdagte Gereformeerdes. En uit wat in die jaar 1607 bokant hul handtekening verskyn het, blyk sonneklaar dat die ou Gereformeerdes aan die einde van die 16e en die begin van die 17e eeu die beskouing toegedaan was dat die belydenisskrifte die band van enigheid tussen die verskillende kerke was en die akkoord van kerklike gemeenskap. Neem die belydenisskrifte weg en ontslaan bedienaars van die Woord en kerklike vergaderinge van hul aanvaarding daarvan, en alle enigheid is terstond soek en kerklike samelewing het onmoontlik geword, volgens hulle beskouing. Dit was nie die ou Gereformeerdes wat daarvoor geywer het om die band van die belydenis tussen die verskillende kerke (gemeentes) losser te maak, bedienaars van die Woord te ontslaan van hul verbintenis aan die belydenisskrifte en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap uit die kerk geweer te kry nie, maar die **Remonstrante**. En dit is duidelik dat Prof. Engelbrecht deur sy verwering van **[46]** die Belydenisskrifte as akkoord van kerklike gemeenskap, hom bevind in die geselskap van die Remonstrante, terwyl die sgn. Neo-Calviniste hulself aan die ander kant bevind in die geselskap van die Ou-Calviniste.

Nog 'n baie interessante iets blyk uit die bo-aangehaalde stuk van die Gereformeerde Kommissie van Advies in 1607. Prof. Engelbrecht veroordeel dit onvoorwaardelik dat die belydenis 'n *kanon, maatstaf of reël* sal wees, en hy brandmerk dit as Neo-Calvinistiese dwaling waaruit juis sou blyk hoe hulle van die regte Gereformeerde lyn sou afgewyk het! En hoor nou 'n bietjie daardie Gereformeerde vaders, daardie stoere Calviniste uit die begin van die 17e eeu: "daeromme sy (d.w.s. die belydenisskrifte) oock in sulcken sin *normae ofte regulae* van den ouden genoemt werden, ende ooc nog genoemt mogen worden als uit Godes Woort genomen ende opt selve gegrondvast."

Ja, die Dordtse sinode het self gepraat van sy *Canones of Leerreëls* teen die Remonstrante wat soseer tot akkoord van kerklike gemeenskap gemaak is dat alle predikante wat geweier het om dit te aanvaar en te onderteken, uit die diens afgesit is! Al daardie mense was seker Neo-Calviniste wat die belydenis gestel het bokant die Skrif, toe hulle daarvan 'n reël, maatstaf en kanon gemaak het en gesê het: die belydenis is die *norm vir wat in die kerk geleer mag word*. Dit wil nou lyk asof die "Neo-Calvinisme" so oud is as die onmiddellike leerlinge van Calvyn, asof die Geref. Kerke in die 16e en 17e eeu in Nederland tot in die wortel besmet was met "Neo-Calvinistiese dwaling" a lá Prof. Engelbrecht; ja, asof al die evangeliese kerke in die 16e eeu in die verskillende lande met hierdie "dwaling" besmet was, want hulle het die belydenis as "bant van enicheyt" of akkoord van kerklike gemeenskap geken; asof selfs die christelike kerk van die eerste vier eeue al die kieme van . hierdie "Neo-Calvinistiese dwaling" in die bloed gehad het toe hulle die Apostoliese geloofsimbool en die van Nicea normae en regulae genoem het. Dit wil ten slotte gaan lyk asof die hele regiment uit die pas loop en net een soldaat in die regiment in die pas stap!

## [47] Hoofstuk 6

### "BANT VAN EENICHEIT"

Die Ou Gereformeerdes van die 16e eeu en al die Kerke wat in die verskillende lande in daardie tyd uit die Reformasie voortgekom het, het die belydenis van die kerke geken as die band van enigheid tussen hulle, terwyl hulle van die belydenis ook gespreek het as "norm" of "reël," soos ons in die vorige hoofstuk aangewys het. Die belydenis het vir hulle ook sekere ouoriteit besit — *afgeleide ouoriteit*. Die kerklike vergaderinge was *secundario* gebind aan die belydenisskrifte van die kerk. *Primo* was die binding aan die Woord van God. Presies soos Maresius gesê het: die heilige Skrif is noodsaklik tot saligheid, die Konfessie is alleen noodsaklik vir die posisie en die verband van die kerke; die gesag van die heilige Skrif bind die konsensie sonder meer, maar die konfessie bind die konsensie alleen kragtens die verband waarin ons met die kerke staan.

Prof. Engelbrecht skrywe: "Die woord van die kerk is nie die gesaghebbende woord nie, maar die woord van die Skrif is dit.<sup>13</sup> Laat ons ons dan ook hou aan die [48] standpunt van Artikel I van ons kerkwet: die kerk grond hom op die Skrif waarin die Woord van God tot ons spreek, en nadat die kerk daardie Woord beluister het, spreek hy sy eie woord, die belydenis. Die belydenis is die woord van die kerk wat alleen dan gespreek mag word as die Woord van God in die Skrif gehoor is. Die kerk grond sy woord op die Skrif en bevestig dit met die Skrif, want alleen die Skrif is heilig en kanoniek.<sup>14</sup>

---

<sup>13</sup> [46] Die bewering van Prof. E. dat die woord van die kerk, gespreek nadat die kerk die Woord van God beluister het, nie 'n gesaghebbende woord is nie, is in stryd met 1 Tim. 3:15, waar die apostel Paulus spreek van "die gemeente (kerk) van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid". Calvyn verklaar hierdie teks só dat die gemeente (kerk) van God die element is waarin en die middel waardeur die waarheid suiwer bewaar en gehandhaaf word. Hy sê: "Is die kerk nie die moeder van alle godvrugtiges nie wat hulle wederbaar met die Woord van God, wat hulle opvoed en voed hulle lewelank, wat hulle bevestig, wat hulle onafgebroke lei tot die volle volkommenheid? Om hierdie rede huis word dit genoem 'n pilaar van die waarheid: omdat die amp van die bediening van die leer wat God in die kerk gedeponeer het, die geheel-enige instrument is vir die behoud van die waarheid, sodat dit nie uit menseheugen sal vergaan nie."

'n Kerk, sonder 'n "gesaghebbende" woord, is geen pilaar en vastigheid van die waarheid nie. Om in ooreenstemming te wees met 1 Tim. 3:15 moet die woord van die kerk gesaghebbend [47] wees. Net so min as wat die gehoorsaamheid wat ons aan God verskuldig is, ons ontslaan van gehoorsaamheid aan ons ouers en almal wat oor ons gestel is, net so min hef die gesag van die Woord van God die gesag van die woord van die kerk op. En netsoos ons alleen daartoe geregtig is om aan mense gehoorsaamheid te weier wanneer sodanige gehoorsaamheid sou meebring ongehoorsaamheid aan God, netso is ons alleen daartoe geregtig om die woord van die kerk te verwerp wanneer hierdie woord met die Woord van God in stryd is. Maar dan moet dit eers bewys word dat die woord van die kerk, in sy belydenis of prediking, op een of ander punt met die Woord van God nie in ooreenstemming is nie. Die kerk se leeramp moet met gesag kan spreek, anders is die kerk self nie meer pilaar en grondslag van die waarheid nie. En die kerklike leeramp spreek huis in die belydenisskrifte gesamentlik.

<sup>14</sup> [48] Die volledige Art. I van die Wet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika lui: "Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit al die Nederduits Hervormde Gemeentes in Afrika. Die Kerk grond hom op die Bybel as die Woord van God; sy belydenis is uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, naamlik die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Katechismus en die Dordtse Leerreëls, soos in 1S18 en 1619 in Dordrecht vasgestel."

Hoewel Art. I, soos bo geformuleer, oor die gesag van die Belydenisskrifte minderseggend is as die vroeëre Art. I wat in 1889 bestaan het (vide Ds. M. J. Goddefroy, a.w. bls. 89), is die bedoeling tog om te kenne te gee dat die Belydenisskrifte gegrond is op die Woord van God, in volle ooreenstemming daarvan is en dus 'n "gesaghebbende" woord van die kerk is waarin die leer van die Bybel saamgevat is.

Dat dit (en niets anders nie) die sin is van die vermelding van die Belydenisskrifte in Art. I van die Kerkwet, blyk o.a. uit die ondertekeningsformulier van predikante van die Herv. Kerk, volgens art. 229 van die Kerkwet, waarvan die laaste sin lui: "De ondertekenaar van deze formule verklaart door zijn handtekening dat hij de leer,

**[49]** Dit is nie die volle waarheid dat die woord van die kerk in sy belydenisskrifte nie 'n gesaghebbende woord is **[50]** nie. Dit is slegs gedeeltelik waar. Gesien ten opsigte van die Woord van God is dit waar. Die is die absoluut gesaghebbende Woord, en die bind die konsensies onvoorwaardelik. Maar dit is nie so asof die woord van die kerk, soos dit in die belydenis geformuleer is, glad geen outoriteit sou besit nie. Die belydenis van die kerk besit *aangeleide outoriteit* - aangelei uit die Woord van God. En die belydenis bind wel deeglik die konsensies *kragtens die verband waarin ons met die kerke slaan*. Hierdie binding rus natuurlik in die Woord van God. *Primo* is die kerke gebind aan die Woord van die Here en *secundario* aan die belydenis.

Dit is goed en reg om te sê, soos daar staan in Art. 1 van die kerkwet van die Hervormde Kerk van Afrika, dat die kerk hom grond op die heilige Skrif. Ons stem van ganser harte daarmee saam. Maar daarmee is nog nie genoeg gesê nie. Meteens kom die vraag daarby: wat bely jy van die heilige Skrif? Glo en bely jy dat die heilige Skrif die Woord van God is en glo jy sonder enige twyfel *al wat* daarin geskrywe staan (Art. 5, Nederl. Geloofsbelijdenis), of glo jy dat die Woord van God *in* die heilige Skrif tot ons spreek, in die sin waarin die Eiese rigting van die Nederlandse Hervormde Kerk dit glo? Glo jy dat die heilige Skrif die Woord van God is, of glo jy dat die Woord van God *in* die Skrif is en dat dit aan elke teoloog en predikant moet oorgelaat word om self uit te maak wat in die heilige Skrif die Woord van God is en wat nie?

Om hierdie rede sê ons dat daar nog *nie genoeg gesê* word nie as 'n kerk in art. 1 van sy kerkwet sou skrywe: die kerk grond hom op die heilige Skrif.

Ook nog om 'n ander rede. Alle ketters sal van harte saamstem dat die kerk homself alleen op die heilige Skrif moet grond. Maar hier hou hulle saamstemming ook op. En hulle gebruik die Skrif net as 'n voorwendsel en deksel vir hulle dwalinge en verwerp die simbole of belydenisse van die kerk.

Hierom het die kerk van Christus dan ook die noodsaaklikheid besef van simbole of

---

die in bovengenoemde Formulieren is vervat, gelooft overeenkomstig Gods Woord *te zijn*".

**[49]** Hierdie artikels uit die Kerkwet — as 'n mens hulle sonder vooroordeel lees — kan alleen só verstaan word dat die Herv. Kerk van Afrika homself stel op die standpunt dat die woord van die kerk, gespreek in die Belydenisskrifte, "gesaghebbend" is — al word dit nie met soveel woorde gesê nie. Daarom laat hy dan ook, volgens art. 229 van die Kerkwet, alleen iemand as kandidaat tot die heilige diens toe en verklaar hy hom alleen beroepbaar, nadat hy '21 formulier onderteken het waarin hy verklaar dat hy die leer wat ooreenkomsdig Gods heilige Woord vervat is in die drie Formuliere van Enigheid, hartlik omhels en getrou sal leer, en dat hy glo dat die leer in bovenoemde Formuliere vervat, ooreenkomsdig Gods Woord is. Die Herv. Kerk van Afrika kon nooit sulke bepalings in sy Kerkwet opgeneem het nie, as hy homself nie op die standpunt gestel het dat die woord van die kerk, gespreek in die Belydenisskrifte, "gesaghebbend" is nie. As hy hom nie op hierdie standpunt gestel het nie, sou sy ondertekeningsformulier eenvoudig gewetensdwang wees.

Op die standpunt van Prof. E. egter, nl. dat die woord van die kerk nie "gesaghebbend" is nie, beteken Art. I van die Kerkwet, waarin die Herv. Kerk verklaar dat hy hom grond op die Bybel as die Woord van God, natuurlik nie veel nie. Want Art. I van die Kerkwet is maar 'n "woord van die kerk" en die woord van die kerk is nie "gesaghebbend" nie. Ook al bely die kerk in art. 5, Ned. Geloofsbelijdenis, dat hy die boeke van die Bybel aanneem as heilig en kanoniek, om sy geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig; en dat hy sonder enige twyfel alles glo wat daarin vervat is, dan is dit, op die standpunt van Prof. E" ook nie van veel betekenis nie, want ook hierdie artikel is maar 'n "woord van die kerk". en die woord van die kerk is nie die "gesaghebbende" woord nie. Ek glo dat Prof. E. wel sal voel dat dit nie gaan om die gesag van die Goddelike Woord uit te speel teen die van die Belydenisskrifte nie, asof laasgenoemde niks meer as 'n blote mensewoord sou wees nie. Sodanige handelwyse bring ons in allerlei onmoontlike situasies. En ek glo verder dat hy sal voel dat die enigste houdbare standpunt is om die gesag van die woord van die kerk — die Belydenisskrifte — te handhaaf *onder* die Woord van God, netsoos ons die plig om ouers en owerhede te gehoorsaam handhaaf onder die gehoorsaamheid wat ons aan God verskuldig is. Maar dit is iets anders as om te verklaar: "Die woord van die kerk is nie die gesaghebbende woord nie, maar die Woord van die Skrif is dit", asof die gesag van die laasgenoemde verbied dat aan die eersgenoemde ook gesag mag toegeken word.

[51] geloofsbelijdenisse waaraan *afgeleide ouoriteit* kleef en waaraan die gemeentes in die kerkverband *secundario* gebonde is. En in *hierdie sin* is die simbool of geloofsbelijdenis "bant van eenicheyt" en het die kerke ondertekening daarvan geëis en aanvaarding daarvan as akkoord van kerklike gemeenskap en samelewing.

Dit is ook goed en reg om te sê dat die kerk sy eie woord, nml. die belydenis, spreek en alleen mag spreek nadat hy die Woord van God beluister het. En ons stem van harte hiermee saam, en sê daar volmondig "amen" op.

*Maar dit is nie die kwessie* waaroor dit gegaan het in die 17e eeu, tydens die Remonstrantse stryd, in die 19e eeu tydens die Afskeiding van 1834 uit die Hervormde Kerk in Nederland, en in die tagtiger jare met die Doleansie nie. Die kwessie waaroor dit gegaan het, was of die kerk *secundario* aan die belydenisskrifte *gebonde* moet wees, ja of nee, en of die kerk hierdie sekundêre binding aan die belydenisskrifte moet handhaaf as eis vir kerklike gemeenskap. Die Remonstrante het, soos die geskiedenis uitwys, alles in hul vermoë gedoen om hierdie sekundêre binding ongedaan gemaak te kry. Toe die mense van die Afskeiding van 1834 geëis het dat die Hervormde Kerk van Nederland hierdie sekundêre binding, nml. aan die belydenis, vir alle dienaars van die Woord en kerklike vergaderinge en lidmate moet handhaaf en dit geweier is; toe hulle daartoe oorgegaan het om uit die bedorwe Hervormde Kerk af te skei en kerke op te rig wat weer hierdie sekundêre binding handhaaf, is hulle op aanstigting van die Haagse sinode vervolg en in die tronke gegooi en beboet, totdat buitelandse magte hulself met die saak begin moei het. En toe die manne van die Doleansie in die tagtiger jare die «is gestel het dat die sekundêre binding aan die belydenisskrifte in die Hervormde Kerk van Nederland in eer herstel moet word — dink aan die atteste-kwessie in Amsterdam — is hulle deur die Haagse sinode in die ongelyk gestel en ten slotte uit die kerk gegooi.

*En dit is die kwessie* waaroor dit ook gaan tussen Prof. Engelbrecht en ons. Deur sy bestryding van die [52] belydenisskrifte as akkoord van kerklike gemeenskap, net soos die Remonstrante in die 17e eeu gedoen het; openbaar hy dat hy staan op die standpunt van die Hervormde kerk van Nederland van die 19e eeu wat twee keer gedurende daardie eeu uitdruklik geweier het om die *sekundêre binding* aan die belydenisskrifte verpligtend te maak vir almal binne die kerkverband. Die *leervryheid* is deur die Hervormde Kerk in Nederland in beskerming geneem en die *leergebondenheid* is uitgeban. Ons weet ook wat die verderflike oorsaak was van die verswakking van hierdie sekundêre binding. Dit was die gevolg van die verswakking van die *primêre binding*, nml. die aan die heilige Skrif as die Woord van God. Getuie hiervan is die feit dat die Hervormde Kerk van Nederland soms Christus-verwerpers as predikante geduld het solank hulle maar net nie teen die sinodale reglemente gesondig het nie. Dat hierdie prysgewing in die praktyk van beide die primêre en die sekundêre binding goedgepraat is met die vroom praatjie van 'n "kranke moeder," verander niks aan die feite nie.

En nou wil ons Prof. Engelbrecht die vraag voorlê: *is dit u te doen om verswakking van die sekundêre binding, nml. die aan die belydenisskrifte?* Die Hervormde Kerk van Afrika sal seker wel 'n ondubbelzinnige antwoord van u kant op hierdie vraag verwelkom.

Want die kwessie is nie of die kerk eers moet luister na die Skrif en daarna sy belydenis uitspreek nie, maar: *of die Gereformeerde Kerke in die 16e en 17e eeu, toe hulle hul belydenisskrifte geformuleer het, goed na die Skrif geluister het en die Woord van God reg verstaan het?* Want as ek aanneem dat ons belydenisskrifte *in alles* met die Woord van God ooreenstem, dan het ek geen beswaar teen die sekundêre binding van die kerke daarvan as akkoord van kerklike gemeenskap en as band van kerklike eenheid nie. Trek ek die belydenisskrifte egter in twyfel, dan het ek wel beswaar teen sodanige sekundêre binding en dan beskou ek dit as Roomse dwaling om die kerke aan die belydenis te bind as akkoord van kerklike gemeenskap.

[53] Leersaam is in hierdie verband die argumente van die Remonstrante soos dit uiteengesit is in die bo-aangehaalde Verklaring van die Gereformeerde Kommissie van Advies van 1607. Die Remonstrante het as derde eis gestel vir 'n nasionale sinode dat in

sodanige sinode "de confessie der Nederlantsche kercken moet ende behoort gerevideert te worden, ende dat niemand hem en behoort te beswaren over de clausule van revisie des catechismi ende der belydinge, diewyl revisie des catechismi ende der belydinge sowel confirmatie als correctie veroorsaect."

Hierop het die Gereformeerde Kommissie van Advies geantwoord dat hulle glad nie kan verstaan dat dit so 'n essensiële en substansiële punt is vir 'n Nasionale sinode dat die Kategismus en Konfessie noodwendig gerevideer en hersien moet word omdat so iets *in die eerste plek* 'n heeltemal nuwe saak is waaromtrent daar sinds die geboorte van Christus en die oprigting van die Christelike Apostoliese kerke geen wet ooit verneem is nie. Daar is in die geskiedenis van die kerk ook geen enkele voorbeeld te vind dat daar ooit 'n generale sinode op hierdie manier uitgeskrywe is nie.

*In die tweede plek*, omdat deur sodanige wet en gebruik die kerk van God self sy eie leer en geloof telkens in twyfel gaan trek en op hierdie manier die skyn verwek dat sy leer en geloof onseker is — iets wat onder die kerkdienaars en gewone lidmate geen goed kan veroorsaak nie.

*In die derde plek* sal hierdeur telkemale sonder enige noodsaaklikheid vanself die deur oopgemaak word vir allerlei kwessies en onnodige en skadelike dispute omdat daarmee "den ketelachtigen ende nieuwsgierigen geesten de gelegenheyt ende hant gegeven sal worden, om elcke reyse, nieuwe leere op de bane te bringen."

*In die vierde plek* sal die kerke hiermee in so 'n toestand gebring word dat ons in feitlik elke Nasionale sinode (wat telkens weer 'n nuwe vergadering is) nuwe geloofsbelijdenisse kan verwag, want wat vandag die een behaag, sal mōre weer 'n ander mishaag, en so sal elkeen [54] opgewek en aangepor word om telkens weer iets nuuts voor te werp.

*In die vyfde plek* sal die hoëskole daarmee hulle aansien verloor en deur ander uitlandse akademies gesku word, omdat daar geen vaste voet van leer aan die (Nederlandse) hoëskole sal wees nie, en dat hulle elke keer weer in die onsekere sou staan en daardeur gedurig belas sou wees met baie onnodige kwessies en twiste omtrent die leer.

Die Remonstrante het teëgewerp "dat de confessien by particuliere kercken gemaect by dezelve kercken die se gemaect hebben, verandert connen worden, want particuliere kercken connen dwalen ook in 't fondament der leere. Daeromme men also niet en behoort te staen op eenige belijdinge der kercken, alsof dezelve onwedersprekelyck waren, tensy dat wy in deselve ongerymtheit willen vallen, die wy aan die van de Roomsche kercke bestraffen, die hare conciliorum decreten even weerdich ende onwedersprekelyck als Godes Woort gehouden hebben." (Kursivering van ons, J.V.C.)

Dis snaaks hoe die geskiedenis homself kan herhaal. Die beskuldiging dat dit dan *Rooms* sou wees om te staan op die belydenis is 'n wapen wat eenvoudig uit die arsenaal van die ou Remonstrante uitgehaal is, en nadat hierdie ou, verroeste wapen weer 'n bietjie opgepoets is, word die "Neo-Calviniste" daarmee te lyf gegaan.

Maar kyk nou 'n bietjie hoe meesterlik die ou Gereformeerdes (nie die "Neo-Calviniste" nie) hierdie degenstoot van die Remonstrante gepareer het. Hulle sê:

"De vrage en is niet of de Nederlandsche kercken in hare belijdinge *hebben kunnen dwalen*, maer of se *gedwaelt hebben*. Dat behoort bewesen te worden, eer men deselve in twyfel gaet trecken, oft eenige veranderinge daerin gaet versoecken; want soo lange als niet claerlyck en blyckt, dat de voorgaende confessie ergens in met den woerde Gots niet overeen en kompt, (al waere daer oock iet in dat beter konde geseyt worden, sonder in de substantie der leere iet te veranderen), soo waret nochtans [55] niet geraden daennne veranderinge te doen, om redenen hier voren op dit derde point des geschils verhaelt, namelyck dat daerdoor de leere der kercke in twyfel wort getrocken ende datter eyndelyck geene vasticheyt in der leere sal wesen, so verre dat men telckens in Synodis nationalis eenige veranderinge in de belydinge sal maken, voor ende aleer het alleenlyck blyckt dat se ergensinne met Godes woort niet overeen en kompt,

dat ook daerdoor den tegensprekeren groote occasie van lasteren sal gegeven worden, daerentegen den swacken een groote aenstoot, ende sal alsoo de religie in groote verachtinge komen by velen die doch sonder sulcke occasie niet dan te seer geneygt syn tot kleynachtinge derselve religie; bysonderlyck staet sulcx te verwachten so verre als in den catechismo die tot nog toe openbaerlyck is gepredickt geweest in dese landen enige veranderinge gedaen ofte in plaezte van dien een andere catechismus ten appetite van sommige ingevoert soude werden.

"Dat wy evenwel niet na der papisten wyse de belydinge onser kercken ende den catechismum in onsen tyt by menschen gestelt van gelycker weerdien en houden met Godes woort, is hier te voren opt eerste point des verschils tusschen ons ende onse broederen genochsaem bewesen; daeromme is dit een kranck fondament daerop onse verschillende broeders haer gevoelen bouwen so lange als sy niet en hebben bewesen, datter in de belydinge der Nederlantsche kerkcken iet is dat met den regel van Gots woort niet overeen en komt; ende so iemant meynt datselfe te kunnen bewysen, hy en behoirt hem vooreerst niet te beroepen op een Synode Nationael, maer eenmaal verklaert hebbende, dat hy een ander gevoelen heeft als de bekentenis der gemeene kercken medebrengt, behoirt hy synen collegis oft classi oft immers particulieren synodo daerover hy staet te openbaeren wat het sy, om te sien of men hem daerinne niet en soude kunnen bejegenen ende gerust stellen met goede redenen uit Godes woort, ende so hy hem derselver syner medebroederen oordeel niet en begeert te onderwerpen, so behoort hy so lange in syn leerambt stille te staen ter tyt toe hy met synen collegis [56] die haer aan de gemeene belydeninge der kercken houden, hem hebben verdragen ofte de sake by meerdere vergaderinge sy geoordeelt, oft soo verre oock syn gevoelen verdragelyck ware, niet stridende tegen 't fondament der gemeene belydinge der kercken; immers behoirt men te weten, wat syn gevoelen sy, om te kunnen oordeelen, of hy daerin mach geduldet worden ende hoe verre; want laet men dit eens inbreken, dat degene die iet heeft tegen de gemeene belydinge der kercken, evenwel niet gehouden en sal syn 'tselve te openbaren, al heeft hy hem oock laeten blycken ende verluyden, dat hy iet daertegen heeft, so en sal daer nimmermeer ruste wesen in die kercke, want genoembde voorgaende belydinge der Nederlantsche kercken worde by den aenstaenden synodus nationael geapprobeert oft sy worde verbetert, so sal terstont daerna iemant mogen opstaen, die wat nieuws sal hebben ende sal evenwel pretenderen ongehouden te syn voor den naevolgenden Synodum hem selven te openbaren."

Die belydenis van die kerk mag nie onder suspisie van valsheid en onsuwerheid en dwaling gestel word nie, met die argument dat dit 'n mensewoord is. Die belydenisskrifte is wel, wat hul vorm en inkleding betref, die woord van mense, maar wat hulle substansie of inhoud betref, is daarin saamgevat die leer van die onfeilbare Woord van God. En nou gaan dit nie aan om te sê dat hulle feilbaar is, maar moet aangetoon word dat hulle werklik die Woord van God verkeerd vertolk het. Tereg het die Gereformeerde Kommissie van Advies in 1607 opgemerk: die vraag is nie of die Nederlandse Kerke in hul belydenis *kon* gedwaal het nie, maar wel of hulle *gedwaal het*. Dit moet eers bewys word voordat 'n mens die belydenis in twyfel gaan trek.

Met die belydenis van die kerk is dit soos met 'n vrou. Regsreël is dat iemand gehou word vir onskuldig totdat sy skuld bewys is. Nou *kan* 'n vrou sondig en 'n onsedelike lewe lei. Maar hierdie moontlikheid gee niemand die reg om 'n vrou te verdink van onsedelikheid nie. Voordat haar eerbaarheid in twyfel getrek en dubieus gestel word moet 'n mens eers bewys dat sy haarself aan onsedelikheid [57] skuldig gemaak het. En solank as dit nie gebeur nie, word sy volgens die billike regsreël gehou vir 'n eerbare vrou.

Die kerk moet, net soos enige ander geordende liggaam, waarborg lewer vir reg en gerechtigheid.

In die kerk mag nog veel minder as in enige ander instelling, gespeel word of geknoei met die wedersydse pligte, maar moet dit toegaan *volgens reg*.

Só na reg, dat daar 'n wet moet bestaan wat die reg bepaal, en 'n regter wat volgens

billike regsreël die reg toepas.

Die belang wat op die terrein van die kerk om regsprak roep, is fyn, teer en heilig, omdat dit hier die ewige sake geld.

Dit is dwaas om bv. wette te hê wat loslopende wild beskerm, of 'n servituut omskrywe en bepaal wat op 'n mens se grond rus, terwyl die vraag of Christus in sy kerk *geloof* dan wel gelaster sal word, aan toeval en willekeur sou oorgelaat wees.

Daarom het die Gereformeerdes altyd geëis dat so 'n kosbare en gewigtige stuk as die belydenisskrifte van die kerk van die nodige regswaarborgs voorsien sou word.

Want die belydenisskrifte behoort aan meer as een geslag; almal in die kerk het daar belang by; hierin spreek die mandaat van die kerk as goedende liggaam homself uit.

Om hierdie regswaarborgs te bied, het die ou Gereformeerdes in die 16e en 17e eeu aan die Belydenisskrifte gedink as 'n persoon. In die belydenis van die kerk het hulle 'n eerbare, vriendelike Leidsvrou gesien wat die geslagte oorleef, en wat, gedra deur die liefde en toewyding van almal, in die naam van almal belydenis doen van die dieptes van die goddelike erbarming.

En nou het hulle wel toegegee dat hierdie vriendelike Leidsvrou haarself kon vergis op 'n enkele punt in haar opvatting van die woorde van God, en dat sy dus, as dit goed en grondig bewys word, voortaan anders sou moes spreek. Maar, so het hulle volgehoud, dan moes dit volgens [58]regsreël gaan en mag nie maar sombaar elkeen gaan praat soos in 'n Babiloniese sprakverwarring nie.

Ook daardie "vriendelike Leidsvrou" van die kerk, só het die ou Gereformeerdes dit gewil, moes tenminste nie op 'n mindere regswaarborg kán reken as waarop elke vrou kan reken by die wêreldlike regter, nml. *dat sy vir onberispelik sal bly geld tot solank dat haar skuld bewys is.*

Het iemand dus iets teen die belydenis, dan moet hy dit *bewys*. Dan moet hy sy beskuldiging waar maak en dit met die stukke aantoon.

En as hy dit nie kan doen nie, dan moet hy sy mond hou. En as hy dan tog van die belydenis gaan kwaad praat, dan loop hy gevaar om self as lasteraar en eerskender aangeklaag te word.

Ook die belydenis van die kerk het 'n *goeie naam* wat iets werd is en wat nie aangerand mag word nie.

Elkeen moet nie sombaar kan modder gooie op die goeie naam van die kerklike belydenis nie en dit onder suspisie en in opspraak kan bring nie.

Die goeie naam van die kerklike belydenis moet veilig en heilig wees onder die skild van die reg.

As iemand dus kom met die bewering dat die goeie naam van die kerklike belydenis *nie meer ongerept is nie*, dan mag hy dit nie sombaar in 'n boek of Kerklike orgaan of op die straat sê nie, maar dan moet hy sy aanklag teen die belydenis indien op die regte plek, nml. by *die kerklike regter*.

En as iemand dan by die kerklike regter kom, dan moet hy nie kom sê nie: "Edelbare, ek kom beskuldiging inbring teen u Belydenis; maak asseblief vir my plek langs u op die regbank sodat ek saam met u oor die beskuldiging kan oordeel." Want dan sou elkeen wat goed en wel by sy positiewe is, vir hom sê: "Maar, my liewe man, jou eis toon dat jy onbevoegd is om 'n aksie in te stel; jy moet na 'n gestig vir sielsiektes."

Dan, as daar beskuldiging inkom teen die kerklike belydenis, dan moet die kerklike owerheid *regter* wees, die Belydenis die *aangeklaagde*, die ontevrede persoon [59] die *aanklaer*, en die heilige Skrif *reël of norm vir die beslissing*.

En waar volgens billike regsbeginsels wat gegrond is in die wese van die reg self, *en wat dus altyd en by alle regsprak geldig is*, die regter die onskuld van die aangeklaagde

moet beskerm *solank as die skuld nie bewys is nie*, daar volg hieruit vanself dat die kerklike regter, nml. die sinode, die onskuld d.i. die gaafheid en suiwerheid van die Belydenis moet handhaaf tot tyd en wyl die onsuiwerheid daarvan wettiglik bewys sal wees.

Só is dit in 1607 gestel deur die Gereformeerde Kommissie van Advies wie se stuk ons herhaaldelik reeds aangehaal het.

*Dit was die Gereformeerde standpunt in verband met die kerklike belydenis.*

Kort saamgevat kom dit hierop neer:

1. Die Belydenisskrifte geld vir suiwer en gaaf tot tyd en wyl die onsuiwerheid daarvan voor die regter bewys is en deur die regter erken is.
2. Wie die belydenisskrifte beskuldig van onsuiwerheid, moet sy beskuldiging indien by die regter, op risiko van sy eie posisie.
3. As die belydenisskrifte aangekla word, moet die regter dit beskerm, tot tyd en wyl dit die geding verloor en beswyk in die gereghof.
4. Die aanklaer kan nie tegelyk regter wees nie.

\* \* \*

Prof. Engelbrecht kom daarteen op dat die Belydenisskrifte die eerbare Leidsvrou van die kerk sal wees in die waarheid van die heilige Skrif. Hy sê dat die heilige Skrif nie ooreenkomsdig die Belydenisskrifte verklaar mag word nie. Dit noem hy 'n Neo-Calvinistiese dwaling. En Ds. Goddefroy het dit vroeër, op voetspoor van die ou Remonstrante, suiwer Rooms genoem en Prof. Engelbrecht sê hom dit na. En nou wil ons hoop dat die geagte professor op die volgende punte 'n duidelike antwoord sal **[60]** gee, sodat die Hervormde Kerk van Afrika presies kan weefc waar hy staan. Die punte is die volgende:

1. Moet ons die Belydenisskrifte van die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika aanvaar as 'n eerbare Leidsvrou van die kerk in die waarheid van die Woord van God, of moet ons hulle onder suspisie hou, omdat hulle mensewerk is?
2. Ons aanvaar dat die Belydenisskrifte eksaminabel is aan die Woord van God. Moet daar vir die Belydenis regswaarborg bestaan, of moet die reg van toetsing aan elke predikant en professor toekom?
3. Moet die kerk die Belydenisskrifte aanvaar en handhaaf *omdat* hulle in alles met die Woord van God ooreenkoms of *in soverre* hulle met die Woord ooreenkoms?
4. Moet die kerk van sy bedienaars van die Woord en professore in die teologie eis, asook van sy ander ampsdraers, dat hulle die Belydenisskrifte sal aanvaar, as *in alles* berustende op en ooreenkommende met die Woord van God, of moet hy hulle bind aan "die wese en hoofsaak" van die belydenisskrifte?
5. Mag die kerk sy lidmate, ouderlinge, predikante en professore ontslaan van die sekundêre binding aan die Belydenisskrifte, solank hulle slegs die primêre binding aan die Woord van God aanvaar?
6. Moet ons aanneem dat die kerke in die eeu van die reformasie onder die leiding van die Heilige Gees, wat Doctor ecclesiae is, die Woord van God reg verstaan het toe hulle deur die Belydenisskrifte hulle eenheid uitgedruk het, of het hulle dit op sekere punte verkeerd verstaan, en, so ja, op watter punte?

As ons op hierdie vrae 'n duidelike antwoord kry van die geagte professor, sal ons kan beoordeel of die kloof tussen die Neo-Calviniste en die mense van die Hervormde Kerk van Afrika so breed en diep is as wat Professor Engelbrecht dit geskilder het, dan wel of die kloof oorbrugbaar is.

Terwille van die ontwikkeling van die gereformeerde teologie in Suid-Afrika is dit seker

nodig dat ons tot [61] helderheid kom op die voorgaande vrae sodat ons presies weet wat ons aan mekaar het.

Daarom probeer ek dinge presies en huis te stel en om uit te kom uit die terrein van die *sesquipedalia verba* (groot woorde).

## Hoofstuk 7

### VRYHEID VAN EKSEGESE EN LEERVRYHEID

Een van die "ernstige dwalinge" van die Neo-Calviniste bestaan volgens Prof. Engelbrecht hierin dat hulle die Skrif wil uitlê volgens die kerklike belydenisskrifte. As voorbeeld hiervan verwys Prof. Engelbrecht na 'n uitspraak van Prof. V. Hepp in sy brosjure: "Dreigende Deformatie." Hepp sou met instemming aanhaal "dat Irenaeus met krag die standpunt verdedig het dat die Bybel *na die reël van die geloof*, d.w.s. ,het door de traditie geïnterpreteerde doopssymbool' verklaar moes word, m.a.w." — so gaan Prof. Engelbrecht dan verder — "Prof. Hepp gaan akkoord met Irenaeus om die Skrif in die lig van die tradisie te verklaar." En dan beweer Prof. Engelbrecht verder dat dit juis hierdie standpunt van die kerkvader Irenaeus was wat oorsaak was van die diepgaande bederf en dwaling van die Middeleeuse Kerk waarteen die Kerkhervorming van die 16e eeu in verset gekom het.

Wat Prof. Hepp verstaan onder die *reël van die geloof* (die regula fidei of die reël van die waarheid, die kanoon tēs alêtheias, soos dit in Grieks genoem word) is vir sy eie rekening. Ek is nie apologizeert vir die opvatting van Prof. Hepp nie. Of hy die opvatting van Irenaeus reg weergegee het as hy sê dat die *waarskynlik* daaronder verstaan het "het door de traditie geïnterpreteerde doopssymbool," laat ek ook daar. Indien egter Irenaeus en ander kerkvaders die "reël van die geloof" in hierdie sin verstaan het, wil ek hier net verwys na die getuienis **[62]** van 'n kundige kenner van die teologie van die kerkvaders van die 2e eeu, nml. Dr. James Orr. Oor die manier waarop hierdie kerkvaders gebruik gemaak het van die "reël van die geloof" in hul verdediging van die Christelike waarheid teen die ketterye, sê hy in sy "Progress of Dogma," bl. 67, dat dit 'n gewettigde gebruik (a legitimate use) was van hierdie beginsel. "It was not used to supersede or set aside Scripture, but to corroborate it; not to set up a rival authority, but to act as a check on the wantonness and extravagance of an interpretation which otherwise would have no limit."<sup>15</sup>

Omdat Prof. Hepp miskien die "reël van die geloof" verstaan as "het door de traditie geïnterpreteerde doopssymbool," beteken dit egter nog nie dat alle Neo-Calviniste hierdie opvatting toegedaan is nie. En as Prof. Hepp miskien dwaal in sy interpretasie van die "reël van die geloof," wil dit nog nie sê dat alle Neo-Calviniste hom hierin volg nie. Ek hoef hiervoor sleags te verwys na Gereformeerde Theologische Tijdschrift, 17, waarin Prof. Hepp se opvatting van die "reël van die geloof" bestry is o.a. deur Prof. L. Lindeboom en Dr. J. G. Ubbink, en na Dr. P. W. Grosheide: Hermeneutiek, bl. 63, onder noot 22.

Dat dit egter ongereformeerde en 'n "ernstige dwaling" sou wees om die Skrif te wil verklaar in ooreenstemming met die "reël van die geloof," betwiss ek ten sterkste. Die uitdrukking "analogia fidei" is ontleen aan Rom. 12:7. Vroeër en ook nog in later tyd (o.a. deur Prof. L. Lindeboom in Geref. Theol. Tydsehr. 17, bl. 448 vlg. en bl. 511 vlg.) is betoog dat hierdie uitdrukking van Rom. 12: 7 sou betekenen: *volgens die ooreenstemming met die geloof*. Ons wil egter toegee dat hierdie vertaling nie vasstaan nie en dat ander voorkeur gee aan die vertaling: *volgens die maat van die geloof of in verhouding met die geloof*.

**[63]** Dit is egter nie nodig om die eksegetiese kwessie hier verder te bespreek nie, want al sou die term "reël of maat of analogie van die geloof" gebruik word in 'n sin wat afwyk van die van Rom. 12:7, dan kan die saak nog wel bestaan.

Dr. P. W. Grosheide sê in sy Hermeneutiek, bls. 55: "Reeds bij de oude kerkvaders vinden wij het streven om de exegese van de Heilige Schrift te doen zijn in

<sup>15</sup> "Dit is nie gebruik om die Skrif te vervang of opsy te skuif nie, maar om dit te bevestig; nie om 'n mededingende gesag op te rig nie, maar om as rem te dien op die losbandigheid en uitspattelikheid van 'n eksegese wat anders geen grense sou hê nie."

overeenstemming met de door die kerk beleden waarheden. Zij zullen daartoe gekomen zijn, omdat gelijk bekend is, de exegese bij de ketters begon en diende om van die kerkleer afwijkende meeningen te bewijzen. De patres leerden, dat die exegese moet zijn in overeenstemming met den 'kanoon tēs pisteoos' of 'tēs alētheias' (reël van die geloof of van die waarheid), met die *regula fidei*." ".... de oude kerkvaders begeerden tegenover die ketters een Schriftuitlegging, die in overeenstemming is met het Christelijk geloof. Latere kerkvaders uiten zich in gelijken geest."

Vanaf die oudste kerkvaders vind ons dus, volgens hul eie getuienis 'n ernstige strewe en begeerte om die Bybel uit te lê in ooreenstemming met die belydenis van die kerk. Indien dit 'n "ernstige dwaling" is, soos Prof. Engelbrecht beweer, dan het die ou kerkvaders maar almal hulleself aan hierdie "ernstige dwaling" skuldig gemaak en verkeer die Neo-Calviniste dus nie in al te slechte geselskap nie.

Ek betwis ten sterkste dat dit ongerefereerd en 'n "ernstige dwaling" sou wees, asook dat dit 'n spesifieke "*Neo-Calvinistiese ernstige dwaling*" sou wees om die Skrif uit te lê in ooreenstemming met die belydenis van die kerk, en na die reël of volgens die ooreenstemming van die geloof.

In sy verklaring van Matt. 7:16 sê Calvyn: "Ondertussen herinner ons daaraan dat alle leringe na die Woord van God ondersoek moet word, en *dat om daardie rede die reël van die geloof* (*analogia fidei*) *beslissende gesag het in die beoordeling van die valse profete*; verder moet 'n mens let op wat God sy profete en bedienaars van die [64] Woord ople om dat dit maklik is om *volgens hierdie reël* oor hul getrouwheid te oordeel." In sy verklaring van Rom. 12:7 sê Calvyn dat met "geloof" in hierdie verband bedoel word "*allereerste vasstaande stellinge* (*prima axiomata*) waardeur ontdek sal moet word as enige leer nie daarmee ooreenstem nie en so sy valsheid oortuigend aangetoon word."

Marnix van St. Aldegonde het homself hieroor as volg uitgespreek:

"Daerom sal een yegelyck toesien, dat alle uytleggingen, die hij op de Schrift past te brengen, met alle de artijckelen des geloofs sien vergelycken ende gantschelyck overeen comen, ende al wat daer tegen strijdt sal hij voor verdacht ende suspect houden." (Godsd. en Kerkel. Geschriften, ed. van Toorenbergen, dl. II, bl. 216.)

Die Confessio Helvetica Posterior, art. 2, vra 'n eksegese wat met die *regula fidei et charitatis* (die reël van die geloof en die liefde) ooreenstem. En die Skotse Konfessie van 1560 in art. 18 lui: "Want ons durf geen eksegese (van die Skrif) te ontvang of toe te laat nie wat in stryd is of met enigeen van die vernaamste hoofstukke van ons geloof, of met die helderheid van die Skrif of met die reël van die liefde (*regula charitatis*)."

So spreek *Franciscus Junius* (Opera, dl. I, Genève 1607, kol. 1767), *Fr. Turretinus* (Instit. Theol. Elent. dl. I, Genève 1688, bl. 169), *B. de Moor* (Comment. perpet. I, Leiden 1761, bl. 436) en *Voetius* (Disput. Selectae, dl. V, Utrecht 1659, bl. 10) almal van die reël van die geloof waarvolgens die Skrif moet verklaar word, al gee almal nie dieselfde inhoud aan hierdie begrip nie.

Ons bedoeling is nie om hier 'n uiteensetting te gee van verskillende opvatting van die Geref. teoloë van die 16e en die 17e eeu oor die "reël van die geloof" waarvolgens die Skrif moes verklaar word nie. Ons wou alleen aantoon dat die eis dat die Bybel uitgelê moet word in ooreenstemming met die belydenis van die kerk nie so 'n ernstige "dwaling" is as wat Prof. Engelbrecht wil voorgee nie. En as dit dan 'n "ernstige dwaling" is, dan is dit nie 'n spesifieke "*Neo-Calvinistiese*" dwaling nie, [65] maar 'n Oud-Calvinistiese een. Uit wat hierbo aangehaal is van Calvyn, sal die konklusie getrek moet word dat Calvyn self ook reeds besmet was met hierdie "*Neo-Calvinistiese*" dwaling!

En hiermee kom ons nou by die vraag van die vryheid van die eksegese.

\* \* \*

Uit wat hy geskrywe het, is dit duidelik dat Professor Engelbrecht homself op die standpunt stel dat die eksegeet *by sy arbeid nie aan die belydenis van die kerk gebonde*

*mag wees nie.* Hy noem dit 'n "ernstige dwaling" van die Neo-Calvinisme om die Skrif ooreenkomsdig die belydenis uit te lê en om 'n bybelverklaring te gee ooreenkomsdig die belydenis. Hy bestempel hierdie standpunt as "suiwer Rooms" en skroom nie om te sê dat dit hierdie standpunt is wat sinds die tyd van Irenaeus die kerk so grondig verderf het nie. En sowerp Prof. Engelbrecht homself op as pleitbesorger van die vrye eksegeese.

Ek kan nie hier weer alles oorskrywe wat Prof. E. in hierdie verband geskrywe het nie, maar verwys na hoofstuk I waar ek 'n breedvoerige weergawe van sy gevoele in sy eie woorde opgeneem het.

Ek wil ten sterkste ontken dat dit ongerefommeerd en oncalvinisties sou wees om die Skrif te verklaar in ooreenstemming met die belydenisskrifte en beweer dat dit eg in die gereformeerde lyn is.

In ons Geloofsbelijdenis doen ons, gereformeerdes, ook belydenis van wat ons glo aangaande die heilige Skrif self. Hierdie belydenis is uitgedruk in artt. 3-7 van die Nederl. Geloofsbelijdenis en lui as volg:

### **ARTIKEL 3**

#### **OOR DIE GESKREWE WOORD VAN GOD**

Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, [66] het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het Self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om die rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte.

### **ARTIKEL 5**

#### **WAARAAN DIE HEILIGE SKRIF SY AANSIEN EN GESAG ONTLEEN**

Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarvan te bevestig. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie huis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is.

### **ARTIKEL 7**

#### **DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF OM ALLEEN DIE REËL VAN DIE GELOOF TE WEES**

Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarvan genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarvan geheel-en-al en uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die heilige Skrif te; ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer [67] daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is. En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie; want alle mense is uit hulself leuenaars en nietiger as die nietigheid self. Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkoms nie, soos die apostels ons geleer het as hulle sê: Stel die geeste op die proef of hulle uit God is. En ook: As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie.

\* \* \*

Volgens Prof. Engelbrecht is dit 'n ernstige Neo-Calvinistiese dwaling om die heilige Skrif ooreenkomstig die belydenis te wil verklaar en is dit ook, in die woorde van wyle Ds. Goddefroy, "zuiver Rooms" om die Skrif te verstaan in die sin waarin die gesuiwerde kerk van alle eeue dit verstaan het, en dus ooreenkomstig die drie Formuliere van Enigheid. En as ons nou daaraan dink dat die drie artikels wat hierbo aangehaal is, 'n stuk vorm van die Geloofsbelidens en dat die gesuiwerde kerk daarin uitgedruk het sy geloof aangaande die Skrif self, dan moet ons hier aan die geagte professor die vraag stel: *of 'n Skrifverklaarder gebonde moet wees aan hierdie belydenis aangaande die heilige Skrif, ja of nee?* Moet hy glo dat die Woord van God, soos dit voortgebring is onder die inspirasie van die Heilige Gees, deur 'n besondere sorg van God vir ons en ons saligheid op skrif gestel is? Moet hy sonder enige twyfel alles glo wat in die heilige Skrif vervat is? Moet hy glo dat die Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat dit genoegsaam is om alleen die reël van ons geloof te wees?

Stem prof. E. saam met my dat 'n Skrifverklaarder die bo-aangehaalde moet glo, as hy die Skrif wil verklaar, dan stem die geagte professor toe dat so 'n persoon [68] gebonde moet wees aan ons kerklike belydenis aangaande die Skrif en dat hy die Skrif moet verklaar in die lig van die belydenis.

Dit is geen Neo-Calvinistiese "dwaling" nie maar die eerste vereiste van fatsoenlike eksegeese wat die naam werd is, dat die eksegeet, hy sy predikant, professor of gewoon lidmaat van die kerk, gebonde sal wees aan wat ons kerke aangaande die heilige Skrif self bely. 'n Skrifverklaarder wat nie van harte glo en bely dat die heilige Skrif die Woord van God is nie, sal tot aweregse resultate kom. En om aan te neem dat die Skrif die Woord van God is, beteken dat 'n mens jouself reeds bind aan 'n belydenis aangaande die Skrif. Om aan die ander kant aan te neem dat dit nie die Woord van God is nie, beteken eweseer dat 'n mens homself vooraf bind aan 'n sekere dogma omtrent die Skrif en vandaaruit en in ooreenstemming daarmee sy eksegetiese arbeid verrig.

Die eis dat 'n Skrifverklaarder nie aan enige belydenis gebonde mag wees by die verrigting van sy arbeid nie, is onsinnig. Sulke eksegeese is daar nie. Alle eksegete is of gebonde aan ons kerklike belydenis aangaande die heilige Skrif, of hulle maak hulleself in mindere of meerdere mate hiervan los of verwerp dit heeltemal. En om nou te wil voorgee dat Skrifverklaarders wat hulleself by hul arbeid bind aan die belydenis van die kerk, ernstig dwaal en suiwer Rooms sou wees, terwyl ander wat hulleself in hul arbeid gedeeltelik of geheel losmaak van die belydenis van ons kerke aangaande die Skrif, die egte en goeie gereformeerdes sou wees — dit verg 'n bietjie te veel van ons geloofsvermoë.

Nee, die eksegeet, hy sy predikant, professor in die teologie of gewoon lidmaat van die kerk, is nie vry in die sin wat Prof. Engelbrecht daaraan gee nie, nml. dat hy nie aan die kerklike belydenis aangaande die Skrif gebonde is nie. As 'n eksegeet hierdie vryheid wil hê, moet hy sy band met die kerk heeltemal verbreek, en as "vrybuiter" optree. Maar solank hy sy band met die kerk het, is hy gebonde aan die belydenisskrifte van die kerk by die verrigting van sy eksegetiese arbeid.

[69] Ons, Neo-Calviniste soos die geagte professor ons graag noem, neem aan dat 'n Bybelverklaarder, sy hy ampsdraer of gewoon lidmaat van die kerk, by die verklaring van die Skrif, tenminste gebonde moet wees aan wat die kerk aangaande die Skrif bely in ons Drie Formuliere van Enigheid, d.w.s. *aan die karakter van die heilige Skrif self as Woord van God.* 'n Verklaarder wat bv. nie glo dat die Heilige Gees die eerste Outeur van die Skrif is nie en meen dat hy daarin maar net met menslike auteurs te doen het, sal resultate lewer wat deur die kerk van Christus nie aanvaar kan word nie.

Dit is die eerste band wat die eksegeet moet bind.

Maar daar is ook nog ander bindinge. Die eksegeet moet ook gebonde wees aan die verband van 'n sekere Skrifgedeelte. Want eksegeese van 'n enkele teks buite die verband met die verdere inhoud van 'n sekere Skrifgedeelte, buite verband met ander stukke van dieselfde skrywer, buite verband met die Skrif as eenheid, buite verband met

die lewensomgewing waarin 'n sekere gedeelte geskrywe is, buite verband met die geestelike dampkring waarin 'n Skrifgedeelte opgekom het, is nie die naam van eksegese werd nie.

Ons, Gereformeerdes, handhaaf dat 'n eksegeet deur wetenskaplike studie die regte sin van 'n teks of sekere Skrifgedeelte daaruit self moet voortbring, *in volle gebondenheid aan die Skrif self as die Woord van God, voortgebring onder inspirasie van die Heilige Gees wat die eerste Outeur daarvan is, soos die Gereformeerde Kerke dit in hul Drie Formuliere van Enigheid aangaande die heilige Skrif bely*.

En hiermee handhaaf ons *die vryheid van die eksegese*. Dit is egter geen vryheid wat bandeloosheid is nie, want die Christelike vryheid is nog iets anders as die vryheid van die rewolusie en die ongeloof. 'n Vis is vry, solank as hy aan die water gebonde bly. 'n Trein is vry solank as hy gebonde bly aan die spore en sy wiele daardeur vasgeklem word. En so is die eksegese vry, solank as dit ten volle gebonde is aan die Skrif as die Woord van God, **[70]** in die sin waarin die Gereformeerde Kerke daarvan belydenis doen in ons Formuliere van Enigheid.

\* \* \*

Is die Skrifverklaarder reeds gebonde by die verrigting van sy eksegetiese arbeid en mag die kerk nie toelaat dat hierdie gebondenheid van die Skrifverklaarder aan die Skrif self as die Woord van God verbreek of verminder word nie, nog sterker klem dit wanneer daar deur 'n predikant of professor homiletiese of dogmatiese arbeid verrig word.

Dan is dit nie meer eksegetiese arbeid in die strenge sin van die woord nie. Dan word die vrug van die eksegetiese studies, verwerk in 'n predikasie of leerrede, of in 'n dogmatiese uiteensetting, gebied. Dan word nie meer die sin van 'n enkele Skriftuurplek of -gedeelte verduidelik nie, maar die leerinhoud van die heilige Skrif as eenheid. En dan is 'n man gebind, nie meer alleen aan die kerklike belydenis aangaande die heilige Skrif self nie, maar verder aan alle stukke van die leer, soos in die Belydenisskrifte saamgevat. Natuurlik hou ons in die oog dat 'n predikant of professor wat die Belydenisskrifte onderteken het, *secundario* aan hierdie stukke gebonde is. *Primo* is hy natuurlik gebind aan die heilige Skrif, maar *secundario* aan die Belydenisskrifte. Hierdie verbintenis het 'n leraar of professor vrywillig aangegaan toe hy gevra het om toegelaat te word tot die bediening van die Woord binne die kerkverband. Toe het hy vrywillig die belydenis van sy kerk onderteken. Hierdie verbintenis dra die karakter van 'n kontrak tussen die leraar en die kerk as instituut, of tussen die professor en die kerkverband waarbinne hy tot theologiese professor aangestel is.

Waar dit dus duidelik is dat 'n eksegeet ten minste aan die belydenis van die kerk in ons drie Formuliere van Enigheid insake die heilige Skrif self gebind is by sy arbeid; waar dit verder duidelik is dat 'n predikant en professor wat die drie Formuliere van Enigheid by sy toelating tot die diens onderteken het, homself vrywillig **[71]** verbind het om nik openlik of heimlik te leer wat teen die kerkbelydenis stry nie, daar kan die eis van sgn. "vrye eksegese" prakties nie staande gehou word nie en moet handhawing van hierdie eis prakties uitloop op verswakking van die band aan die belydenisskrifte van ons kerke.

*Is dit Prof. Engelbrecht hierom te doen?*

Ek weet dat daar in die afgelope jaar onderhandelings was oor 'n voorgenome Bybelverklaring wat opgestel moet word deur teoloë uit ons drie Hollands-Afrikaanse kerke in Suid-Afrika, onder redaksie van professore uit die drie kerke. Ek weet verder dat daar by die onderhandelings oor die bepaling van die grondslag waarop hierdie arbeid verrig sou word, aan die hand gegee is dat die medewerkers daaraan gebonde moet wees aan die belydenisskrifte van die drie kerke. En ek dra daar ook kennis van dat hierdie saak heftig bestry is deur een of meer professore van die theologiese fakulteit van die Ned. Herv. Kerk van Pretoria, wat bly volhard het by die eis dat daar geen binding aan die belydenisskrifte moet wees nie.

Die eis van die sgn. "vrye eksegese" wat geen rekening hou met die kerklike belydenis

nie, kan nie staande gehou word nie. 'n Eksegeet wat bloot net die sin van 'n sekere Skrifgedeelte wetenskaplik verklaar en geen homiletiese en dogmatiese opmerkinge in sy werk ten beste gee nie, moet volgens gereformeerde standpunt reeds *inwendig* gebonde wees aan die belydenis van ons kerke aangaande die Skrif self. En as hy die belydenisskrifte as professor of predikant onderteken het of as lidmaat dit by die openbare belydenis van die geloof openlik aanvaar het, dan is hy vir sy eksegetiese arbeid ook *uitwendig* aan daardie belydenis gebind, in die tweede plek. En as 'n Skrifverklaarder ook nog homiletiese en dogmatiese arbeid in sy Skrifverklaring bied, dan is hy ook uitwendig en secundario gebind aan die ander stukke van die leer soos die kerke dit in die belydenisskrifte geformuleer het.

*Want dit is die werk van die kerk as instituut* om die leerinhoud van die heilige Skrif as eenheid in sy belydenisskrifte uit te lê.

**[72]** *Die kerk as kerk* luister na die Woord van God — die stem van die lewende God in die Skrif — en vertolk dan die leerinhoud van die heilige Skrif as eenheid in sy belydenisskrifte. En wie in die verband van die kerke optree as leraar, hetsy dat hy deur die gemeentes gesamentlik as hoogleraar geroep is, hetsy hy as herder en leraar in 'n gemeente dien, is secundario gebind aan die belydenis van die kerk met wie hy 'n vrywillige kontrak aangegaan het, bevestig deur sy handtekening, om nie iets te leer watstry met die belydenis van sy kerk nie. So iemand mag nie met 'n beroep op die vrye eksegese sy vrywillig-aangevante verbintenis kragteloos wil maak nie. Ek weet dat die sgn. vrye eksegese vir die Geref. Kerkorde so bang is soos die duivel vir die kruis, want hierdeur word huis die leervryheid aan bande gelê. Vandaar dan ook dat voorstanders van leervryheid, soos die geskiedenis van die Remonstrantse stryd oorvloedig aantoon, altyd op die "vrye eksegese" en op die "libertas studiosorum"<sup>16</sup> 'n beroep gedoen het om te ontkom aan die klem van die sekundêre binding aan die belydenisskrifte. Maar die geskiedenis van die Geref. Kerk wys uit dat die gereformeerdes altyd hierdie beroep afgewys het en volgehoud het dat die kerk as instituut uitmaak wat die leerinhoud van die heilige Skrif as geheel is en nie die individuele predikant of professor nie. Die kerk as instituut doen dit in sy belydenisskrifte wat eenvoudig *repetitio Sacrae Scripturae*<sup>17</sup> is. En vir sover die kerk as instituut reeds die leerinhoud van die Skrif as geheel in sy belydenis gerepeteer en geformuleer het, is ons as belydende lidmate daarvan gebind, en het professore in die teologie wat die belydenisskrifte onderteken het, en predikante by die toelating tot die diens hulleself vrywillig deur hul eie handtekening daarvan gebind.

Dit is dus geen Neo-Calvinistiese "dwaling" of "zuiver Roomsche" nie, maar dit is goed gereformeerde en in die historiese lyn as die kerklik-geroepe professor in die **[73]** teologie en die herder en leraar wat die Belydenisskrifte onderteken het, sê: "Ek verstaan die heilige Skrif In die sin waarin die gesuiwerde kerk van alle eeue dit verstaan het en dus ooreenkomsdig ons drie Formuliere van Enigheid".

Dit gaan dus nie op om te sê: "Ek vra nie na wat daar in die belydenisskrifte staan nie. Ons grond ons eniglik en alleen op die Woord van God." Want al dadelik kom die vraag op: Wat glo en bely jy omtrent die Woord van God self? Waar vind 'n mens dit? Is die heilige Skrif die Woord van God en glo jy sonder enige twyfeling alles wat daarin staan? Of glo jy dat die Woord van God in die Skrif vervat is, in die sin waarin die Etiese rigting dit aanneem, en dat elke predikant en teoloog maar eers self moet uitmaak wat in die Bybel al of nie die Woord van God is nie? M.a.w., as iemand beweer dat hy homself eniglik en alleen grond op die Woord van God, moet hy terselfdertyd sê wat hy van die Woord van God glo en dink. Anders bring sy stelling geen helderheid nie.

Bowendien, dit was die dwaling van biblialistiese rigtings alle eeue deur dat hulle die belydenis as blote mensewoord verwerp het, die historie misken, die leiding van die Heilige Gees wat Doctor ecclesiae is en die kerk in die waarheid van die Skrif geleid het

<sup>16</sup> "die vryheid van studerende mense".

<sup>17</sup> "herhaling van die heilige Skrif".

om hierdie waarhede in die belydenis reg te repeteer, verloën het en gemaak het asof daar in die verlede nog nooit enige Geestesleiding in die waarheid was nie. Elke sekte het gedurig geroep: ons grond ons alleen op die Woord van God, en homself dan gedra asof die leerinhoud van die heilige Skrif nog nooit vantevore onder leiding van die Heilige Gees ontdek en in sy dele nagesoek is nie, sodat daardie spesiale sekte dit nou vir die eerste keer in die loop van die eeu goed en deeglik aan mense sou sê. Alle dwaling en kettery het gedurig met hierdie pretensie opgetree. En as hierteenoor die Gereformeerdes nadruk gelê het op die sekundêre binding aan die belydenisskrifte, was kettters en bestryders van die gereformeerde waarheid altyd gereed met die papegaikreet: dis suwer Rooms.

[74] Só sê Prof. Engelbrecht ook, instemmend met wyle Ds. Goddefroy: dit is suwer Rooms om die Skrif te verstaan ooreenkomsdig die drie Formuliere van Enigheid. En hiermee sing hy saam in die koor van kettters en dwaalleraars wie se stemme altyd deur 'n eensnarige viol begelei is wat tot vervelens toe die deuntjie gespeel het: die Gereformeerdes is suwer Rooms. Alleen het hy nog 'n liedjie hierby gekomponeer op dieselfde wysie: "Neo-Calvinisties".

Die geagte professor sal ons seker wel veroorloof om een en ander onder sy aandag te bring wat geskrywe is deur 'n man wat hy seker nie sal beskuldig van Neo-Calvinisme of Gereformeerde Skolastiek of suiwere Roomsheid nie. Trouens hy het homself op hierdie man onder andere beroep as getuie om sy beskuldigings aan die adres van die Neo-Calviniste te staaf! Hy kan dus nie sê dat ons hier 'n by hom verdagte autoriteit aanhaal nie, want hy het self hierdie getuie gedagvaar om hom in sy prosedeersaak teen die Neo-Calviniste by te staan. Ons bedoel wyle Prof. Dr. Ph. J. Hoedemaker. Hierdie man het later met Dr. A. Kuyper en die Vrye Universiteit gebreek — 'n geskiedenis waarop ons hier nie verder wil ingaan nie. In 1886 het Dr. Hoedemaker 'n toespraak tot sy studente gehou wat by J. A. Wormser, Amsterdam, uitgegee is onder die opskrif: *Niet van eigen Uitlegging*. Hierdie rede is gehou na aanleiding van 'n kort vantevore verskene geskrif van Prof. J. I. Doedes: "De student en de predikant tegenover de vrije exegese". Prof. Doedes het die reg van universiteitstigting op die grondslag van die drie Formuliere van Enigheid heftig aangeval op grond daarvan dat hierdie grondslag dan die wetenskap, m.n. die theologiese wetenskap en in besonder die eksegese onvry sou maak. Teen hierdie aanval van Doedes het Dr. Hoedemaker opgekom in die bogenoemde skitterende rede wat met reg 'n "klassieke geskrif" genoem kan word. Hierin het hy die hele vraagstuk van gebondenheid aan die drie Formuliere van Enigheid bespreek — ook die gebondenheid van die eksegeet daaraan! En hy sê: *"Ik wil niet verzwijgen dat ik, behoudens de bekende voorwaarde, wensch te rekenen met het resultaat, waartoe de Kerke Gods, in den loop der geschiedenis, onder de leiding des Geestes is gekomen.* Hetzelfde recht, dat Dr. Doedes aan het individu, met name aan den student en den predikant toekent, t.w. het recht, om vast te stellen wat hen gebleken is vertrouwbaar te zijn, vorder ik voor het geheel, d.i. voor de kerk en voor mijselven in gemeenschap met het geheel. *Ik belijd zelfs gebonden te zijn, d.i. mijselven te binden aan de formulieren omdat, en daarom alleen, voor zoover zij met het Woord Gods overeenkomen. Wanneer ik mij nederzet tot den exegetischen arbeid, d.i. mijn bijbel zoek te verstaan, doe ik dit in aansluiting aan den arbeid der eeuwen, waarvan het zuivere resultaat in den vorm van mijne belijdenis is nedergelegd."* (Kursivering van my, J.V.C.)

"Geheel anders Prof. Doedes" (en ons kan hier byvoeg: Prof. Engelbrecht — J.V.C). "De godgeerde in het algemeen, de schriftuitlegger in het bijzonder moet — zooals wij gezien hebben — 'vrij' zijn. Hij mag zich zijne resultaten niet laten voorschrijven."

"In de taal van het dagelijksch leven komt dit beginsel hierop neder. Ik mag mij op weg begeven, maar vooral niet weten waar ik dien weg bewandelende, zoo ongeveer uitkom. Vooral mag ik mij door niemand laten zeggen, althans laten voorschrijven, welke paden ik heb in te slaan, om tot mijn doel te geraken. Ik moet zelf oordeelen, al sta ik op dit terrein wildvreemd, of dit pad het ware, of die aanwijzing de juiste is."

"Mij dunkt, scherper kan ik het verschil niet teeken. Ik acht mij 'gebonden', Z.Hgl. is

'vrij'.

"Mag ik vragen: hoelang hij van deze vrijheid gebruik wensch te maken?

Hij heeft ons vergeleken bij mensen, die een erfenis ontvangen en in hunne erfportie enige effecten vinden. "Zouden zij niet verstandig doen", zoo vraagt hij, "eens na te gaan, of hieronder ook waardeloze papieren voorkomen?"

"Zeker", luidt ons antwoord. "Men kan in zulke zaken nooit te voorzichtig zijn."

**[76]** "De kwestie is maar: hoe lang zal dit onderzoek duren?

Toch niet levenslang!—Er is nog wel iets anders te doen. Zou ik niet mogen antwoorden: totdat het onderzoek is afgelopen, totdat de zaak grondig is onderzocht?" ....

"Indien Z.Hgl. bv. later een huis wil koopen, neemt hij aan dat hij zóó en zóó rijk is. Dat resultaat geldt, tenzij men hem beter onderricht, voor heel zijn volgend leven.

Maar hoe staat het met zijne kinderen? Moeten zij ook alles opnieuw onderzoeken, of mogen zij onderstellen, zoolang er geen aanleiding voor het tegenovergestelde is, dat vader zijn werk goed en accuraat heeft gedaan? Zoo niet: dan heb ik tegen de leer van het zelfstandig onderzoek in den door Prof. Doedes bedoelden zin een dubbel en wel een zielkundig en een opvoedkundig bezwaar."

"Een *zielkundig* bezwaar. Ik begrijp Paulus, als hij uitroeft: 'als tot verstandigen spreek ik, oordeelt gij wat ik zeg'. De Apostel is zóó overtuigd van de waarheid die hij verkondigt, dat hij geen twijfel koester of zij, tot wien hij sprak, zullen na onderzoek diezelfde overtuiging komen te delen. Maar ik begrijp Doedes niet (en ek kan byvoeg: Prof. Engelbrecht— J.V.C.), die, althans in theorie, zijn meerdere kennis en beter inzicht in den kring zijner discipelen niet laat gelden, maar de houding aanneemt van iemand, die naast hen en evenals zij onderzoekt, vergetende, dat hij hen bij dat onderzoek voorgaat, tot dat onderzoek inleidt, en hun de resultaten van dat onderzoek biedt.

Een *paedagogisch* bezwaar. 'De dwaasheid', zegt de spreukdichter, 'is in het hart van den jongen gebonden.' 'De wetenschap dat men eigenlijk niets weet', is meestal geen kapitaal, waarmede men den wetenschappelijken arbeid begint, maar de les door langdurige ervaring geleerd. Het was een verstandig woord van den spreker op een studentengezelschap, toen hij zeide: "Mijne Heeren! zelfs de jongste onder ons weet nog niet alles!"

Maar indien dit zoo is, zal de theorie van Prof. Doedes (en die van prof. Engelbrecht om nml. die heilige Skrif nie in die lig van die belydenisskrifte te verklaar nie — **[77]** J.V.C.) zeker geschikt zijn, jongelieden, die nog niet, althans nog niet over alles oordeelen kunnen, juist omdat zij nog zooveel leeren moeten, onuitstaanbaar pedant, om niet te zeggen critici en twijfelaars bij professie te maken. Hoe! men zal het opkomende geslacht leeren het samenstel van overtuigingen om te woelen, eer het nog is opgebouwd." (pp. 34-36.)

Verder in dieselfde rede sê Dr. Hoedemaker: "Het is volstrekt onmogelijk een enkelen stap op het terrein der uitlegging te doen, tenzij wij een en ander weten, dat voor ons *vaststaat*, als een resultaat waaraan onszelven gebonden hebben . . ." (p. 37.)

"Om tot het uitgesproken beginsel terug te keeren, het is onmogelijk te exegetiseeren, zonder het resultaat van mijne kennis en mijn geloof tot dien arbeid mede te brengen.

Ik lees in mijn bijbel een woord, door den Heer Jezus gesproken:

"Hemel en aarde zullen voorbijgaan, maar mijne woorden zullen geenszins voorbijgaan."

"Ik en de Vader zijn een."

"Uwe zonden zijn u vergeven."

"Mag ik aannemen, dat Jezus in metaphysischen zin Gods Zoon is geweest?

Zoo niet, wat wordt er van de exegese van deze plaatsen?

Het christologisch dogma moet vaststaan." (bls. 38.)

En verder op hierdie bladsy vind ons die baie pertinente uitspraak van Dr. Hoedemaker wat vir geen tweeërlei opvatting vatbaar is nie:

*"Er is geen enkel artikel in de belijdenis, dat niet als een licht is, waarbij ik het Woord moet lezen, een handwijzer, die mij in dat Woord den weg wijst, een instrument, waarvan ik mij heb te bedienen, om den verborgen zin van het Woord uit te vorschen en bloot te leggen."*

Dr. Ph. J. Hoedemaker wat deur Dr. Engelbrecht opgeroep word om Dr. A. Kuyper en die Neo-Calviniste se "dwaling" te veroordeel, staan skuldig aan presies [78] dieselfde dwaling! Hy ag homself ook maar gebonde aan die drie Formuliere van Enigheid wanneer hy gaan sit om eksegetiese arbeid te verrig! En hy pleit vir hierdie gebondenheid as 'n goeie saak! Hy ag dat hy sy Bybel ook maar moet verstaan in aansluiting aan die arbeid van die eeu, waarvan die suiwerse resultaat in die vorm van sy belydenis neergelê is! Hy is oortuig dat hy die Skrif ook maar moet verstaan soos die gesuiwerde kerk van alle eeuë dit verstaan het!

En nou wonder ek of Dr. Hoedemaker dan nie geweet het dat hierdie standpunt wat hy ingeneem het "zuiver Rooms" is nie? Hoekom het hy dan nie vir Ds. Goddefroy gevra — hulle was tog tydgenote — om hom op hoogte van sake te bring nie?

Nee, dit is nie aangenaam as 'n mens se getuies só maak nie! 'n Mens dagvaar iemand om in jou prosedeersaak getuienis te kom gee vir die vervolging, en hy laat jou in die steek en kom gee getuienis vir die verdediging!

Sal Prof. Engelbrecht nou maar ook vir Dr. Ph. J. Hoedemaker gaan skuiwe in dieselfde hoek van "suiwerse Roomsgesindheid" waarin hy so sielig die Neo-Calviniste neergesit het? Of sal hy in die vervolg 'n bietjie versigtiger wees met hierdie mooi karakterisering van Neo-Calvinisme en Gereformeerde Skolastiek en .met 'n bietjie meer kennis van sake praat voordat hy hierdie mooi etiket met kwistige hand aan ander mense gaan vasspelde?

## Hoofstuk 8

### Beweerde Independentisme

Prof. Dr. Engelbrecht beskuldig keer op keer die Neo-Calviniste van *Roomsgesindheid*. En hy grond hierdie beskuldiging, soos ons gesien het, op die standpunt van Dr. A. Kuyper en die "Neo-Calviniste" ten opsigte van die Belydenisskrifte van die kerk. Hulle sou dan Rooms [79] wees omdat hulle die Belydenisskrifte aanvaar as akkoord van kerklike gemeenskap; omdat hulle aanneem dat ons, gereformeerde belyders wat primêr gebind is aan die heilige Skrif as die hoogste gesag, ook sekundêr gebind is aan die Belydenisskrifte met hul afgeleide gesag — 'n verbintenis wat ons vrywillig aangegaan het.

Oor hierdie beskuldiging van Roomsgesindheid hoef ons egter onsself nie baie ongerus te maak nie. Veeleer behoort dit ons, "Neo-Calviniste", te versterk in ons oortuiging dat ons nie op 'n dwaalspoor verkeer nie, soos Prof. Engelbrecht wil te kenne gee, maar dat ons nog reg wandel in die ou-gereformeerde spoor van die 16e en 17e eeu met ons beskouings. Immers, hierdie beskuldiging van .Roomsgesindheid is maar 'n herhaling van een van die Arminiaanse of Remonstrantse stuitlikhede uit die einde van die 16e en die begin van die 17e eeu aan die adres van die Contra-Remonstrante of Gereformeerdes van daardie tyd. Omdat die Gereformeerde Kerke van Nederland aan die begin van die 17e eeu geweier het om aan die eise van die Arminiane te voldoen, om nml. die Nederl. Geloofsbelofte en die Katechismus aan sgn. "vaste revisie" te onderwerp en die afgevaardigdes na die komende sinode te ontslaan van hul verbintenis aan die belydenisskrifte, het die Arminiane gedurig die beskuldiging gemaak dat die Gereformeerdes dan *Rooms* sou wees. Dit sal nie moeilik val om dit met die geskiedkundige stukke aan te toon nie. In die geskrifte van die Arminiane self wat dagteken uit die tydperk van die Remonstrantse stryd voor die Dordtse sinode van 1618, 1619, vorm hierdie beskuldiging skering en inslag. En in die stukke van Contra-Remonstrantse kant uit daardie selfde tydperk word die beskuldiging genoegsaam met klemmende argumente weerlê. Dat Prof. Engelbrecht vandag, na drie-en-'n-halwe eeu, hierdie ou Arminiaanse stuitlikheid aan die adres van die "Neo-Calviniste" herhaal, hoef 'n kenner van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke nie baie te verontrus nie. Dis 'n ou afgestompte swaard uit diearsenaal van die ou Arminiane. Dit mis ook elke stempel van oorspronklikheid vandag.

[80] Nou kom ons tot die beskuldiging van Prof. Engelbrecht dat Dr. A. Kuyper en die Neo-Calviniste via Gisbertus Voetius hul kerkregtelike beskouings gedeeltelik sou oorgeneem het van die Engelse Independente van die sewentiende eeu. Prof. Engelbrecht sê: "Die kerkregtelike opvatting van hierdie Independente is nie alleen gedeeltelik deur Voetius oorgeneem nie, maar ook deur Dr. Kuyper soos hyself erken in sy "Confidentie" van 1873, en in sy in baie opsigte pragtige studie van 1874 oor "Het Calvinisme oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden". Hierdie beskuldiging van Prof. Engelbrecht, vir sover dit Gisbertus Voetius betref, word deur hom as gesaghebbende teoloog neergepen asof dit 'n algemeen-erkende waarheid is, waaraan geen dispuut moontlik is nie. Hy doen ook geen die minste moeite om met stukke en voorbeeld uit die werke van Gisbertus Voetius self hierdie beweerde oorname aan te toon nie.

Wat Dr. A. Kuyper in hierdie verband betref, het ek in 'n vorige hoofstuk reeds aangewys dat

- (a) daar in "Confidentie" geen stomme woord voorkom oor sodanige oorname van die kerkregtelike beskouings van die Engelse Independente van die sewentiende eeu nie, en het ek Dr. Engelbrecht uitgenooi om hierdie beweerde "erkenning" van Kuyper in Confidentie met kapittel en vers asseblief nader aan te du;
- (b) deur Dr. Kuyper in sy "Calvinisme oorsprong en waarborg onzer constitutionele vrijheden" wel die stryd van die Engelse Independente van die 17e eeu vir

kerklike en burgerlike *vryheid* gewaardeer word, maar dat ook in daardie werk 'n erkenning ontbreek dat hy sy kerkregtelike beskouings van die Independente oorgeneem het.

Met wat ek in hoofstuk 4 gesê het oor Dr. Kuyper in hierdie verband, kan ek ook hier volstaan. Eers nadat Dr. Engelbrecht aan die uitnodiging voldoen het om uit "Confidentie" en "Het Calvinisme oorsprong en waarborg" [81] onzer constitutionele vrijheden" met kapittel en vers die beweerde erkenning van Dr. Kuyper insake die oornname van independentiese kerkregtelike denkbeelde aan te wys, sal ek verder kan praat oor die beweerde independentiese inslag in die kerkregtelike beskouings van Dr. Kuyper.

Die crux van die hele kwessie is egter: of Dr. Gisbertus Voetius, soos Prof. Engelbrecht beweer sonder enige nadere bewys, gedeeltelik die kerkregtelike beskouings van die Engelse Independente van die 17e eeu oorgeneem het? Want ons ontken nie dat ons, "Neo-Calviniste," hom beskou as 'n uitstekende kenner van die gereformeerde of presbiteriale kerkreg en dat die vier dele van sy *Politica Ecclesiastica* groot invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg in die 19e en die 20e eeu, hoewel ons natuurlik nie Voetius in alles klakeloos napraat nie.

#### Wie was Gisbertus Voetius?

Hierdie man is gebore in Maart 1589 in Heusden, Nederland, en is in Utrecht oorlede op 1 November 1676 in die ouderdom van 87 jaar. In September 1611 — op 22-jarige leeftyd — het hy predikant geword op Vlymen en in 1617 op sy geboortedorp, Heusden. Hy was lid van die groot Dordtse sinode, 1618, 1619, as afgevaardigde van die Suid-Hollandse kerke. In 1634 is hy aan die Illustre Skool van Utrecht benoem as professor in teologie en in oosterse tale. Toe hierdie skool in 1636 uitgegroeи het tot 'n universiteit, was dit Voetius wat dit ingewy het met 'n rede oor Luk. 2:46. Hy was 42 jaar lank professor tot op sy dood. Baie geskrifte het van sy hand verskyn — die meeste in Latyn. Sy drie standaardwerke is: *Exercitia et bibliotheca studiosi theologiae* (1644); dan: *Disputationes theologiae selectae*, bevattende 358 verhandelinge, in vyf kwarto-dele; en eindelik sy *Politica Ecclesiastica* (1663-1676) in vier kwarto-dele. In hierdie laaste werk is sy kerkregtelike denkbeelde vernaamlik ontwikkel.

En nou beweer Dr. Engelbrecht dat Voetius sy kerkregtelike denkbeelde gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu. En op hierdie [82] manier word gepoog om die invloed van die groot Gereformeerde Canonicus te breek.

Dit is nie moeilik om hierdie beskuldiging aan die adres van Dr. Gisb. Voetius te weerlê nie.

1. Voetius is oorlede in 1676. Die beskuldiging dat hy in sy kerkregtelike beginsels onregsinnig is en dat hy afgewyk het van die gereformeerde spoor, is meer as 200 jaar later pas vir die eerste keer teen hom ingebring. Dit het gebeur tydens die Doleansie in Nederland in die tagtiger jare van die vorige eeu. Voor hierdie tyd sal 'n mens in die geskiedenis van die gereformeerde teologie, sover ons weet, tevergeefs soek na sodanige beskuldiging aan die adres van die groot gereformeerde Canonicus. Dr. G. J. Vos en Dr. H. G. Kleyn was die eerste manne wat die gesag van Voetius in kerkregtelike aangeleenthede verwerp het, op grond van beweerde independentiese afwyking en onregsinnigheid. Dit is, om die minste daarvan te sê, 'n opmerklike verskynsel.

2. Indien die beskuldiging dat Voetius onregsinnig is en in sy kerkregtelike beginsels gedwaal het, in die 19e en die 20e eeu gegrond en ter sake is, dan moes hy reeds in die 17e eeu ongetwyfeld onregsinnig gewees het. Anders kan 'n mens vandag wel die vraag opwerp of sy beskuldigers van die 19e en 20e eeu hom wel reg verstaan het. Sy werke is vandag baie skaars en moeilik verkrygbaar. Bowendien is sy standaardwerke in Latyn geskrywe en dus nie vir elkeen toeganklik nie. Van sy *Politica Ecclesiastica* (4 dele) is daar, sover ek weet, in Suid-Afrika slegs drie stelle voorhande. Ook in Nederland was dit voor hierdie oorlog al baie skaars en slegs af en toe antikwaries verkrygbaar. As iemand dus op 'n sekere punt van Voetius se gevole vandag 'n verkeerde interpretasie sou gee,

is daar maar min mense wat met eerstehandse kennis sodanige interpretasie kan kontroleer. En as iemand hom vandag van een of ander dwaling en onregsinnigheid beskuldig, dan is daar maar min mense wat in staat is om aan die hand van die werke van Voetius self na te gaan of sodanige beskuldigings al of nie iets om die [83] lyf het. Die oorgrote meerderheid — ook van teologies-geskooldes — verkeer in die posisie dat hulle, as hulle oor Voetius praat, slegs moet napraat wat enkele Voetius-kenners (of -nie-kenners) hulle voorgepraat het.'

Indien Dr. Engelbrecht sou geskrywe het: "Dr. H. G. Kleyn het beweer dat Gisb. Voetius sy kerkregtelike denkbeelde gedeeltelik aan die Engelse Independente van die 17e eeu ontleen het," dan sou ons hom self verder in hierdie verband geen moeite aangedoen het nie, want dan was dit net nodig om die bewering van sy autoriteit te toets aan die uitsprake van Voetius self en die gronde van Dr. Kleyn vir sy beskuldiging uit Voetius se werk self te ontsenu. Maar nou het Dr. Engelbrecht ewe dogmaties geskrywe dat Voetius die kerkregtelike denkbeelde van die Engelse Independente van die 17e eeu gedeeltelik oorgeneem het, waaruit ons die konklusie moet trek dat Dr. Engelbrecht dit self weet en in staat is om die onweerlegbare bewyse hiervan uit die werke van Voetius self te lewer. *Daarom wil ek Prof. Engelbrecht nou vriendelik uitnooi om uit die Politica Ecclesiastica van Voetius met kapittel en teks die bewyse te lewer van hierdie beweerde oorname.* Dan sal ek sy bewyse vir sy stelling kontroleer en dan kan ons verder daaroor praat. Voordat dit nie gebeur het nie, het dit uiteraard geen sin om hieroor te praat nie.

Sou die geagte professor my egter wil verwys na die twee werke van Dr. H. G. Kleyn: "Feiten of Verzinsels" (1886) en "Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente" (1888), dan sou ek hom op my beurt weer kan verwys na afdoende weerlegging van die bewerings van Dr. Kleyn virsover dit Voetius betref. <sup>18</sup> [84]

3. 'n Opmerklike feit is die volgende: van die tydgenote van Voetius het nie een ooit by hom iets opgemerk van die onregsinnigheid en afdwaling wat Prof. Engelbrecht nou by hom ontdek het nie. En onder hulle was manne wat seker wel geweet het wat gereformeerd is en wat nie.

(a) In 1639 (Voetius was toe al professor in Utrecht) het daar in Friesland 'n geskil ontstaan wat die kerklike lewe in Nederland 'n paar jaar lank beroer het. In daardie jaar het die sinode van Dokkum 'n sekere predikant, Poppius Boorsma, oor sy slegte lewenswandel uit die bediening afgesit. Boorsma het toe 'n saak teen die sinode gemaak by die gereghof van Friesland wat die deputate van die sinode gedagvaar het as verdedigers in die saak. Die genoemde deputate het by die hof 'n eksepsie ingehandig waarin hulle betoog het dat die wêreldle hof onbevoegd was om kennis te neem van en vonnis te vel in 'n saak van kerklike tug, omdat dit 'n suwer kerklike aangeleentheid was. Boorsma het toe steun gesoek by twee hoogleraars in Franeker, nml. Maccovius en Vedelius. Veral laasgenoemde het aan die afgesette predikant sy steun gegee. Hiermee het opnuut in Nederland die stryd ontbrand oor die Erastianisme — die kerkregtelike stelsel wat die eie tug- en bestuursmag van die kerk ontken het en die pleit gevoer het vir die stelling dat die owerheid — soos in Zürich — in naam van die gemeente die tug- en bestuursmag sou uitoefen. In 1642 het Dr. Nicolaas Vedelius toe 'n geskrif gepubliseer: De Episcopatu Constantini Magni. Dit was 'n verhandeling oor die mag van gereformeerde magistrate (owerhede) omtrent kerklike sake. Hierdie werk het 'n sterk Erastiaanse kleur gedra. <sup>[85]</sup>

<sup>18</sup> Alle gereformeerde skrywers oor kerkreg wat na Dr. Kleyn die vraagstuk van sy beweerde Independentisme ondersoek het uit sy werke self, het Voetius in die gelyk gestel. Skrywers wat vandag nog volhou dat Voetius sterk deur die Independentisme beïnvloed was, soos o.a. G. van der Zee in sy "Vaderlandsche Kerkgeschiedenis", Deel III, doen dit sonder enige bewysvoering, op gesag van Dr. Kleyn en Ds. G. J. Vos, A.zn. Van die resultate van die spesiale studies hieroor van Dr. G. Nauta, Dr. A. C. Duker en Dr. H. A. van Andel het 'n skrywer soos G. van der Zee blybaar nie ernstig kennis geneem nie toe hy nog die legende van Voetius se Independentisme staande gehou het op gesag van Ds. Vos. Hierdie legende is voldoende weerlê deur Dr. G. Nauta in sy twee werke: De Nederlandsche Gereformeerden en het Independentisme en sy Samuel Maresius, asook deur Dr. A. C. Duker in sy werk: Gisbertus Voetius en deur Dr. H. A. van Andel: De zendingsleer van Gisbertus Voetius.

Dr. Vedelius het vir homself vroeër 'n baie goeie naam verwerf in die Gereformeerde Kerke van Nederland deur sy felle bestryding van die leringe van die Remonstrante. Tot op daardie tyd het hy onder die Contra-Remonstrante 'n onverdagte naam gehad. Dit alles het egter nie belet dat manne soos Revius, Apollonius van Middelburg en Jacobus Trigland teen hom in die strydperk getree het en hom gedug aangeval het toe sy afwykinge van die gereformeerde spoor in die stuk van die kerkreg openbaar geword het.

*En is dit nou denkbaar dat hierdie manne sou geswyg het as die primarius professor van Utrecht, Dr. Gisb. Voetius, in sy kerkregtelike beskouinge onregsinnig was en die gereformeerde spoor byster? Net so min as wat hulle Vedelius gespaar het, sou hulle Voetius ontsien het as hulle in sy kerkregtelike beskouings maar iets van die onregsinnigheid van die Engelse Independente agtergekom het.*

(b) Wat meer sê: Dr. Samuel Maresius van Groningen en Dr. Gisbertus Voetius van Utrecht was 27 jaar lank nie met mekaar op goeie voet nie. Hierdie moeilikheid tussen hulle het in 1642 ontstaan, na aanleiding van die broederskap van Onze-Lieve-Vrouwe te 's Hertogenbosch. Sowel Roomse as on-Roomse mense was lid van hierdie broederskap. Voetius het sy sterk afkeuring daaroor te kenne gegee. Hieroor het Maresius van Groningen 'n Defensio geskrywe. Dit het Voetius daartoe gebring om In 1643 'n traktaat uit te gee onder die titel: Confraternitas Mariana. Die saak is daarna wel gesus, maar hierdie stryd tussen hierdie twee eminente manne was oorsaak van 'n verwydering en vyandskap wat 27 jaar lank geduur het, tot teen die end van 1669.

Watter soort man was Maresius — eers 'n tydlank predikant en sinds 1643 professor in Groningen? Professor Knappert sê van hom: "Het ambt heeft hij tot zijn dood bekleed, al die jaren de heftigste twisten ultlokkend, ieder aanvallend die maar even van hem verschilde." En Tholuck het hom genoem: "der polemische Peuerbrand."

Welnu, in die jaar 1648 het Maresius 'n boek uitgegee; [86] "Decisio Academica." In hierdie boek bestry hy in sy heel eerste verhandeling die dwalinge van die Independente op die stuk van die kerkreg.

*En as Voetius nou besmet was met die onregsinnigheid en dwalinge van die Independente, sou Maresius, "der polemische Feuerbrand" wat nog boonop Voetius vyandig gesind was, nooit die kostelike geleentheid laat verbygaan het om die Utrechtse professor hieroor te lyf te gaan nie. Dat dit nie gebeur het nie, is bewys genoeg dat Samuel Maresius nie die stelling van Prof. Engelbrecht onderskrywe het nie, nml. dat Voetius sy kerkregtelike denkbeelde gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu.*

(c) In 1641 het Voetius 'n traktaat geskrywe: De Unione Ecclesiarum. Hierdie traktaat is later saam met ander opgeneem in sy versamelwerk: Politica Ecclesiastica, vierde band. Daarin vorm dit nou hoofstukke 2 tot 5 van die eerste boek, die derde traktaat: De Synedriis (oor die samekomste). In hierdie traktaat het Voetius gehandel oor die kerkverband (die unio ecclesiarum) en oor die werk en die mag van die kerklike vergaderinge, ens. Indien ergens, dan moes huis in hierdie verhandeling aan die lig gekom het dat Voetius afwyk van die gereformeerde belydenis en dat hy besmet was met die onregsinnighede van die Independente. Tog het niemand van Voetius se tydgenote iets van sodanige onregsinnigheid daarin bespeur nie en was niemand van hulle so skerpsinnig soos Prof. Engelbrecht nie wat die ontdekking gedoen het dat Voetius sy kerkregtelike denkbeelde gedeeltelik van die Independente oorgeneem het.

Destyds was professore aan die teologiese fakulteit in Leiden: Friedrich Spanheim, Snr., Johannes Polyander, Andreas Rivetus en Jacobus Trigland. In die jaar 1645 het Spanheim Snr. 'n Epistola ad Davidem Buchananum geskrywe. In hierdie brief aan Buchanan behandel hy die geskille en twiste wat toe huis die kerke in Engeland beroer het. Dit was huis die Independentiese stryd. Buchanan het die oordeel van die Leidse teologiese fakulteit [87] oor hierdie betwiste punte gevra. In sy antwoord, namens die fakulteit, behandel Spanheim ook die vraag: of 'n kombinasie van meerderke kerke

(gemeentes) onder die bestuur van klassisse en sinodes goedgekeur moet word, dan wel of elke afsonderlike kerk onafhanklike mags-bevoegdheid moet hê? *In sy antwoord verwys Spanheim ook na die traktaat van Voetius: De Unione Ecclesiarum (1641) en deel hy mee dat hy himself in hoofsaak daarmee verenig.* Hierdie antwoord aan Buchanan is die offisiële antwoord van die theologiese fakulteit van Leiden. Dis wel deur Spanheim opgestel, maar dit is mede-onderteken deur Polyander, Rivetus en Trigland. Hieruit is wel ten overvloede duidelik dat die Leidse professore wat Voetius se tydgenote was, geen spore van independentiese onregsinnighede by hom opgemerk het nie. En indien die stelling van Prof. Engelbrecht waar is dat Voetius sy kerkregtelike beskouings gedeeltelik oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu, dan geld dit ongetwyfeld ook van Spanheim, Polyander, Rivetus en Trigland. Want die feit dat hulle nie hierdie dwalinge en onregsinnighede by Voetius kon raaksien nie, kan dan maar net op een manier verklaar word, nml. dat hulle die gereformeerde spoor nie minder byster was as hy nie!! Hiermee, meen ek, het ek genoegsaam die bewering van Prof. Engelbrecht weerlê dat Voetius sy kerkregtelike beskouings gedeeltelik sou oorgeneem het van die Engelse Independente van die 17e eeu. En ek glo nie dat dit nodig is om op hierdie stadium van die kwessie nog verder woorde hieroor te verspil nie. Indien Prof. Engelbrecht oor hierdie punt verder wil disputeer en nie die stryd wil gewonne gee nie, bly ek afwag dat hy my uitnodiging sal aanneem wat ek hierbo tot hom gerig het en dat hy met kapittel en teks uit die "Politica Ecclesiastica" sal aanwys die onregsinnige beskouinge wat Voetius dan vanuit dáardie verdagte hoek oorgeneem het. Wanneer hy dit gedoen het, sal ek hom met hierdie werk van Voetius verder te woord staan.

## [88] Hoofstuk 9

### SLOT

Oor die orige bewerings van Prof. Engelbrecht (kyk onder Hoofstuk 2 die opsomming van bewerings onder syfers 8–11) kan ons kort wees.

Dr. E. beweer dat Dr. Kuyper en die Neo-Calviniste in Holland "tereg" bestry is in hul opvatting van die verhouding tussen Skrif en belydenis deur Pr. H. G. Kleyn, Dr. Hoedemaker, Dr. Gunning en Dr. A. W. Bronsveld en ook "deur onse Prof. P. J. Muller"; asook dat die kwessie van die handhawing van die belydenis as "akkoord van kerklike gemeenskap" een van die prinsipiële geskilpunte was tussen Dr. A. Kuyper en Dr. Ph. J. Hoedemaker.

Oor die kerklike stryd self in Nederland van die vorige eeu wil ons hier nie handel nie. Die saak is dan ook só breed en omvattend, dat ons onmoontlik hier daarop kan ingaan. Bowendien, die kerkstryd is in die vorige eeu in Nederland uitgestry, en ons het geen die minste lus om 'n reeds afgelope stryd van meer as 'n halfeeu gelede na Suid-Afrika oor te plant nie.

Ons wil net op die "tereg" van Prof. Engelbrecht terugkom.

Wat Dr. A. W. Bronsveld betref, die stryd tussen hom en Dr. Kuyper het gegaan oor die reg tot stigting van 'n Vrye Universiteit. Dr. Bronsveld was 'n voorstander van die aanstelling van privaat-dosente aan die Ryks-universiteite naas die professore aan die teologiese fakulteite, om sodoende die modernistiese beskouings in hierdie fakulteite teë te werk en te neutraliseer. Die persoonlike skeiding tussen hom en Dr. Kuyper — vroeër was die verstandhouding tussen hierdie twee manne uitstekend — het in 1880 gekom, as gevolg van die voorbereidende maatreëls vir die oprigting van 'n vrye universiteit. Dr. Bronsveld het aan die Vereniging vir Hoër Onderwys op Gereformeerde grondslag die reg tot universiteitstigting betwis. In sy polemiek met Dr. [89] Bronsveld het Dr. Kuyper daardie reg só skitterend en oortuigend gehandhaaf dat Dr. Bronsveld verpletter was en nie In staat om die bewyse aan Dr. Kuyper vir hierdie reg te weerlê of te ontsenu nie. Hierna was 'n persoonlike en vriendskaplike verkeer met Dr. Kuyper vir hom nie meer moontlik nie.

Wat Dr. J. H. Gunning, jr., aanbetrek, wil ons net verwys na twee van sy werke. Die eerste is uit die jaar 1887 — ná die Doleansie — en heet: *Onze schuld tegenover de Gereformeerden*. In hierdie werk het hierdie nobele figuur reeds gepoog om liefderyk in te dring in die besware van die mense van die Doleansie. Dit is 'n selfbeskuldiging, sonder oordrywing, en daarom aangrypend en bindend. Die tweede werk van Dr. Gunning waarna ons verwys, is uit die jaar 1900, toe hy reeds meer as 70 jaar oud was. Toe het van sy hand verskyn: *De opbouw der Kerk op haren grondslag*. In hierdie werk het Dr. Gunning eerlik en ruiterlik bely dat hy die Doleansie van 1886 onbillik beoordeel en bestry het. Daarin het hy erken dat die Hervormde Kerk van Nederland geen ernstige oorweging geskenk het aan die beskuldiging van die Gereformeerdes dat die Hervormde Kerk *as kerk* die Naam van Christus nie meer bely nie — 'n beskuldiging waarmee erns moes gemaak gewees het. Dat die Hervormde Kerk dit nie gedoen het nie, is volgens Dr. Gunning sy sware skuld voor God, waarvoor hy homself saam mede-verantwoordelik voel. En Dr. Gunning erken in hierdie werk dat die Gereformeerde Kerke bokant die Hervormde Kerk die groot voordeel had van die belydenis van die Naam van die drieënige God.

Ek dink dat Dr. Gunning se erkenning dat hy die Doleansie van 1886 onbillik beoordeel en bestry het, van meer gewig en betekenis is as Prof. E. se bewering dat Dr. Gunning dit "tereg" bestry het. Dr. Gunning het self die stryd deurgemaak en daarvan deelgeneem. Hy was 'n nobele mens. En ek dink dat hy daar beter oor kon oordeel as Prof. Engelbrecht.

Wat Dr. Hoedemaker betrek, hoewel hy voorstander was van reformasie van die kerk,

het hy steeds nagelaat om [90] te verduidelik hoe hulle in Nederland moes kom tot ontwarring van die kerklike knoop. As prinsipeel Gereformeerde man het hy altyd helder laat uitkom dat, by die reformasie van die kerk, die verbond van God ons beginsel, die gemeente van God ons doel, die Woord van God ons reël en die instelling van God in die kerklike amp en regering ons weg en middel moet wees. Maar hy het ongelukkig steeds in gebreke gebly om 'n duidelike antwoord te gee op die vraag na die toepassing van sy beginsels in die kerklike praktyk. Hy was 'n groot geleerde wat op sy studeerkamer baie prinsipiële verhandelinge kon skrywe oor die kerklike vraagstukke, maar self aan geen aksie deelgeneem het om die vraagstukke op te los nie. Toe hy hoogleraar aan die Vrye Universiteit was, het hy sy bes gedoen om hom soveel moontlik buitekant die kerklike stryd te hou. Hy wou geen kerkraadslid word of in enige kerklike kommissie sitting neem nie. Hy het selfs in Breukelen gaan woon om tog maar alle aandrang tot handelende optrede te kan ontwyk. Hy het die Doleansie wel fel bestry, maar het nooit aangewys hoe die Gereformeerde beginsels wat hy bely het, in die praktyk moes toegepas word om die moeilike kerklike vraagstukke van daardie tyd op te los nie.

En wat Dr. H. G. Kleyn betref, wil ons die volgende aanhaal wat Dr. H. Bavinck oor hom geskrywe het in Tijdschrift voor Gereformeerde Theologie, jaargang VI, 1899:

"In belijdenis had hij wel veel sympathie voor de Gereformeerden, maar hij was over het algemeen te verstandelijk aangelegd, van te nuchteren zin en van een te critische natuur, om onverdeelde instemming met eenig persoon of met enige richting te betuigen. Handelen was zijn kracht niet; hij was geen man van wil en van daad. Daarom zou hij selfs in 1886 waarschijnlik nog niet tegen de Gereformeerde beweging zijn opgetreden, indien hij niet van andere zijde krachtig daartoe opgewekt en aangespoord ware. Dat wil in het minst niet zeggen dat hij in zijne beide geschriften: *Feiten of verzinsels?* (1886) en: *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente* (1888) tegen [91] zijn overtuiging schreef of door een partij tegen de "Doleerenden" zich gebruiken liet. Integendeel, hij had zelf een andere opvatting van Gereformeerde kerk en Gereformeerde kerkrecht, dan in de Doleantie toegepast werd. Zelfs was het optreden tegen de Doleantie hem welkom, inzoover hij elken hand met hare leiders openlijk verbreken kon. Maar toch is het bij Dr. Kleyn ook tot dit "handelen" niet gekomen, dan door aansporing van buiten. Des te meer werd zijn optreden gewaardeerd door allen, die de Doleantie tegenstonden. Van alle kanten werd hij geluk gewenscht. Zijn naam werd in alle kringen bekend. Dr. Kleyn dankte zijn bekendheid en zijn benoeming tot hoogleraar dan ook aan zijn strijdvoeren tegen een der hoofdrichtingen der orthodoxie. Dat neemt niet weg dat deze benoeming van de zijde der Gereformeerden buiten de Nederlandsch Hervormde Kerk met blijdschap vernomen werd. Indien God hem gezondheid en leven geschonken had, zou er "van zijn besliste overtuiging en van zijne degelijke kennis een uitnemende invloed hebben kunnen uitgaan; nog is zijn korte arbeid als hoogleraar voor vele studenten ten zegen geweest. Ook het korte overzicht van de Nederlandsch Hervormde kerk in de negentiende eeuw, dat hij in 1891 in een Duitsch tijdschrift plaatste, bevat bewijzen te over voor zijn Gereformeerde overtuiging, zijn degelijke kennis, zijn scherpen blik en zijn critisch verstand. Hij zegt daarin dingen die ook van onze zijde op instemming aanspraak hebben. Als hij de verhouding in het licht stelt, die er in de Gereformeerde Kerk hier te lande bestond tusschen "plaatselijke gemeente" en "algemene kerk"; als hij aantoont, dat de goederen naar het vigerend recht niet kunnen toebehooren aan hen, die de gemeenschap verbreken, als hij de verkeerde meeningen hierover independentistisch noemt, als hij de caesaro-papistische kerkregeering van 1816 veeleer een gevolg dan een oorzaak acht van de abnormale toestanden in de Nederlandsch "Hervormde kerk enz., dan zijn dit altemaal waarheden, die niet geloochend kunnen worden. En Wij hebben den vriend dankbaar te zijn die ons onze feilen toont. Maar [92] er staat één ding tegenover: iemand, die thuis blijft zitten, kan heel gemakkelijk aanmerking maken op wie de handen uit de mouw steekt en zee kiest. De beste stuurlui staan aan wal, en wie aan den weg timmert, wordt beoordeeld. De Reformatie der 16e eeuw heeft vele grote fouten begaan, maar Luther heeft dan toch van het juk der Roomsche kerk ons bevrijd. Niemand wenscht, denk ik, een regeering in

kerk en staat, als die door Calvijn in Geneve ingevoerd werd; maar Calvijn is dan toch de redder van het Gereformeerde Protestantisme geweest. De mannen van 1834 en 1886 hebben zich in vele opzichten vergist, maar zij hebben dan toch een groot deel van ons Gereformeerde volk uit de "abnormale toestanden" der Nederlandsch Hervormde kerk verlost en voor verkwijning en versterving behoed. Nu beweert Dr. Kleyn wel dat de bevrijding der kerk Gods zaak is, en dat de toestand, waarin de Nederlandsch Hervormde kerk zich bevindt, als een oordeel Gods gedragen moet worden, blz. 33, 34. Doch dat is niet Gereformeerde, maar antinomiaansch. Indien Luther en Calvijn zoo hadden geredeneerd, indien de Presbyterianen in Engeland en Schotland naar dien regel hadden gehandeld, was er nooit een Reformatie tot stand gekomen. Het is een door en door ongezonde redeneering, dat stilzitten meer dan handelen Gods werk is, dat passieve tegenstand meer met zijn wil overeenkomt dan actieve, dat actief optreden revolutie is. Revolutie en revolutie zijn twee. De Reformatie der 16e eeuw was een geestelijke revolutie; zij begon met *daden*, met het aanplakken der 95 stellingen, met het verbranden van den bul, met het afschaffen der mis, enz. Er is een "glorious Revolution," die door geen Gereformeerde veroordeeld wordt. Mislukt is dan ook de poging van Prof. Kleyn, om de Theologie en het kerkrecht van Dr. Kuyper c.s. uit een onnederlandse en ongerefommeerde gedachte af te leiden en daarin dan ook de doleantie te veroordeelen. Het is hem zelf niet duidelijk geworden, waarin dat ongerefommeerde en onnederlandse dan schuilt en waaruit het te verklaren is. Hij spreekt beurtelings van Engelschen invloed, van [93] een volgen van Voetius en Comrie, van een formeel Calvinisme, van een Roomsche en Anglicaansche kerkidee enz. Ik geloof niet dat het iemand gelukken zal, om te weten te komen wat Prof. Kleyn nu eigenlijk bedoelde, of ook om zelf te zeggen, wat de principieele, ongerefommeerde fout in Theologie en kerkrecht der Gereformeerden buiten de Nederlandsch Hervormde kerk is."

Wat Prof. Engelbrecht so heeltemal dogmatises beweer aangaande wyle Prof. D. Postma en die ou Kamperse standpunt in verband met die verhouding van Skrif en belydenis en die groter of kleiner afstand tussen die ou Gereformeerdes van Kampen en die Hervormde kerk, gaan ons maar liefs hier verby. Vir sy bewering word geen die minste bewyse aangehaal nie. En ek wil nie ou onaangenaamhede oprakel nie, anders kon ek hom wel verwys na 'n brief van wyle Prof. D. Postma aan die Aktuaris van die Kaapse Ned. Geref. Kerk waarin daar 'n sin voorkom oor "vleien .... en miskenning . . ." wat die Herv. Kerk van Afrika die ou kerkvader nog nooit kon vergewe nie, hoewel daardie uitdrukking nie op die Herv. Kerk van Afrika betrekking gehad het nie, maar op die Nederlandse Herv. kerk.

En eindelik nog moet, volgens Prof. E. die nadruk val, nie op die *leer* nie, maar op die *lewe*. Die kerk, en *met name* die Herv. Kerk, mag en moet nie *belydeniskerk*, maar wel *belydende kerk* wees. En die fout van die Gereformeerdes sou dan wees dat hulle op die leer en die belydenis die nadruk lê, terwyl die regsinrigting van die Herv. Kerk dan sou wees dat hy op die lewe en die belydenisdaad die nadruk laat val.

-Hier het ons weer met 'n onware voorstelling van die Gereformeerdes of Neo-Calviniste te doen. Want dit is onwaar dat die Gereformeerdes die leer benadruk ten koste van die lewe en die Belydenis ten koste van die belyde. Die Gereformeerdes besef baie goed dat ons altwee hierdie terme moet handhaaf, die leer sowel as die lewe en dat ons belydeniskerk sowel as belydende kerk moet wees. Die Gereformeerdes besef dat wie een van hierdie [94] twee terme verwaarloos, noodwendig eensydig moet word. Want net so eensydig en verkeerd as wat dit is om die leer te benadruk en die lewe te verwaarloos, net so eensydig is dit ook om alle nadruk op die lewe te laat val en die leer te verwaarloos en agteruit te stel. En net so verkeerd as wat dit is om alle nadruk op die belydenis (objektief) te laat val en die belydenis (subjektief) as daad van die gemeente te verwaarloos, net so verkeerd en eensydig is dit om die objektiewe belydenis van die gemeente, waarin die leer van die heilige Skrif gerepeteer is, te verwaarloos en alle nadruk te laat val op die belydenis (subjektief) as daad van die gemeente. En die Gereformeerdes stem ook nie saam met Professor Engelbrecht dat die kerk nie belydeniskerk moet wees nie, maar alleen belydende kerk. En as die geagte professor

hiermee die Ned. Herv. Kerk van Afrika reg vertolk, dan verval hierdie kerk tot ons innige spyt in 'n ernstige fout en ontwikkel hy eensydig. Hy moet sowel op sy belydenis as op sy belydende karakter gelyklik nadruk laat val.

Want net soos die geloof sonder die werke dood is, so is ook die werke sonder die geloof maar net werkheiligeid. En net soos aksentuering van die leer alleen, sonder die lewe, ontaard tot dooie ortodoksie, net so lei aksentuering van die lewe alleen sonder die leer, tot lewensverwilderding. Die wêreld van ons tyd laat ons vandag soos in 'n spieël sien wat daar van die lewe word wanneer die kennis van God en Goddelike sake verwaarloos word. Maak mense los van die regte leer aangaande God en sy wil, en die lewe word prysgegee aan die verderf van die vlees.

Die Gereformeerdes is nugter genoeg om nadruk te lê op altwee terme van die probleem en om te erken dat verwaarlosing van die een ten koste van die ander ons skuldig maak voor Gods aangesig. Ek glo dat ook ons Hervormde broeders nugter genoeg is om te besef dat alle eensydigheid skadelik is en dat hulle nie met Prof. Engelbrecht saamstem dat die nadruk op die lewe moet val en nie op die leer nie; op die belydende karakter van die kerk alleen en nie ook op die inhoud van sy belydenis nie. Ons, Gereformeerdes, wil met Gods genade in ons **[95]** land bou aan 'n kerk wat belydeniskerk en belydende kerk is. Ons glo dat ook hiervan die Skrifwoord geld: wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. En as ons broeders en susters van die Herv. Kerk van Afrika ook so 'n kerk wil, dan sal dit wel gesien word dat die "groot afstand" tussen ons in werklikheid heelwat kleiner is as wat dit geskilder word deur mense wat Neo-Calvinisme op die brein het.

Des. 1943.